UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 'N HISTORIES-KRITIESE BESKOUING VAN DIE LEERPLANNE VIR LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE AAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSKOLLEGES 1900 TOT 1980

deur

FRANCOIS CONRADT CROUKAMP

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

M A (LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE)

In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PRETORIA

Oktober 1984

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 'N HISTORIES-KRITIESE BESKOUING VAN DIE LEERPLANNE VIR LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE AAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSKOLLEGES 1900 TOT 1980

deur

FRANCOIS CONRADT CROUKAMP

LEIER : DR N J DE BRUYN

DEPARTEMENT LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE

M A (LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE)

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Opgedra aan Tisch, Francois en Chinelle

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# VOORWOORD

Die skrywer wil met die suksesvolle voltooiing van hierdie studie, 'n woord van dank en waardering teenoor die volgende persone uitspreek vir hul hulp, raad en bystand wat hierdie studie moontlik gemaak het:

Dr N J de Bruyn wat as promotor opgetree het en my met raad en hulp gelei het tot die voltooiing van die studie.

Mev Marelie Harmse vir die noukeurige taalkundige versorging.

Mnr Johan Harmse vir tydige en ontydige hulp en raad.

Mev C de Bruyn vir die hoë gehalte tikwerk.

My ouers, wat altyd in my geglo het.

My vrou, vir haar hulp, bystand en gedurige aanmoediging.

Aan my Skepper wat my die talente geskenk het om hierdie studie te voltooi.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SAMEVATTING

Die voortdurende veranderinge en vooruitgang wat in die leefwêreld van die kind aan die primêre skool waargeneem word, stel gedurig nuwe eise aan die kind en die onderwyser. Daadwerklike en verantwoordbare optrede sal verseker dat die onderwysinhoud relevant en geskik gehou sal word om doeltreffende opvoeding te verseker. Die veranderde behoeftes van die leerlinge aan die primêre skool het meegebring dat leerplanne aan tersiêre opleidingsinrigtings ook moes verander. Net soos alle ander vakgebiede het ook die Liggaamlike Opvoedkunde voortdurende verandering en vernuwing ondergaan. Die feit dat inligting oor die ontwikkelingsgeskiedenis van die vak Liggaamlike Opvoedkunde aan onderwyskolleges in Transvaal nie geredelik beskikbaar is nie, was die stukrag van die navorsing in hierdie verband.

Onderwyspraktyk, en in hierdie geval die ligaamsopvoedkundige praktyk, kan alleenlik verbeter indien leerplaninhoude voortdurend ge-evalueer en aangepas word. Daar bestaan 'n behoefte om te bepaal of leerplanne aan die onderwyskolleges tred gehou het met die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde. 'n Historiese oorsig sal aandui of die opleiding wat aan die onderwysstudent verskaf is, hom voorberei het - en tans nog voorberei - vir die taak wat aan hom gestel word as liggaamlike opvoeder in die skool.

'n Kort oorsig oor die ontwikkeling van departemente van Liggaamlike Opvoedkunde aan onderwyskolleges bied 'n goeie beeld oor die bydraes van persone en instansies ten opsigte van leerplanontwikkeling.

Liggaamlike Opvoedkunde is nie slegs deur persone met onderwyservaring aangebied nie. Die Suid-Afrikaanse Polisie en

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die Weermag het ook 'n rol gespeel in die opleiding van leerkragte vir liggaamlike opvoeding.

Verskeie Onderwyskommissies het ondersoek ingestel na die stand van liggaamlike opvoeding op die skole. Die belangrikste hiervan was die Kommissie onder leiding van W J Nicol in 1937. As gevolg van hierdie Kommissie se aanbevelings is dosente in Liggaamlike Opvoedkunde op permanente basis aan die onderwyskolleges aangestel. Dit met meegebring dat Liggaamlike Opvoedkunde meer tot sy reg gekom het. Die werk van die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding het ook 'n groot bydrae gelewer tot die standardisering van opleiding in Liggaamlike Opvoedkunde aan die onderwyskolleges.

Nouer skakeling tussen universiteite en onderwyskolleges het 'n nuwe didakties-pedagogiese benadering teweeg gebring. In die ondersoek is daar gepoog om aan te dui waar daar tekortkominge in die huidige leerplanne bestaan.
Tans geniet die vak liggaamlike opvoeding aan die primêre skool nie die respek of die aandag waarop dit aanspraak behoort te maak nie. Hierdie situasie kan direk terug herlei word na die opleiding van liggaamsopvoeders aan die tersiêre inrigtings.

Gevolgtrekkings en aanbevelings wat in hoofstuk vier aangetref word, kan 'n bydrae lewer tot 'n beter fundering van leerplaninhoude aan die onderwyskolleges. Dit sal 'n nuwe benadering tot liggaamlike opvoeding aan die primêre skool teweegbring en die inskakeling van die liggaamspedagogiese praktyk in die breëre opvoedingsplan verseker.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# AN HISTORICO-CRITICAL VIEW OF THE SYLLABI FOR PHYSICAL EDUCATION AT TRANSVAAL COLLEGES OF EDUCATION FROM 1900 TO 1980

by

FRANCOIS CONRADT CROUKAMP

SUPERVISOR : DR N J DE BRUYN

DEPARTMENT OF PHYSICAL EDUCATION

M A (PHYSICAL EDUCATION)

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

SUMMARY

The continual changes and development which can be observed in the life-world of the child at primary school, demands progressively more from the pupil and the teacher. Timeous and accountable action will ensure that education content is kept relevant and suitable to ensure effective education. The ever changing needs of the primary school pupil have given rise to changes in the curriculum at tertiary institutions. Physical Education has also undergone changes and improvements. The fact that information about the historical development of Physical Education at colleges of education in the Transvaal is not readily available, has been the main reason for the undertaking of this research.

Education practice, and specifically physical education practice, can only be improved if syllabus content is continuously evaluated and adapted. The need exists to determine if syllabi at the colleges of education have kept pace with the development of Physical Education.

An historical view will indicate not only whether the training which a student teacher received prepared him for the task which he was set as a teacher of physical education, but also whether the training he currently receives is an adequate preparation for his profession.

A short history of the development of departments of Physical Education at colleges of education in Transvaal gives an indication of the contributions of individuals and institutions to the development of Physical Education curricula.

Students of Physical Education have not been trained by educationists only. The South African Police and the Defence Force have played a major role in the training of

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

physical educationists in the Transvaal.

Various commissions of the Department of Education have investigated the position of physical education at school level. The most significant contribution came from the commission headed by W J Nicol in 1937. Recommendations made by this commission, led to the appointment of lecturers in Physical Education at colleges of education in a permanent capacity. This ensured that Physical Education was firmly establised at the colleges. The work of the National Advisory Board for Physical Education contributed greatly to the standardisation of the training of physical educationists at colleges of education.

Closer contact between universities and colleges of education has led to a new didactic-pedagogical approach. In the research shortcomings in the current curricula are indicated. Currently Physical Education does not enjoy the esteem and attention that it should receive at primary schools. This situation is directly related to the training of physical educationists at tertiary institutions.

Conclusions and recommendations which appear in chapter four could contribute to a better founding of curriculum content at colleges of education. Reaction to these recommendations could lead to a new approach to physical education at primary school level, and could ensure that physical pedagogics become fully recognized as an integral facet of the broader educational spectrum.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUDSOPGAWE

## HOOFSTUK 1

INLEIDING EN DOELSTELLING 1

1.1 ORIËNTERENDE INLEIDING 1

1.2 METODOLOGIESE VERANTWOORDING 8

1.2.1 Inleiding 8
1.2.2 Begripsverklaring 8
1.2.2.1 Histories 9
1.2.2.2 Krities 9
1.2.2.3 Leerplan 9
1.2.2.4 Liggaamlike opvoeding 10
1.2.2.5 Liggaamsoefeninge 11
1.2.2.6 Liggaamlike Opvoedkunde 11
1.2.3 Doelstellings van liggaamlike opvoeding 12
1.2.4 Doel van die ondersoek 14
1.2.5 Navorsingsmetodologie 14

1.3 VERDERE PROGRAM 15

LITERATUURLYS 17

## HOOFSTUK 2

'N HISTORIESE OORSIG VAN DIE ONTWIKKELING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE AAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSKOLLEGES 19

2.1 INLEIDING 19

2.2 DOEL 19

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | |
|---|---|---|
| 2.3 | 'N BEKNOPTE OORSIG VAN DIE ONTWIKKELING VAN DIE DEPARTEMENTE LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE AAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSKOLLEGES | 19 |
| 2.3.1 | Die Onderwyskollege Pretoria | 19 |
| 2.3.2 | Die Onderwyskollege Potchefstroom | 21 |
| 2.3.3 | Die Onderwyskollege Heidelberg | 22 |
| 2.3.4 | Die Goudstadse Onderwyskollege | 23 |
| 2.3.5 | Johannesburg College of Education | 24 |
| 2.4 | 'N HISTORIESE OORSIG VAN DIE OPLEIDING VAN LEERKRAGTE VIR LIGGAAMLIKE OPVOEDING | 25 |
| 2.4.1 | Inleiding | 25 |
| 2.4.2 | Die tydperk 1906 - 1914 | 25 |
| 2.4.3 | Die tydperk 1915 - 1926 | 28 |
| 2.4.4 | Liggaamlike opvoeding op skool in 1926 | 30 |
| 2.5 | DIE ROL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG EN POLISIE IN DIE OPLEIDING VAN L O ONDERWYSERS | 33 |
| 2.5.1 | Die rol van die Suid-Afrikaanse Weermag | 33 |
| 2.5.2 | Die rol van die Suid-Afrikaanse Polisie | 35 |
| 2.5.2.1 | Liggaamlike opleiding | 36 |
| 2.5.2.2 | Doelstellings van fisieke fiksheid in die Suid-Afrikaanse Weermag | 36 |
| 2.5.2.3 | Doelstellings van liggaamlike opvoeding | 40 |
| 2.5.2.4 | Die leerplan vir liggaamlike opleiding soos aangebied deur die Suid-Afrikaanse Polisie | 41 |
| 2.5.2.5 | Die Suid-Afrikaanse Polisie en die Onderwyskollege Pretoria | 42 |
| 2.6 | TYDPERK 1933 - 1937 | 45 |
| 2.7 | 'N ONDERSOEK DEUR DIE ONDERWYSKOMMISSIE ONDER LEIDING VAN W J NICOL | 48 |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| | | |
|---|---|---|
| 2.7.1 | Inleiding | 48 |
| 2.7.2 | Taakopdrag | 49 |
| 2.7.3 | Die bevindings van die Kommissie | 50 |
| 2.7.4 | Aanbevelings van die Kommissie | 51 |
| 2.7.5 | Die uitvloeisel van die Kommissie se ondersoek | 53 |
| 2.8 | DIE NASIONALE ADVISERENDE RAAD VIR LIGGAAMLIKE OPVOEDING | 56 |
| 2.8.1 | Inleiding | 56 |
| 2.8.2 | Historiese agtergrond | 56 |
| 2.8.3 | Die nasionale skema vir liggaamlike opvoeding | 57 |
| 2.8.4 | Die samestelling van die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding | 59 |
| 2.8.5 | Doelstellings van die Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding | 60 |
| 2.8.6 | Die Raad se bydrae tot liggaamlike opvoeding | 61 |
| 2.8.7 | Die leerplankomitee | 61 |
| 2.8.8 | Publikasies van die Raad | 62 |
| 2.8.9 | Die betekenis van die publikasies van die Raad vir L O onderwysers | 63 |
| 2.9 | LIGGAAMLIKE OPVOEDING AS VERPLIGTE SKOOLVAK EN DIE ONMIDDELLIKE GEVOLGE DAARVAN | 66 |
| 2.10 | DIE ONDERSOEK VAN D P J SMITH | 68 |
| 2.10.1 | Inleiding | 68 |
| 2.10.2 | Aanbevelings vir leerplaninhoude | 70 |


© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| | | |
|---|---|---|
| 2.10.2.1 | Teorie | 70 |
| 2.10.2.2 | Praktiese werk | 71 |
| 2.10.2.3 | Geriewe | 71 |
| 2.10.3 | Gevolgtrekkings | 72 |
| 2.10.4 | Die invloed van Smith se aanbevelings en gevolgtrekkings | 72 |
| 2.10.4.1 | Die inhoude van die leerprogramme | 73 |
| 2.11 | DIE TYDPERK 1947 EN 1948 | 74 |
| 2.11.1 | Omsendbrief E 7/100/2/7 van 1948 | 74 |
| 2.12 | DIE TYDPERK 1949 - 1951 | 77 |
| 2.13 | MIDDELBARE SKOLE | 80 |
| 2.14 | 'N UITEENSETTING VAN SILLABUSSE IN 1955 | 81 |
| 2.15 | DIE INVLOED VAN OPSIENERS VIR LIGGAAMLIKE OPVOEDING OP DIE AANBIEDING VAN DIE VAK AAN DIE SKOLE | 85 |
| 2.15.1 | Historiese agtergrond | 85 |
| 2.15.2 | Die rol van H van N de Vos | 85 |
| 2.15.3 | Leergange | 87 |
| 2.15.4 | Uitbreiding van opsienersposte | 88 |
| 2.16 | KURSUSINHOUDE 1958 TOT 1960 | 88 |
| 2.17 | VERANDERINGS IN OPLEIDING VANAF 1961 -1963 | 91 |
| 2.18 | VERGADERINGS VAN DIE ONDERWYSKOLLEGES BELANGEGROEP VAKBESTUUR | 93 |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| | | |
|---|---|---|
| 2.18.1 | 17 Augustus 1963 | 93 |
| 2.18.2 | 15 Augustus 1964 | 94 |
| 2.19 | OPLEIDING NÁ 1965: MIDDELBARE EN SENIOR PRIMêRE OPLEIDING | 95 |
| 2.20 | VERSLAG VAN 'N DEPARTEMENTELE ONDER-SOEK IN 1969 | 96 |
| 2.10.1 | Bevindings van die kommissie | 97 |
| 2.20.2 | Faktore wat die aanbieding van lig-gaamlike opvoeding bemoeilik | 97 |
| 2.20.3 | Aanbevelings | 98 |
| 2.21 | KOLLEGEOMSENDBRIEF NOMMER 3 VAN 1973 | 99 |
| 2.22 | TOD OMSENDBRIEF 158 VAN 1973 | 100 |
| 2.23 | SEMI-SPESIALISERING NÁ DIE BEËINDIGING VAN DIE MIDDELBARE KURSUS | 100 |
| 2.23.1 | Periode en vakverdeling | 100 |
| 2.23.2 | Vermindering van opleidingstyd | 102 |
| 2.23.3 | Tydtoekenning aan deeldissiplines | 103 |
| 2.24 | SKAKELING TUSSEN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA EN DIE ONDERWYSKOLLEGE PRETORIA TEN OPSIGTE VAN LEERPLANNE | 104 |
| 2.24.1 | Historiese agtergrond | 104 |
| 2.24.2 | Voorskrifte | 105 |
| 2.24.3 | Sillabusse | 105 |
| 2.24.4 | Spesialiseringsvakke, met spesifieke verwysing na Liggaamlike Opvoedkunde | 107 |
| 2.25 | SLOT | 108 |


© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



LITERATUURLYS 109

HOOFSTUK 3

DIE NOODSAAKLIKHEID VAN LEERPLAN VERNUWING IN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE 118

3.1 INLEIDING 118

3.2 IS DAAR 'N BEHOEFTE VIR LEERPLAN VERANDERING EN/OF VERNUWING? 119

3.3 DIE HUIDIGE BEHOEFTE IN LIGGAAMLIKE OPVOEDING AAN DIE PRIMêRE SKOOL 120

3.3.1 Die huidige stand van die vak 121

3.3.2 Die plek van Liggaamspedagogiek in die totale Liggaamlike Opvoedkundige problematiek 122

3.3.3 Didaktiese aspekte van liggaamlike opvoeding 126

3.3.3.1 Algemeen 126

3.3.3.2 Die lessituasie in die liggaamspedagogiese praktyk 127

3.4 DIE HUIDIGE LEERPLAN IN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE AAN DIE ONDERWYSKOLLEGES 127

3.4.1 Inhoud van die huidige leerplanne soos bepaal deur die Universiteit van Pretoria en die Onderwyskollege Pretoria 128

3.5 LEEMTES WAT ONTDEK IS TYDENS DIE ONDERSOEK 133

3.5.1 Skakeling tussen universiteite en onderkolleges 134

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| | | |
|---|---|---|
| 3.5.2 | Bewaring van inligting aangaande Liggaamlike Opvoedkunde | 134 |
| 3.5.3 | Onduidelikhede oor bevoegdheid van liggaamlike opvoeding personeel | 134 |
| 3.5.4 | Differensiasie in liggaamlike opvoeding op skoolvlak volgens geriewe | 135 |
| 3.6 | SAMEVATTING | 136 |

LITERATUURLYS 137

HOOFSTUK 4

BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | BEVINDINGS | 139 |
| 4.2 | EVALUERING VAN DIE HUIDIGE LEERPLAN | 142 |
| 4.2.1 | Atletiek | 142 |
| 4.2.2 | Gimnastiek | 142 |
| 4.2.3 | Rugby | 143 |
| 4.2.4 | Sagtebal | 143 |
| 4.2.5 | Selfverdediging (Stoei en judo) | 144 |
| 4.2.6 | Swem en lewensredding | 144 |
| 4.2.7 | Tennis | 145 |
| 4.2.8 | Teorie | 145 |
| 4.2.9 | Pedagogiese verantwoordbaarheid van leerplanne vir Liggaamlike Opvoedkunde | 146 |
| 4.2.9.1 | Ontsluiting van werklikheid | 146 |
| 4.2.9.2 | Leer | 146 |
| 4.2.9.3 | Objektivering | 147 |


© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




| | | |
|---|---|---|
| 4.2.9.4 | Begeleiding | 148 |
| 4.2.9.5 | Prestasie | 148 |
| 4.3 | AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN SKAKELING TUSSEN UNIVERSITEITE EN ONDERWYS-KOLLEGES | 150 |
| 4.3.1 | Metodiek | 150 |
| 4.3.2 | Die vakinhoudelike | 151 |
| 4.3.3 | Addisionele kwalifikasies | 155 |
| 4.3.4 | Eenvormige benaming | 156 |
| 4.3.5 | Breër aanbieding op tersiêre vlak | 156 |
| 4.3.6 | Terminologie | 156 |
| 4.3.7 | Tydsbesteding in opleiding | 156 |
| 4.4 | AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN SKOOLGE-RIGTHEID | 157 |
| 4.4.1 | Omskrywing van bevoegdhede | 157 |
| 4.4.2 | Addisionele kursusse in opleiding aan die onderwyskolleges | 158 |
| 4.4.3 | Kleiner skole | 158 |
| 4.5 | AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN INLIGTINGS-BEWARING | 158 |
| 4.6 | VERDERE ONDERSOEKE | 159 |
| 4.7 | DIE EFFEK VAN DIE AANBEVELINGS OP DIE PRAKTYK | 159 |
| LITERATUURLYS | | 160 |


© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# LYS VAN FIGURE

Figuur 1 153

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING EN DOELSTELLING

## 1.1 ORIËNTERENDE INLEIDING

Opleiding van onderwysers aan onderwyskolleges in Transvaal het reeds in 1902 begin met die stigting van die Pretoriase Normaalskool. Reeds van die vroegste jare af is daar plek ingeruim vir liggaamlike opvoeding. Namate die opleiding, opvoeding en die opvoedkunde ontwikkel het, het die vak Liggaamlike Opvoedkunde ook 'n ontwikkelingsproses ondergaan. Die ontwikkelingsgeskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde aan die onderwyskolleges in Transvaal is egter nêrens in 'n enkele geskrif opgeteken nie.

Gedurende die afgelope aantal jare het die leerplanne vir die opleiding van onderwysers in Liggaamlike Opvoedkunde verskeie veranderinge ondergaan. Hierdie veranderinge het geskied as gevolg van sekere gebeure wat 'n invloed op die opleiding van onderwysstudente gehad het. Talle persone en omstandighede het 'n bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die leerplanne. Die vraag ontstaan egter nou waarom dit nodig was om die leerplanne te verander en of die veranderinge beantwoord aan die eise wat aan die onderwyser in liggaamlike opvoeding gestel word?

Verandering van leerplanne veronderstel 'n verandering in behoeftes. Voldoen die veranderde leerplanne tans wel aan die eise wat die veranderde behoeftes stel? Die aanpak van 'n historiese navorsingsprojek sal bepaal hoe die vak, maar meer in die besonder, hoe die opleiding in die vak, ontwikkel het. Soos Smith dit stel: "*Ten einde rigting te hou, die hede te verstaan, moet ons die verlede ken, en om vir die toekoms 'n intelligente plan uit te bou, moet die hede in die lig van die verlede geinterpreteer word*" (9, 1+2).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ten opsigte van kurrikulum verandering sê Hill: "*Die wêreld waarin die mens leef is dinamies en word gekenmerk deur groei en verandering. Die kultuurvorme as wyses waarop 'n gemeenskap uiting gee aan sy opvattinge, leefwyses, kuns en aspirasies verander voortdurend. Die produkte van menslike vernuf soos gemanifesteer in die taltyke uitvindings en ontdekkings op die gebied van die wetenskap en tegnologie verander die leefwyse van die mens as gevolg van die talryke instrumente, kommunikasie en vervoermiddels asook werktuie wat tot sy beskikking gestel word. Die ontwikkeling van die energiebronne, die beskikbaarheid of opwekkingsmoontlikheid van elektriese krag op selfs die mees verafgeleë plekke en nog baie ander vernuftige aanwendinge soos dié van sonenergie, beïnvloed die leefwyse van die mens op talle maniere. Hierdie is maar 'n paar van die gebiede wat voortdurende verandering in die mens en in die gemeenskap teweegbring en wat die voortdurende verantwoordbare aanpassing van kurrikuluminhoud vereis*". (7, 191) Uit die voorafgaande is dit reeds duidelik dat om die onderwyspraktyk te verbeter of te vernuwe dit noodsaaklik is om in die onderwysstelsel voorsiening te maak vir die voortdurende evaluering en aanpassing van onderwysinhoud, oftewel van die kurrikulum in sy omvattende betekenis. (7,192) Dr Hill wys verder daarop dat die hersiening van leerplaninhoude nie slegs sporadies moet wees nie, maar dat dit 'n beplande proses van "*voortdurende en sistematiese evaluering*" moet wees. (7, 203)

Dr Hill se standpunte word gesteun in 'n verslag van die Transvaalse Onderwysdepartement wat verskyn het nadat 'n groep afgevaardigdes die buiteland besoek het.

Na aanleiding van navorsing wat afgevaardigdes van die Transvaalse Onderwysdepartement in die buiteland gedoen het, is daar tot die volgende slotsom gekom:

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Kurrikulumontwikkeling is 'n voortdurende proses.

Dit moet sinvol wees.

Dit moet tred hou met die voortdurende behoeftes van die onderwys. (15,9)

Liggaamlike Opvoedkunde het sedert die begin van die sewentiger jare geweldige vooruitgang gemaak. Waar die vak vroeër algemeen aanvaar is as 'n suiwer fisiologiese wetenskap, het verskeie ondersoeke en studies daartoe gelei dat dit vandag onteenseglik as 'n geesteswetenskap staan. Botha stel dit duidelik dat: "*'n Fundamentele liggaamspedagogiek kan uitstyg in die pedagogiese studieveld want die wortel van die mens se bestaanswyse is sy liggaamlikheid*". (1,10)

Daar bestaan 'n behoefte om te bepaal of leerplanne aan onderwyskolleges tred gehou het met die snelle ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde. Bogenoemde ontwikkeling moet bepaal word. Leerplanne moet daarvolgens ge-evalueer word en die nodige aanbevelings vir veranderinge moet daarvolgens gemaak word. Die instelling van vakonderwys, veronderstel die vermeerdering en verhoging in - asook die noodsaaklikheid vir - groter spesialisering aan die primêre skool. Daar word dus 'n spesialis in liggaamlike opvoeding aan die primêre skool verlang.
Ten einde spesialiste te lewer moet die opleiding aan die onderwyskolleges hoogsgespesialiseerd, doelgerig en in die besonder gerig wees op bystand in die ontwikkeling van die jong seun en dogter. Steyn wys heeltemal tereg daarop dat liggaamlike opvoeding handelinge, bewegings en inspanning impliseer en wanneer hierdie elemente ontbreek, "*val die lesgebeure plat en word dit 'n onpedagogiese besig wees*". (10,124).

Die huidige samelewing verg baie van die leerling aan

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die primêre skool. Liggaamlike opvoeding gee aanleiding tot 'n beter beheersing en/of bevrediging van die nood en hunkeringe wat by elke kind bestaan. Dit wat primêr deur belewing in sy wêreld tot stand kom. Liggaamsbelewing is dus van fundamentele belang. Daar moet in die liggaamsopvoedingsles sinvolle bewegingsmoontlikhede daargestel word sodat die kind sy liggaamsmoontlikhede kan ontplooi (12, 73).

Navorsing oor leerplanne is 'n aktuele probleem, omdat dit uiteindelik gaan oor die ontwikkeling en die onderrig van die kind aan die primêre skool. Onderrig en ontwikkeling kan nie suksesvol plaasvind as die onderwyser nie bevoeg is om die leerling in hierdie verband op te voed nie. Hierdie probleem word duidelik uitgelig deur Van der Merwe wanneer hy sê dat: "*solank opvoeding deel bly van die studiegebied is die objeksgebied van die liggaamlike opvoeder die liggaamlikheid van die kind in die opvoedingsituasie*" (12, 249). Hy wys ook verder daarop dat aangesien dit hier gaan oor die onderrig van die kind, alle voornemende onderwysers opleiding behoort te ontvang in die onderrig van Liggaamlike Opvoedkunde as volwaardige deeldissipline (12, 249).

De Bruyn het gevind dat daar tans nie 'n behoorlik gefundeerde kleuter- of laerskoolpraktyk bestaan wat liggaamspedagogiek betref nie. Daar word wel aandag gegee aan bewegingsvorme, maar daar "*moet gekonstateer word dat die handelingsfeer helaas gekenmerk word deur 'n vryblywende sfeer in die sin dat die verskillende vorme van beweging nie doelbewus deur die onderwyser/es hanteer word nie*" (3,23).

Ondersoek betreffende die leerstof lei voor-die-hand-liggend tot 'n ondersoek van die historiese ontwikkeling en vordering op die gebied van liggaamlike opvoeding, om aansluiting te vind by die bepaling van die huidige ge-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

slaagdheid van die vak. Dit lei dus tot 'n histories-kritiese beskouing van die leerplanne vir Liggaamlike Opvoedkunde aan die Transvaalse onderwyskolleges.

Tans is daar meer en beter skakeling en samewerking tussen opleidingsinrigtings te wete universiteite en onderwys-kolleges. Wedersydse erkenning van kwalifikasies, vakke en deeldissiplines het meegebring dat sekere gedeeltes van leerplanne noodwendig verander of aangepas moes word. Dit is egter onrusbarend dat daar slegs tussen die twee betrokke inrigtings geskakel word byvoorbeeld die Universiteit van die Witwatersrand en Johannesburg College of Education; Universiteit van Pretoria en die Onderwys-kollege Pretoria. Daar was geen oorkoepelende liggaam of vergadering om kurrikulum sake te bespreek nie. Die Pretoriase inrigtings het nie noodwendig samesprekings gevoer met Johannesburgse inrigtings voordat daar besluite geneem is oor veranderinge aan die opleidingsgebeure nie. Die leerplanne wat opgestel is, moet dus noodwendig as interim leerplanne beskou word tot tyd en wyl daar ondersoek ingestel word na hul effektiwiteit. Vir hierdie doel kan daar egter nie na die verskille in leerplanne by al die betrokke inrigtings gekyk word nie. Om vas te stel in watter mate onderwysowerhede reeds ooreengekom het wat betref die bepaling van kwalifikasies waaroor die onderwysstudent moet beskik vir verdere studie, word die Universiteit van Pretoria en die Onderwyskollege Pretoria as voorbeelde gebruik.

Van der Stoep het ook sy kommer uitgespreek oor die inhoud van leerplanne vir Liggaamlike Opvoedkunde. Hy het daarop gewys dat die opgawe van die opvoeding toegespits moet word op die aan-die-gang-kry van die beweeglikheid, krag en funksionaliteit wat latent in die liggaam van die toekomstige volwassene gesetel is. Hy sê verder dat dit nie maklik ontken kan word, dat die Liggaamlike Opvoedkunde

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



selde, deur al die jare in sy uitsprake oor die kwessie van liggaamlikheid en liggaamsopvoeding, verder beweeg het as dat dit basiese feite van Anatomie en Fisiologie is nie. Insae in die universiteite en kolleges se leerplanne, bevestig bogenoemde stelling. "*In die Liggaamlike Opvoedkunde gaan dit tans nog primêr oor anatomies-fisiologiese kennis, ook vir sover die menslike liggaam in die fokuspunt geplaas word*" (14, 11). Hy huldig die mening dat daar daadwerklik studie gemaak moet word van die inhoud van die leerplanne in Liggaamlike Opvoedkunde.

Van der Stoep is nie die enigste persoon wat hierdie standpunt huldig oor die huidige toedrag van sake nie. Verskeie ander liggaamsopvoeders het hul kommer uitgespreek oor die doelgerigtheid en planmatigheid en die finale einddoel wat be-oog word met die onderrig van liggaamlike opvoeding aan skole. Die kwaliteit en inhoud van die student se opleiding sal die deurslaggewende sukses van die aanbieding van die vak bepaal. Van der Merwe stel dit duidelik dat dit in die lessituasie nie net moet gaan om die ontsluiting van kennis vir die kind nie: "*dit gaan nie net om die leer van die liggaamlikheidsessensies en hul moontlikhede nie, maar ook om die normatiewe sin en betekenisgewing aan die liggaamsessensies sodat die kind waarlik tot behoorlike liggaamlike volwassenheid kan gedy*"(12, 193). Dit impliseer dat die liggaamlike opvoeder ook die "*pedagogiese bedrywigheidstruktuur sinvol sal kan implementeer*" (12, 193).

Volgens de Bruyn pas bloedweinig van die hedendaagse leer-en-oefenstof by die milieu en ervaringsveld van die moderne kind. Die vakinhoud is vir hom lewensvreemd. Hy beklemtoon dus ook die noodsaaklikheid dat die inhoud van leerplanne hersien moet word. Dit blyk dus dat die huidige leerplanne "*nie die kinders aanspreek nie en dat*

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*dit ook nie binne die belangstellingskader van die leerlinge val nie en ook nie 'n appél rig tot die leerlinge nie".* (3,319) Die leerstof moet dus so gekies word dat dit wel 'n appél tot die leerlinge rig op so 'n manier dat dit sal lei tot "*bewegingseksplorasie wat sal getuig van 'n kwalitatiewe bewegingsbetrokkenheid. Alleen dan sal hy (die leerling) aan die hand van sinvolle begeleiding tot sinvolle aktualisering van die liggaamlikheidsessensies kan oorgaan*" (3, 319).

In die hedendaagse lewe bestaan daar probleme by die kind ten opsigte van volwasse identifikasie. Na deeglike ondersoek het Steyn tot die gevolgtrekking gekom dat daar in die opleiding van die student in Liggaamlike Opvoedkunde, tyd ingeruim moet word met die spesifieke doel om die belangrikheid van korrekte optrede te beklemtoon. Hy wys daarop dat dit in die liggaamlike opvoedingsles wesenlik gaan om die verkryging van 'n kwalitatiewe leefwyse. Die onderwyser/es speel dan ook 'n groot rol in die lewe van die kind. "*Op grond van die feit dat liggaamspedagogiese praktyk gekenmerk word deur 'n gemeenskaplike aangewesenheid op die menslike liggaamlikheid en beweging, is die korrekte voorlewing en voordoen wat in die persoonlike lewe van die liggaamspedagoog moet vergestalt van fundamentele betekenis*" (10, 119).

Dit is nie vir die Liggaamlike Opvoedkundige geregverdig om eise aan die leerlinge te stel as hy/sy nie self die voorbeeld stel nie. Steyn wys daarop dat die seun en dogter op die pad na volwassenheid geleentheid gebied moet word om hulle manlike en vroulike moontlikhede ten volle te aktualiseer. Dit impliseer dat die onderwyser en onderwyseres egte manlike en egte vroulike voorlewing sal openbaar. Alleenlik dan kan die situasie geskep word vir aktualisering van die geslagtelikheid van die kind. "*Die liggaamspedagogiese situasie leen hom by uitstek vir outentieke geslagtelike voorlewing*" (10,125).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar bestaan tans twyfel ten aansien van die pedagogiese geslaagdheid, al dan nie van die liggaamspedagogiese doelstellings en praktyk. Deur 'n historiese ondersoek word daar ondersoek ingestel na die oorsprong van moontlike verkeerde aanpassings in die leerplanne met die oog op identifikasie van sekere probleem areas wat tans in die praktyk bestaan.

## 1.2 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

### 1.2.1 Inleiding

Geskiedenis is 'n studie van gebeure en mense van verskillende tydperke in kronologiese volgorde. Hierdie gebeure kan nooit los van mekaar gesien word nie, maar is steeds in wisselwerking met mekaar en het 'n invloed op mekaar. Dikwels volg gebeure mekaar so vinnig op en vind daar soveel veranderinge plaas, dat dit moeilik is om afgebakende tydperke te onderskei. Só het elke studierigting of vakgebied ook sy bepaalde geskiedenis met verskillende tydvakke. Hierdie tydvakke word gekenmerk deur veranderinge en vooruitgang in die vak. Wanneer 'n studie gemaak word van die ontwikkeling en vernuwing wat in 'n vakgebied voorkom, sal 'n historiese ondersoek die tydvakke aandui en ook lig werp op veranderde eise wat aan die spesifieke vakgebied gestel was.

Alvorens die historiese feite en inhoude egter ontleed kan word, moet daar 'n uiteensetting gegee word van terminologie wat deurgaans sal voorkom in sodanige historiese ondersoek. Op die gebied van die Liggaamlike Opvoedkunde is daar sekere terme wat verdere toeligting noodsaak.

### 1.2.2 Begripsverklaring

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1.2.2.1 Histories

Volgens Dr C J J van Rensburg en sy mede outeurs beteken histories letterlik uit Grieks vertaal: "*deur-ondersoek-verworwe-kennis: 'n bestudering van opvoedingsdenke en opvoedingspraktyke uit die verlede ....*" (13,67). Uit die verdere omskrywing lei ons af dat die vertrekpunt gesetel is in probleme wat deel is van eietydse gebeure "*met die doel om die essensies van 'n besondere probleem in sy totale historiese reliëf uit te lig en te orden*" (13,68). Daar word dus in hierdie ondersoek aansluiting gesoek by dit wat reeds bekend is om te bepaal of sekere praktyke/veranderinge doelmatig was in die ontwikkelingsgeskiedenis van leerplanne in die liggaamlike opvoeding.

1.2.2.2 Krities

Volgens die Afrikaanse Woordeboek beteken krities: "*beoordelende*" (11,518) en volgens HAT is beskouing 'n manier van "*anders oordeel*" (8,60). Kritzinger sien weer beskouing as "*oorpeinsing*" (5,92). Onderhawige studie kan dus gesien word as 'n beoordelende oorpeinsing van die ontwikkelingsgang van leerplanne in Liggaamlike Opvoedkunde aan onderwyskolleges.

1.2.2.3 Leerplan

Die woordeboek omskrywing van 'n leerplan lui as volg: "'*n plan waarvolgens die leerstof metodies oor die leertyd verdeel word, ...*" (11,55) met ander woorde 'n doelmatige samestelling van leerstof wat binne 'n bepaalde tydperk oorgedra of afgehandel word as 'n opgawe van voorgeskrewe werk wat deur die dosent of onderwyser aangebied moet word.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1.2.2.4 Liggaamlike opvoeding

Wanneer daar verwys word na liggaamlike opvoeding is daar verskeie beskouings en vertolkings. Botha stel dit dat daar in liggaamlike opvoeding liggaamsaktiwiteite aangewend moet word om vooropgestelde oogmerke te bereik. Dit is nie bloot die opvoeding van die liggaam nie. In die liggaamlike opvoeding word die persoon altyd gesien in sy totaliteit in verhouding tot sy wêreld. Die sin en doel van liggaamlike opvoeding is geleë in die bevordering van die kind se vermoë om al sy potensialiteite in alle lewensfasette te kan ontwikkel. (1, 7 + 8). Gedurende liggaamlike opvoedingslesse moet die leerling ook geleentheid gebied word om hom te verdiep in die liggaamlike aspekte van sy menswees en deur beweging as doel in oefeninge, moet dit vir die kind moontlik gemaak word om tot liggaamlike selfbegryping te kom. Van der Merwe wys ook daarop dat liggaamlike opvoeding gesien kan word as "*liggaamlike hulp wat aan 'n nie-voltooide liggaamlikheid (kind) verleen word sodat hy kan word wat hy of sy moet en behoort te word om 'n selfstandige en verantwoordelike liggaamlike- en bewegingslewe op sinvolle wyse te voer*" (12,47).

De Bruyn omskryf liggaamspedagogiek as "*pedagogiese omgang in die veld van beweging en liggaamservaring*" (3,23). Dit is egter belangrik dat die onderwyser die leerstof sô sal keur en sal aanbied dat dit in ooreenstemming sal wees met die kind se basiese beleweniswêreld (3,23). As al die voorafgaande in ag geneem word, is dit duidelik dat "*Liggaamlike Opvoeding bystandverlening, vorming en opvoeding tot gebalanseerde, doelmatige ontplooiing van die karakter en persoonlikheid, die sosiaalemosionele sowel as ontwikkeling van die motoriek is*" (3,23). Alles is dus daarop gemik om die opvoedeling in staat te stel om 'n nuttige lewe te lei en om positiewe bydraes tot die samelewing te maak (4,7). Liggaamlike opvoeding moet dus nie net gemik

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



wees op die ontwikkeling van die liggaamlik-fisiese nie, maar die menswees van die leerling in totaliteit, moet altyd voorop gestel word. Handeling en eie deelname aan spel en beweging, moet gesien word as middele tot 'n doel en nie 'n doel op sigself nie. Die leerling is 'n spelende, nie-volwassene wat deur sy beweging uiting gee aan sy belewing van die wêreld rondom hom. Dit is dan juis hierdie bewegingsmoontlikhede van die kind wat in liggaamlike opvoeding as kern gebruik moet word in die ontplooiing van die kind se menswees.

1.2.2.5 Liggaamsoefeninge

Hierteenoor is dit ook nodig om te besef wat bedoel word met liggaamsoefeninge. Dit is 'n term wat, veral vroeër jare, gebruik is om nie net die skoolvlak nie, maar ook alle verwysings na opleiding van voornemende onderwyspersoneel (liggaamlike opvoedkundiges) te omskryf. Liggaamsoefeninge omskryf die werklike handelinge waarmee die leerlinge gedurende die les besig is. Die doel is om met of sonder apparaat liggaamskrag, gesondheid, uithouvermoë en spierontwikkeling te verseker. Deur die eeue heen het verskeie opvoeders hulle uitgespreek oor die waarde van liggaamsoefeninge. Montaigne (2, 3) het geglo dat liggaamsoefeninge 'n groot invloed het op sedelik -morele vorming. Rosseau (2, 3) het weer klem gelê op die invloed van liggaamsoefeninge op intellektuele ontwikkeling. Dit is dus duidelik dat liggaamsoefeninge nog altyd hoë aansien geniet het. Dit is 'n afdeling wat hoofsaaklik met die fisiese aspekte van die menslike liggaam te doen het, maar tog 'n noodsaaklike onderdeel vorm van die breëre opset naamlik liggaamlike opvoeding.

1.2.2.6 Liggaamlike Opvoedkunde

Daar moet ook aandag gegee word aan die term Liggaamlike

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Opvoedkunde. Wanneer daar gepraat word van Liggaamlike Opvoedkunde word daar verwys na 'n selfstandige en omvangryke vakgebied. Dit betrek nie net die praktiese uitvoering van bewegings en grootspieraktiwiteite nie, maar ook talle teoretiese aspekte wat in die vak aangetref word (2,11). Die vak Liggaamlike Opvoedkunde behels dus alle opleidings fasette van voornemende onderwysers/esse sodat hulle deur middel van bewegingsonderwys die leerlinge op sinvolle wyse kan lei tot volwassenheid.

1.2.3 Doelstellings van liggaamlike opvoeding

Die doelstellings van liggaamlike opvoeding aan die primêre skool word soos volg aangedui:

1 Die stimulering van liggaamlike groei en ontwikkeling.

2 Die verwerwing van basiese liggaamlike fiksheid.

3 Die bemeestering van liggaamlike kreatiewe bedrywighede.

4 Die aankweek van gesondheidsgewoontes.

5 Die ontwikkeling van 'n gebalanseerde persoonlikheid.

6 Die herordening van geestesgesondheid (16, 1).

Hierdie doelstellings moet ook van toepassing gemaak word by die opleiding van onderwysers.

Die uiteindelike doel met die opleiding van studente aan die onderwyskolleges, is dat hulle sal toetree tot die professie en hulle sal beywer vir die onderwys. Onderwys is 'n middel waardeur "*kennis en vaardighede bygebring*

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*(word) wat as waardevol vir die menslike bestaanswyse geag word. Onderwys sluit nie net intellektuele aktiwiteite in nie ..... onderwys is gerig op belewing en waardering*" (13,105). Liggaamlike opvoeding moet dus beskou word as 'n vakgebied wat hom by uitstek leen tot onderwys. Botha verwys daarna dat die liggaam die "*mees eie en onmiddelike van alle dinge wat beleef kan word*", is (2, 2).

Dit het noodsaaklik geword om die huidige leerplanne te ondersoek en vas te stel in watter mate liggaamlike opvoeding die leerling se leefwyse en totale menswees beinvloed. De Bruyn het gevind dat "*die sin van die liggaamlike opvoeding lê juis in die feit dat dit 'n bydrae lewer tot die sinvolle voltrekking van die psigiese lewe van die kind in opvoeding en sodoende dus bydra tot die persoonsvoltrekking van die kind in opvoeding*" (3,308). Die noodsaaklikheid van liggaamlike opvoeding as vak blyk duidelik as daar in ag geneem word dat "*daar die kind se totale liggaamlikheidsdimensie nie ontkoppel kan word van die psigiese lewensontplooiing nie en toereikende voltrekking van die psigiese lewe ook toereikende liggaamlikheidsaktualisering veronderstel, is dit voor-die-hand-liggend dat die liggaamspedagogiek 'n meer intense deel moet vorm van die breëre opvoedingsplan en opvoedingsprogram*" (3,569).

Onderwysers moet nie alleen goed onderlê word in alle aspekte van liggaamlike opvoeding nie, dit is ook noodsaaklik dat hulle oor kennis moet beskik in die afrigting van sport. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se sportondersoek konstateer dat dit in belang van die onderwysprofessie en die kind geag word dat onderwysers sodanig opgelei word dat hulle in staat is om leerlinge aan skole na behore in sport af te rig. Dié verslag toon dat die onderwyskolleges nie daarin slaag om in die behoefte aan goed opgeleide sportafrigters te voorsien nie. Daar moet egter gewaak word teen sportafrigting in die liggaamsop-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voeding les. Dat sport 'n groot bydrae lewer is onbetwisbaar en "*die sportsituasie bied ook die geleentheid om op sinvolle wyse by beweging betrokke te raak. In dié lig gesien het die bewegingsonderwys op skool dus 'n belangrike leerdoel, en wel in die motivering van die leerlinge om tot op so 'n hoë ouderdom moontlik op sinvolle wyse en deur sinvolle selfbepaling en beplanning sportief besig te bly*" aldus de Bruyn (2,310). Die opvoeding en ontwikkeling van die kind in totaliteit moet die strewe van elke liggaamsopvoeder wees. Die liggaamsopvoeder moet in staat wees om balans te handhaaf tussen sport en liggaamlike opvoeding. Wanneer die onderwyser daarin slaag om 'n bydrae te lewer tot die ontplooiing van alle bewegingsmoontlikhede van die leerling, is hy besig met 'n suksesvolle skoolprogram in die liggaamsopvoeding les.

1.2.4 Doel van die ondersoek

Ten einde 'n suksesvolle skoolprogram te verseker is goeie opleiding noodsaaklik. Liggaamlike Opvoedkunde aan die onderwyskolleges veronderstel interaksie tussen dosent en student. Hierdie interaksie kan nie inhoudloos wees nie en die wedersydse beïnvloeding veroorsaak noodwendig 'n program van inhoude en handeling (6,18). Hierdie "program" is 'n bestaande leerplan. Die spesifieke doel van hierdie ondersoek is om te bepaal of die leerplanne korrek aangepas word by veranderde omstandighede. Die ondersoeker wil aandui of die bestaande leerplanne verander behoort te word ten einde beter aansluiting te vind by die huidige behoefte van die primêre skool. Dit gaan per slot van sake om die opvoeding van die kind van vandag, wat die jeug van môre en die volwassene van die toekoms is.

1.2.5 Navorsingsmetodologie

Navorsing oor hierdie vraagstuk sal gedoen word deur ge-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



bruik te maak van alle moontlike beskikbare primêre en sekondêre bronne. Dit sluit in handboeke, verslae, prospektusse, notules van vergaderings en tydskrifartikels. Daar sal ook persoonlik onderhoude gevoer word met persone wat 'n aandeel gehad het aan sekere projekte, wat 'n invloed gehad het op die ontwikkelingsgeskiedenis van die vak en leerplaninhoude.

Aan die hand van navorsing wat onderneem is, kan evaluering gedoen word om te bepaal of die opleiding wat aan die onderwysstudent verskaf is, hom voorberei het - en tans nog voorberei - vir die taak wat aan hom gestel word as liggaamlike opvoeder in die skool. Die historiese ondersoek sal ook 'n aanduiding gee hoe nuwe benaderings ontwikkel het, tot by die huidige sienswyse van leiers op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde.

## 1.3 VERDERE PROGRAM

Die verdere program van hierdie ondersoek kan in vier hoofde gedeel word.

DEEL I

1.1 Ontwikkelingsgeskiedenis wat dui op: 'n Historiese beskouing oor die ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde aan Transvaalse Onderwyskolleges wat betref:

1.2 Vakinhoudelike: waar daar aangedui sal word wat die inhoud van leerplanne was - en tans is.

DEEL II

2.1 'n Beredenering van bevindinge na aanleiding van:

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.1.1 Navorsingsuitkomste in Deel I.

2.1.2 Inligting vervat in resente verhandelinge en proefskrifte.

2.2 Hieruit sal afgelei word:

2.2.1 Wat die huidige behoefte is.

2.2.2 Of leerplanvernuwing noodsaaklik en geregverdig is.

2.2.3 Hoe daar aansluiting gevind moet word by die hedendaagse Liggaamsopvoedkundige kriteria wat aan leerplansamestelling gestel word.

DEEL III

3.1 Die plek van Liggaamspedagogiek gesien in:

3.1.1 'n Omvattende pedagogiese perspektief.

3.2 'n Aanduiding van leemstes op pedagogiese vlak na aanleiding van die ondersoek.

DEEL IV

4.1 Aanbevelings wat uit die ondersoek mag voortspruit sal gedoen word.

4.2 Aanduiding hoe nuwe leerplanne die praktyk sal beinvloed.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK 1 : LITERATUURLYS

1 Botha, J L : Sport in Perspektief. Publikasie van die Universiteit van Pretoria nommer 56. Van Schaiks, Pretoria 1970.

2 Botha, J L : Die Liggaamlike Opvoedkunde: Geesteswetenskap? Publikasie van die Universiteit van Pretoria nommer 85. Van Schaiks, Pretoria 1974.

3 De Bruyn, N J : Liggaamsterapie in die ortopedagogiese hulpverlening - 'n liggaamspedagogiese ondersoek. Ongepubliseerde D.Ed. proefskrif. Universiteit van Pretoria 1982.

4 Ellmer, H : 'n Fundamenteel pedagogiese besinning oor Liggaamlike Opvoeding as skoolvak. Ongepubliseerde D.Ed.proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika 1973.

5 Kritzinger, M S B en Labuschagne, F J : Verklarende Afrikaanse Woordeboek Sewende uitgawe. Nasionale boekdrukkery, Goodwood, Kaap 1980

6 Kruger, R A : Beginsels en kriteria vir kurrikulontwerp. HAUM, Pretoria 1980.

7 Landman, W A, Coetzee, R A, Hill, J S, Möller, A K, Van Dyk, C J : Navorsingsmetodologie vir onderwysstudente. Butterworth, Durban/Pretoria 1983.

8 Schonees, P C, Swanepoel, C J, Du Toit, S J en Booysen, C M : HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Voortrekkerpers, Pretoria 1973.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



9 Smith, D P J : 'n Historiese-kritiese ondersoek na die opleiding van onderwysers vir Liggaamlike Opvoeding op die openbare skole. Ongepubliseerde M A verhandeling, P U vir C H O 1944.

10 Steyn, B J M : 'n Fundamentele begronding van 'n liggaamspedagogiese praktyk. Ongepubliseerde M Ed (LO) verhandeling, Universiteit van Pretoria 1980.

11 Terblanche, H J en Odendaal, J J : Afrikaanse woordeboek. Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg 1966.

12 Van der Merwe, P A B : 'n Fundamentele begronding van liggaamspedagogiese strukture. Ongepubliseerde M Ed (LO) verhandeling,Universiteit van Pretoria 1980.

13 Van Rensburg, C J J, Kilian, C J G en Landman, W A : Fundamenteel-Pedagogiese Begripsverklaringe - 'n Inleidende Oriëntering. N G Kerkboekhandel, Pretoria 1979.

TYDSKRIFTE

14 Van der Stoep, F : Sport en Ontspanning in Opvoedingsperspektief met besondere verwysing na die skoolprogram. Educa, Junie 1975.

VERSLAE

15 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag van 'n sending na oorsese lande, 6 April - 5 Junie 1979. Deel 4. Pretoria 1979.

16 Transvaalse Onderwysdepartement : Sillabus vir Liggaamlike Opvoeding vir seuns. Standerds 1 - v. Pretoria 1974

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 2

# 'N HISTORIESE OORSIG VAN DIE ONTWIKKELING VAN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE AAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSKOLLEGES.

## 2.1 INLEIDING

Ten einde vas te stel hoe die vak Liggaamlike Opvoedkunde ontwikkel het, word daar eerstens 'n kort oorsig gegee oor die ontstaan en ontwikkeling van die departemente Liggaamlike Opvoedkunde aan die onderskeie onderwyskolleges in Transvaal.

## 2.2 DOEL

Die doel van 'n oorsig oor die ontstaan en ontwikkeling van Liggaamlike Opvoedkunde aan die onderwyskolleges, is om agtergrondkennis op te spoor en aan te dui hoe die vak gevorder het. Die inligting wat op hierdie manier verkry word sal die bestudering van die vak vergemaklik. Historiese feite sal ook baie bydra as maatstawwe om vordering in die vak te bepaal.

## 2.3 'N BEKNOPTE OORSIG VAN DIE ONTWIKKELING VAN DIE DEPARTEMENTE LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE AAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSKOLLEGES

### 2.3.1 Die Onderwyskollege Pretoria

Die Onderwyskollege Pretoria is amptelik geopen op Dinsdag 2 September 1902 (10,11). Gedurende 1906 het die oud-studente van die Normaalkollege Pretoria 'n reünie gehou waar hulle onder andere die leerplan vir liggaamlike opvoeding bespreek het (44,37). Gedurende die tydperk 1905 tot 1906 het P C de Villiers die pos van sersant majoor vir liggaamsopvoeding beklee (10,146). In sy jaarverslag

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van 1906 het die Direkteur van Onderwys verklaar dat alle studente aan die Normaalkollege 'n kursus in liggaamsopvoeding moet volg (44,187). In 1908 het meneer Collard 'n aanstelling gekry as dosent in liggaamsopvoeding (10,71). Dit was egter van korte duur, want in 1912 word hy aangestel as organiseerder vir liggaamsopvoeding in Transvaal (40,120). In 1911 het die Transvaalse Onderwysdepartement 'n gimnastieksaal by die Normaalkollege Pretoria opgerig (10,68).

In sy jaarverslag van 1920 het die prinsipaal van die kollege voorgestel dat studente moet kan spesialiseer. Hy het "liggaamskultuur" as 'n moontlike studierigting genoem (52,102). Sedert 1927 het die Departement van Verdediging die vak liggaamsopvoeding by die Normaalkollege aangebied. Die opleiding was sterk militaristies en studente het hoofsaaklik opleiding ontvang om te kon kwalifiseer as kadetoffisiere (53,52). Die weermag het die opleiding aangebied tot in 1933. Van 1933 af het die Suid-Afrikaanse polisie weer 'n groot rol gespeel in liggaamsopvoeding aan die Normaalkollege (54,20). Daar word in 1938 vir die eerste keer melding gemaak dat daar voltydse personeel vir liggaamlike opvoeding by die onderwyskolleges aangestel sal word (58,22). Die prinsipaal van die Normaalkollege Pretoria het in 1939 aangekondig dat, as gevolg van gebrek aan belangstelling, daar in 1940 nie 'n kursus in liggaamlike opvoeding aangebied sou word nie (59,143).

In 1942 word daar weer besluit dat studente aan al vier die opleidingskolleges in Transvaal verplig sou word om liggaamlike opvoeding as vak te neem. Die kursus sou bestaan uit intensiewe opleiding oor twee of drie jaar, of 'n eenjarige kursus kon gevolg word (62, 8). Gedurende 1947 was daar nog steeds net die een klein gimnastieksaal terwyl daar 160 dames- en 135 mansstudente ingeskryf het vir liggaamsopvoeding as spesialiseringsvak (66,113). In 1951 het daar 'n nuwe gimnasium vir liggaamlike opvoeding

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



verrys (68,164) en gedurende die volgende jaar het die Onderwysdepartement 'n kursus vir middelbare skole ingestel (69,194). Hierdie kursus is in 1966 uitgebrei tot 'n vierjarige kursus wat die ou driejarige hoërskoolgerigte kursus vervang het (76,9). Departementshoof poste het in 1952 'n werklikheid geword en meneer N Roux was aangestel as die eerste hoof van die departement Liggaamlike Opvoedkunde en Gesondheidsopvoeding (11, 74). Kontrakteurs het in 1954 die swembad voltooi en in 1967 het die inwyding van 'n nuwe blok wat lesinglokale, dosentekantore en nog twee gimnastieksale ingesluit het, plaasgevind. Hierdie sentrum staan vandag nog bekend as die G J Jordaan sentrum.

Meneer Danie Solomon het die pos as departementshoof beklee tot in 1980. Nadat meneer W Jacobs waargeneem het as departementshoof, het meneer J L Cloete in 1981 die derde departementshoof van Liggaamlike Opvoeding en Gesondheidsopvoeding geword.

2.3.2 Die Onderwyskollege Potchefstroom

Professor van der Merwe is in 1935 aangestel as rektor van die Potchefstroomse Onderwyskollege.Gedurende dieselfde jaar het hierdie kollege vir die eerste keer 'n kursus in Liggaamlike Opvoedkunde aangebied (12, 70). Die eerste dosente wat aangestel was, was Dr G P Poggenpoel, H F Lancaster, B F A Brodie en D P J Smith (12, 71). Meneer B D Lombard het hom in 1946 by die departement Liggaamlike Opvoedkunde aangesluit (64, 117). Meneer Lombard het ongetwyfeld die grootste enkele bydrae gelewer tot die ontwikkeling en standardisering van Liggaamlike Opvoedkunde aan die Potchefstroomse Onderwyskollege. Hy was ook die persoon wat in 1953 as die eerste departementshoof in Liggaamlike Opvoeding aangestel was (69, 186). Die Potchefstroomse Onderwyskollege was die eerste oplei-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dingskollege in Transvaal wat 'n swembad op sy eie kampus gehad het. Die swembad was in 1947 voltooi (12, 85). Doktor H C van Zyl het meneer Lombard in 1979 opgevolg as departementshoof en hy beklee tans nog die pos.

2.3.3 Die Onderwyskollege Heidelberg

Die Heidelbergse Onderwyskollege het op 12 Maart 1909 tot stand gekom (13, 23).

In 1910 - 1911 het meneer Henderson van tyd tot tyd gehelp met "lichaamsontwikkeling" (47, 148). Sy plek word in 1913 deur meneer Collard ingeneem vir die aanbieding van gimnastiek (47, 56). Meneer Collard het in 1915 uit Heidelberg vertrek. As gevolg van die feit het die kollege nie meer voorsiening gemaak vir liggaamsopvoeding nie (47, 76). Meneer T A Dönges, die prinsipaal, het in 1926 gerapporteer dat liggaamsoefeninge in 1927 vervang sou word met kadetoefeninge (53, 52).

In 1935 was liggaamlike opvoeding beperk tot "physical exercises in the early morning before breakfast" onder leiding van mejuffrou A S Louw en meneer C A Winter. Op 1 April 1935 is die hoof in kennis gestel dat die Uitvoerende Komitee besluit het om, by wyse van 'n eksperiment, 'n voltydse instrukteur in "Health and Physical Education" aan te stel. Hierdie persoon sou verantwoordelik wees vir beide teorie en prakties en sou ook die vak aan sekere skole doseer. Sodoende het mejuffrou A Stolp in 1936 diens aanvaar (13, 57). Mejuffrou Stolp het in 1937 bedank en juffrou Brückman het haar opgevolg. In 1938 het die departement vir meneer G van der Tas, 'n Nederlander, aangestel vir die eenjarige kursus in Liggaamlike Opvoedkunde (13, 57).

Gedurende 1939 het die kollege 'n kursus in liggaams-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



opvoeding aangebied. Daar het egter soveel verwarring geheers oor watter stelsel gevolg moes word, dat die kursus afgestel is en 'n departementele komitee ondersoek moes instel (59, 130). Die eerste departementshoof vir Liggaamlike Opvoedkunde en Gesondheidsopvoeding is in 1953 aangestel (13, 79).

Die Heidelbergse Onderwyskollege het reeds in 1951 'n ooreenkoms gesluit met die Universiteit van Suid Afrika om 'n gekombineerde graad en diploma kursus aan te bied (68, 134). Die Heidelbergse Onderwyskollege het in Desember 1967 finaal gesluit. In daardie jaar was meneer Piet Kemp hoof van die departement Liggaamlike Opvoedkunde en Gesondheidsopvoeding.

### 2.3.4 Die Goudstadse Onderwyskollege

In November 1960 het die Direkteur van Onderwys in Transvaal opdrag gegee dat meneer A W Muller van die Heidelbergse Onderwyskollege na Johannesburg oorgeplaas moes word. Meneer Muller sou as rektor die leiding neem met die stigting van die Goudstadse Onderwyskollege (74, 29).

Met die aanstelling van meneer en mevrou J H Olivier in 1962, het liggaamlike opvoeding sy beslag gekry.

Die departement van Liggaamlike Opvoedkunde en Gesondheidsopvoeding het in 1965 tot stand gekom met meneer Olivier as die eerste departementshoof (19, 70). In 1974 het meneer Olivier 'n pos by die Universiteit van Pretoria aanvaar. Gedurende daardie jaar het meneer Frans du Toit waargeneem as departementshoof totdat meneer J Fleischmann in 1975 aangestel was as departementshoof. Doktor Fleischmann is tans nog hoof van die departement Liggaamlike Opvoedkunde.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.3.5 Johannesburg College of Education

In 1902 het twee onderwyskolleges tot stand gekom; een in Pretoria en een in Johannesburg. Doktor E Mullin was die eerste hoof van die "normal college" in Johannesburg. Hy het kort na sy aanstelling gesterf en in Maart 1903 het die kollege in Johannesburg gesluit. Die veertig studente het oorgetrek na die Pretoriase normaalkollege (1, 56).

In 1908 word daar weer twee kolleges gestig. Hierdie keer een in Johannesburg en die ander in Heidelberg (1, 69). Liggaamlike opvoeding het nooit tot sy reg gekom by die Johannesburgse kollege nie. In 1913 het die prinsipaal die volgende verklaring uitgereik: "*The only side on which the college has made no progress what ever is the game or sporting side. Something had to go and it seemed to us South Africa would more easily afford to go without games than without other things of importance*" (49, 58). In 1915 het mejuffrou Saunders bedank as lektrise in "physical culture". Geen plaasvervanger is in haar plek aangestel nie, haar werk is verdeel onder ander personeellede (50, 72).

Gedurende doktor Boshoff se termyn as Direkteur van Onderwys in Transvaal, (1932 - 34) het hy bepaal dat die Johannesburgse kollege in die toekoms uitsluitlik 'n Engels-medium kollege sou wees (1, 104).

Meneer B C Hoets is in 1947 aangestel as dosent in Liggaamlike Opvoedkunde (66, 107). Dit is interessant om daarop te let dat geen man nog ooit as hoof van die departement Liggaamlike Opvoedkunde aangestel is nie. Die eerste departementshoof was mejuffrou M I Scott wat in 1953 aangestel is (69, 182). Haar opvolger was mejuffrou B Laurie wat die pos van 1969 tot 1982 beklee het. Die huidige departe-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



mentshoof is mejuffrou C Nicolson.

## 2.4 'N HISTORIESE OORSIG VAN DIE OPLEIDING VAN LEERKRAGTE VIR LIGGAAMLIKE OPVOEDING

### 2.4.1 Inleiding

Studente aan die onderwyskollege word uitsluitlik opgelei om as onderwysers, die vak liggaamlike opvoeding op primêre skoolvlak, aan te bied. Hierdie opleiding kan alleenlik suksesvol wees indien daar gedurig ondersoek ingestel word na die geldigheid van die inhoud van die leerplanne wat op kollege gebruik word. Die historiese gegewens wat hierna verskyn, dui aan hoe die opleiding van leerkragte vir liggaamlike opvoeding deur die jare ontwikkel het.

Die enigste aanduidings dat liggaamlike opvoeding wel op skool aangebied is, word gevind in die jaarverslae van inspekteurs van onderwys. Hierdie verslae word jaarliks opgeneem in die verslag van die Direkteur van Onderwys. Deur hierdie verslae en opmerkings in kronologiese volgorde te plaas, kan daar 'n lyn getrek word wat die ontwikkeling van verskeie vakinhoude wat binne die raamwerk van liggaamlike opvoeding gevind word, aandui. Uit gegewens wat op hierdie manier verkry word, kan daar afleidings gemaak word oor wat die behoeftes op skoolvlak was en of dit enigsins in ag geneem is by die opleiding van onderwysers in liggaamlike opvoeding. Daar sal ook bepaal kan word of die vakinhoudelike van die opleidingsprogram beplan is om professioneel bruikbare personeel op te lei.

### 2.4.2 Die tydperk 1906 - 1914

Gedurende 16 - 20 April 1906 het die eerste reünie van studente van die Onderwyskollege Pretoria plaasgevind. Tydens hierdie reünie is daar aandag gegee aan die op-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

voedkundige probleemkwessies op skool en onder andere die onderrig van liggaamsoefening (44, 32). In dieselfde jaar het die Direkteur van Onderwys aangekondig dat alle studente van die Normaalkollege 'n kursus in liggaamsopvoeding moes volg (44, 187).

Die kursus het bestaan uit die volgende:

> Die opstel van 'n klas in flankrye. Eenvoudige oefeninge wat gemik is op akkuraatheid en netheid van beweging. Derdejaarstudente moes oor die vermoë beskik om demonstrasielesse aan te bied (43, 209).

Uit inspekteursverslae oor die skoolprogram (soos vervat in die Direkteur van Onderwys se jaarverslae) blyk dit dat liggaamsoefeninge hoofsaaklik uit drilwerk bestaan het. T G Ligertwood het gerapporteer dat ouers gekant is teen drilwerk alhoewel hy voel dat dit 'n besliste invloed het op die dissipline en voorkoms ("physique") van die leerlinge (46, 48). "*Drill movement is expanding and the physical development of boys is being encouraged*", aldus F H Thompson (46, 58). C Mansfield het berig dat liggaamsoefeninge op die dorpskole byval gevind het, maar dat daar baie teenstand op die platteland was (46, 74).

J H Corbett het in 1908 gepleit dat swem deel van die skool se leerplan moes word (46, 84). In 1910 het Ligertwood gerapporteer dat daar een les per week in liggaamlike opvoeding was vir kinders bo standerd vyf (47, 144). Daar word in geen verslae verwys na liggaamlike opvoeding in die primêre skool nie. In die saamgestelde inspekteursverslag van 1910 word daar gevra dat liggaamsopvoeding deel moet uitmaak van alle onderwysers se opleiding. Liggaamsopvoeding moes volgens die inspekteurs deur die klasonderwysers aangebied word en veral in die "lagere scholen" aangesien dit volgens voorskrif deel was van die gewone "schoolcurriculum" (47, 226).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

In Mei 1911 is daar 'n besluit geneem, om vakaturelyste vir onderwysers in liggaamsopvoeding, oorsee te sirkuleer (48, 20). Daar was dus gedurende hierdie tydperk 'n gebrek aan opgeleide onderwysers, asook 'n tekort aan personeel om voldoende opleiding te verskaf.

Mnr F H Thompson, inspekteur in Johannesburg, berig dat "vrye gimnastiek" baie doen om liggaamshouding te verbeter, maar dat die lesse in lokale gegee word waar ventilasie nie na wense is nie (48, 101).

In 1912 word meneer Collard deur die Transvaalse Onderwysdepartement aangestel as organiseerder van liggaamsopvoeding (40, 120). In die jaarverslag van 1913 word twee stellings gemaak wat baie duidelik aandui dat daar 'n groot kommunikasie gaping was tussen die skole en die opleidingskolleges. Meneer J L Moerdijk rapporteer dat liggaamsopvoeding verwaarloos word op die skole. Hy het gevra dat daar meer opgeleide personeel beskikbaar gestel moes word vir liggaamsopvoeding, (49, 120), en meneer F H Thompson het gevoel dat dit heelwat beter gaan met liggaamlike opvoeding vandat meneer Collard klasse aanbied vir onderwysers by die skole (49, 129). In teenstryd hiermee het die prinsipaal van die Johannesburgse kollege te kenne gegee dat daar geen vooruitgang op die gebied van liggaamlike opvoeding en sport was nie. Aangesien die kollege se program reeds oorvol was, het hy besluit dat sport en liggaamlike opvoeding nie 'n bestaansreg het nie (49, 58).

Die jaarverslag van 1914 bevat twee opmerkings, naamlik: dat daar deur die Heidelbergse Normaalkollege gimnastiekonderrig gegee word by die plaaslike skole, (50, 63) en meneer A J de Vos het dan ook gesê dat "*physical exercises of the correct type has largely replaced drillwork*" (50, 92).

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aan die einde van 1914 het meneer Collard vertrek om militêre diens te verrig. Niemand het hom vervang as instrukteur van liggaamsopvoeding te Heidelberg nie (50, 76). Daar was dus geen geleentheid om studente in Liggaamlike Opvoedkunde op te lei nie.

2.4.3 Die tydperk 1915 - 1926

Meneer A Stephen rapporteer in 1919 dat "*Physical Training is excluded from the curriculum of the farm schools. It often loses its value through want of skills and interest on the part of the teachers*" (51, 140). Hier is dus 'n duidelike verwysing dat die opleiding wat studente ontvang het nie voldoende was om hulle voor te berei vir die taak op skool nie.

Die prinsipaal van die Normaalkollege Pretoria stel voor dat voornemende onderwysers die geleentheid tot spesialisering moet hê en noem "physical culture" as een van die spesialiserings rigtings (52, 102). Gedurende hierdie jare word daar ook geen liggaamsopvoeders aan Potchefstroom gediplomeer nie.

Volgens die Onderwysburo is liggaamlike opvoeding in 1923 in die Unieverdedigingsmag, onder kaptein Ward-Tetley aangebied. Die Suid Afrikaanse Polisie stuur sersant P Grobbelaar in 1925 na Aldershot om hom daar as instrukteur in liggaamsopvoeding te bekwaam. Dit wil dus voorkom asof die Polisiemag besef het dat daar 'n behoefte aan opgeleide personeel ten opsigte van liggaamsopvoeding was. 'n Direkte uitvloeisel van bogenoemde is die aankondigings van die prinsipale van die Normaalkolleges:

Mnr T A Dönges van Heidelberg en

Dr N M Hoogenhout van Pretoria het albei verklaar dat die

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kursus in Liggaamlike Opvoedkunde in 1927 vervang word met opleiding soos aangebied deur die Suid Afrikaanse Weermag (53, 52). Terselfdertyd word die behoefte aan persone wat onderrig kan gee in sport en spele, beklemtoon deur meneer J P Botha, kringinspekteur van Pretoria (53,93).

2.4.4 Liggaamlike Opvoeding op skool in 1926

Hoe het liggaamlike opvoeding dan op skool gelyk in hierdie tyd? Die departementele omsendbrief van Oktober 1926 (27,4+5) bevat die volgende onder die opskrif "LIGGAAMSOEFENINGE". "*Om gelykvormigheid te verkry by die gebruik van Afrikaanse terme, word Prinsipale versoek om die terme te gebruik van bygaande lys wat saamgestel is deur 'n verteenwoordigende vergadering van onderwysers en wat deur die Departement goedgekeur is*"(27,4). Hierna volg daar 'n volledige lys van bevele en bewegings. Hier volg enkele voorbeelde in elke afdeling van die les.

1 Rangskikkings vir klas

Klas - Aandag! Op die plek - Rus!

Klas - Rus!

Klas - Markeer - Die Pas! Links, Regs!

Halt! Een, Twee! Klas - Dek!

Met tweë - Tel af!

Leiers - tel af!

Ene van links, tweë na regs, met twee passe lyne oop - Mars!

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Inleidende oefeninge

Kopoefeninge

Kop vooroor - Buig! Kop - Regop!

Kop agteroor - Druk! Kop - Regop!

Kop vooroor - Sak! Kop - Regop!

Voete en Beenoefeninge

Voete - Toe! Voete - Oop! Voete wyd - Oop!

Voete - Sprei! Een, twee. Voete saam - een twee.

Linker (regter) voet vorentoe, skuins kant toe of agtertoe - plaas!

DIEP ASEMHAAL

Haal asem met nommers - 1, 2
As arm en hoofbewegings saamgaan met die asemhaling, bevorder dit 'n goeie ontwikkeling van die borskas. Die klas behoort hulle egter deeglik te ken voordat hulle op die manier gebruik word, anders is dit moontlik dat die kinders al hul aandag sal gee aan hierdie oefeninge in plaas van die asemhaling wat die hoofsaak is.

Rompoefeninge

Romp agteroor - buig! Romp - regop!

Romp vooroor - buig! Romp regop!

Armoefeninge

Arms boontoe - buig! Arms kanttoe - strek!

Arms vorentoe - strek! Arms boontoe - strek!

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Skouerbladoefeninge

Heupe - vas!
Arms vorentoe - buig! Arms - uit!
Nek - rus! Kop - rus! Voorkop - rus!
Arms in die rondte swaai met nommers - 1 - 2!
Arms vir stamp - buig! (Vuis sluit).
Linker arm - begin! Halt! Een! Twee!

Balanseeroefeninge

Hakke - lig! Hakke - sak! Tone - lig! Tone - sak!
Linker (regter) knie - lig! Voet boontoe - buig!

Romp Draai en Buig

Romp links (regs) - draai!
Romp links (regs) - buig!
Speletjies.

Springoefeninge
(Maak klaar om te spring met nommers).

Hakke lig - Een! Knieë buig - Twee!
Regop Spring! Drie! Vier!
Spring op linker en regter tone beurtelings beginnende op die linker tone - begin!
Draf in 'n groot kring - begin! Halt!
Diep asemhaal!
Dit was die totale les in liggaamsoefeninge. Dus 'n streng militaristiese benadering. Hierdie lesprogram maak dit dus duidelik waarom die Weermag ingeroep is om te help met die onderrig van voornemende liggaamlike opvoeding onderwysers. Die Weermag het die opleiding waargeneem tot aan die einde van 1932. In 1933 word die opleiding van liggaamlike op-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



voeders aan die Normaalkollege Pretoria oorgeneem deur die Suid-Afrikaanse Polisie (54,20).

## 2.5 DIE ROL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE WEERMAG EN DIE POLISIE IN DIE OPLEIDING VAN L.O. ONDERWYSERS

Ten einde te bepaal waarom die Transvaalse Onderwysdepartement by geleentheid die Weermag en Polisie genader het om die liggaamsopvoeding aan die Onderwyskolleges waar te neem, moet daar gekyk word na die stand van liggaamsopvoeding by die twee betrokke instansies gedurende daardie tydperke.

### 2.5.1 Die rol van die Suid-Afrikaanse Weermag

Gedurende die jare 1922 - 1924 het die Suid-Afrikaanse Weermag baie moeite gedoen om liggaamlike opvoeding op 'n gesonde grondslag te plaas. Probleme waarmee die militêre owerhede in Pretoria te kampe gehad het, was fondse. 'n Tweede probleem wat die kommandant van die S A Militêre Skool insake die koördinering van liggaamlike opleiding in die Unie ondervind het, was die feit dat die studente wat hulle by dié skool aangemeld het vir kursusse, kadetoffisiere was wat die opleidingsprogramme, soos deur die Departement van Onderwys in Transvaal neergelê, as onderwysers by hul onderskeie skole moes uitvoer. Die liggaamlike opleiding wat by die S A Militêre Skool aangebied is, het verskil van die onderrig wat by die skole gegee is. Dit het meegebring dat die onderwysers na voltooiing van kursusse aan bogenoemde inrigting, die stelsels en metodes waarvolgens oefeninge aan hierdie inrigting uitgevoer is, moes laat vaar (36, 55). Die Weermag het besef dat daar iets aan die situasie gedoen moes word. Die opleiding wat hulle aan kadetoffisiere verskaf het, was nie geskik vir skoolaktiwiteite nie. Wat egter onrusbarend is, is dat daar nie aangedui word of die onderwysers enigsins opgelei is om aan die behoeftes van die laerskool-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kind te voldoen nie.

Ten einde die liggaamlike opvoeding opleiding op 'n meer toepaslike grondslag te plaas het die Weermag in 1923 vir majoor T H Ward-Tetley, van die Wiltshire Regiment, na die Unie Verdedigingsmag gesekondeer. Hy het op 12 Oktober 1923 by die S A Militêre Skool, Robertshoogte, diens aanvaar (35, 56). Majoor Ward-Tetley het verskeie kursusse aangebied vir Staandemaglede. Hierdie kursusse was redelik omvattend en het beslis 'n groot bydrae gelewer tot die opleiding van instrukteurs in liggaamlike opleiding. Die leerplan het in hooftrekke uit die volgende bestaan:

1 Liggaamlike opleiding - wat onder andere hindernisbaanopleiding en spankompetisies bevat het.

2 Boks

3 Stoei

4 Atletiek

5 Gimnastiek

6 Skerm

7 Swem

8 Netbal

9 Massering

10 Noodhulp

11 Rekreatiewe opleiding (36, 56-58).

Afgesien van bogenoemde kursus wat oor 'n lang tydperk gestrek het, is daar ook lesprogramme opgestel vir kursusse wat 30 dae en kampe wat 10 dae geduur het. Die belangrikheid van die lang kursusse is daarin geleë dat hulle die grondslag gelê het vir die opleiding van instrukteurs in die Unie-Verdedigingsmag in liggaamlike

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



opleiding (35, 64).

As gevolg van die feit dat die Weermag ná majoor Ward-Tetley se besoek, oor goed-opgeleide liggaamlike opvoeding instrukteurs beskik het, kan daar aanvaar word dat die Transvaalse Onderwysdepartement met die Weermag geskakel het en sodoende gereël is, dat die betrokke instrukteurs sou help met die opleiding van onderwysers in liggaamlike opvoeding. Die prinsipale van Heidelberg en Pretoria normaalkolleges het in 1926 aangekondig dat die Suid-Afrikaanse Weermag vanaf 1927 verantwoordelik sou wees vir liggaamlike opvoeding aan die kolleges (53, 52). Die hoofdoel was die opleiding van kadetoffisiere. Hierdie opleidingsprogram het onder andere ook 'n goeie program in liggaamlike opvoeding ingesluit.

2.5.2 Die rol van die Suid-Afrikaanse Polisie

In die vroeë dertigerjare het die Suid-Afrikaanse Polisie baie aandag geskenk aan die opleiding van instrukteurs in liggaamlike opvoeding. Hierdie kursusse was só geslaagd dat die Suid-Afrikaanse Weermag van sy staandemag personeel na die Polisiedepot in Pretoria gestuur het vir opleiding (36,69).

Daar kan aanvaar word dat die Onderwysdepartement kennis geneem het van hierdie verwikkelinge. Vanaf 1933 het die Suid-Afrikaanse Polisie die opleiding van onderwysers in liggaamlike opvoeding by die Pretoriase normaalkollege oorgeneem. As daar gekyk word na die leerplan wat gevolg is by die Polisiedepot, dan is dit baie duidelik dat die liggaamlike opleiding goed beplan is en dat dit 'n baie goeie instrukteur in liggaamlike opvoeding as eindproduk opgelewer het, eerder as 'n onderwyser.

Ten einde die voorafgaande stelling beter toe te lig is dit nodig om aan te dui wat die opleiding van 'n instruk-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



teur behels. Waar die liggaamsopvoeder opgelei word om die kind tot volwassenheid te lei deur liggaamlike opvoeding, bemoei die instrukteur hom met die liggaamlike opleiding van volwassenes.

2.5.2.1 Liggaamlike opleiding

Geyer het verskeie teorieë ondersoek om aan te dui wat bedoel word met liggaamlike opleiding. "*Die term liggaamlike opleiding is en word tot vandag toe veral by die gewapende magte aangetref waar dit gebruik word om die hele program van liggaamlike kondisionering aan te dui wat aangewend word ter voorbereiding van die soldaat se veeleisende en gespesialiseerde taak. In hierdie sin beteken opleiding die liggaamlike bekwaammaking vir 'n spesifieke doel*" (36, 4). Die ontwikkeling van krag en uithouvermoë deur middel van gesag, formaliteit en gehoorsaamheid vorm 'n integrale deel van liggaamlike opleiding. "*In so 'n opleidingstelsel is daar min geleentheid vir die ontwikkeling van insiatief, selfuiting, genot of aanvaarbare sosiale waardes. Dit dien slegs een definitiewe doel: Die voorbereiding vir militere diens*" (36, 4).

Volgens 'n handleiding vir liggaamlike opleidingsinstrukteurs in die leër, is liggaamlike opleiding 'n voorbereidingsprogram vir oorlogvoering. Die opleidingsprogram van die Suid-Afrikaanse Weermag is veral gerig op liggaamlike opleiding (18, 1). Die liggaamlike opleidingsprogram van die Weermag is dus hoofsaaklik gemik op die verkryging van fisieke fiksheid. Die volgende uittreksel gee 'n breë oorsig oor die doel van liggaamlike opleiding.

2.5.2.2 Doelstellings van fisieke fiksheid in die Suid-Afrikaanse Weermag

1 As die doelstellings van fiksheid vir 'n Weermag bepaal word, moet in ag geneem word dat militêre fiks-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



heid saamgestel is uit:

a Tegniek.

b Geestelike en emosionele fiksheid.

c Fisiese fiksheid.

2. Die doelstellings van fisiese fiksheid in die Suid-Afrikaanse Weermag is:

a Om die rekruut liggaamlik en geestelik vir oorlog voor te berei. Dit sluit in:

i Die onwikkeling van algehele fisiese fiksheid.

ii Die onderrig van doelgerigte militêre vaardighede, soos handgemeen en kartetsoefeninge.

iii Die ontwikkeling van geestelike wakkerheid.

iv Die ontwikkeling van karakter.

v Die ontwikkeling van leierskap.

vi Die ontwikkeling van liggaamlik-agterlike manne.

b Om die opgeleide soldaat se fiksheid vir sy besondere rol in oorlog te behou. Dit sluit in:

i Behoud van 'n hoë standaard van algehele fisiese vaardigheid.

ii Die aanwending van doelgerigte militêre vaardighede by die voorbereidings van oorlog.

iii Die ontwikkeling van wilskrag en uithouvermoë.

iv Die kondisionering van manne wat ongeskik geraak het.

v Die ontwikkeling van leierskap en selfvertroue.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



c Die bevordering en behoud van goeie gesondheid en fisiese welsyn van:

i Manne van 35 jaar en ouer.

ii Werknemers en kantoorwerkers.

d Rekrute moet liggaamlik en geestelik ontwikkel word. Dit sluit die volgende in:

i Voorbereiding en streng uitvoering van L O lesprogramme.

ii Ontwikkeling van spieruithouvermoë in L O lesse.

iii Progressie in L O lesprogramme.

iv Verbetering van fisies swakker of agterlike soldate.

v Nie L O misbruik nie.

vi Onderrig van vaardighede, 'n wilskrag om te wen en ook om rekrute liggaamlik fiks te kry.

e Selfvertroue, verkry deur fisiese prestasie en wapenvaardigheid, versterk die onstuitbare vasberadenheid om te wen. Die soldaat moet hierdie eienskappe aanleer omdat dit hom sal help tydens sy moeisame opleiding wat die volgende behels:

i Verbeeldingrykheid.

ii Realisme

iii Entoesiasme.

Alle liggaamlike opleiding in die Suid-Afrikaanse Weermag moet hoofsaaklik gerig wees op die ontwikkeling van militêre hoedanighede.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



f Die volgende lys van hoedanighede wat deur die liggaamlike opleiding ontwikkel word, sal die belangrikheid daarvan in die Suid-Afrikaanse Weermag beklemtoon, aangesien hierdie hoedanighede by elke goeie soldaat noodsaaklik is:

i Positiewe goeie gesondheid en algemene fisiese ontwikkeling.

ii Krag en uithouvermoë.

iii Verwerwing van militêre vaardighede.

iv Leierskap en verantwoordelikheid.

v Wilskrag en beslistheid.

vi Moed, karakter en wakkerheid van gees.

vii Vinnige reaksie en spoed.

viii Inisiatief en entoesiasme.

ix Selfdissipline en spangees.

x Veggees.

xi Die vermoë om te swem (18, 1-5).

Bogenoemde doelstellings vir liggaamlike opleiding het 'n sterk militêre inslag en is gerig op die ontwikkeling van fisiese vaardighede ten einde die rekruut voor te berei vir oorlogsituasies.

Indien daar op vergelykenderwys gekyk word na die onderwysdoelstellings van liggaamlike opvoeding, kan daar baie duidelik gesien word hoe hulle van die voorafgaande doelstellings vir liggaamlike opleiding verskil. Vir hierdie doel kan die doelstellings vir liggaamlike opvoeding, soos deur Botha (4,6 en 7) saamgestel is, aangewend word.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.5.2.3 Doelstellings van liggaamlike opvoeding

1 In die liggaamlike opvoeding gaan dit om die bewegende mens met 'n eie unieke liggaamlikheid.

2 Persoonlikheidsontplooiing en bewegingslus, positiewe eie liggaamsbeeld, eerbied vir die eie liggaam en fisieke fiksheid.

3 Bewegingsvorming en verryking van die bewegingslewe deur voldoende bewegingservaring.

4 Waardering vir die diepere waardes deur bewegingservaring en liggaamsbelewing; vreugdebelewing in en uitdrukkingsmoontlikheid deur beweging.

5 Verantwoorde spelbeoefening en gesindheidsvorming in die spelsituasie.

6 Prestasievorming om sodoende tot selfontdekking en selfbeoordeling te geraak.

Bogenoemde doelstellings het 'n sterk opvoedkundige grondslag en is gerig op die liggaamlike en geestelike ontwikkeling van die leerling op weg na volwassenheid.

Die doelstellings vir liggaamlike opvoeding, gee 'n duidelike beeld van- en insig in die verskil in benadering tussen die opleiding van 'n instrukteur en dié van 'n onderwyser in liggaamlike opvoeding. Dit kan dus aanvaar word dat die leerplaninhoude deur die lede van die Suid-Afrikaanse Polisie en die Suid-Afrikaanse Weermag só aangebied was, dat hulle 'n instrukteur eerder dan 'n onderwyser, opgelei het.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.5.2.4 Die leerplan vir liggaamlike opleiding soos aangebied deur die Suid-Afrikaanse Polisie

* Liggaamlike opleiding - onder andere Aldershot-tegniek; Deense lesprogramme; Europese L O ; figuurmarsjeerwerk.
* Kompetisies - spanspele
* Hindernisopleiding
* Boks
* Atletiek
* Bajonetskerm
* Stoei
* Gimnastiek
* Swem
* Joe-Jitsoe
* Noodhulp
* Aangeebal
* Dissipline
* Bykomende onderwerpe - Indiese knuppels, figuurmarsjeer, hoë perd, stoelvertoning, stokdril en massage (36, 70-71).

Algemeen gesproke was die leergang van die S A Polisie-depot omvattend en het dit voorsiening gemaak vir lesings oor die beginsels van liggaamlike opvoeding, die doel en omvang daarvan asook aangaande die geskiedenis van die vak.

Alhoewel die teoretiese gedeelte slegs 20% van die totale aanbieding uitgemaak het, beteken die insluiting van bogenoemde vakke noodwendig 'n positiewe verdieping en verbreding van die student se agtergrondkennis, van liggaamlike opvoeding.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Lesings met betrekking tot anatomie en fisiologie was meer uitgebrei as vroeër en die insluiting van euritmiek in die leerplan is verrassend (36, 76).

Bogenoemde leerplan het beslis baie grondslae van Liggaamlike Opvoedkunde bevat. Hierdie opleidingsprogram was sekerlik die begin van die komponente van Liggaamlike Opvoedkunde wat tans bestudeer word by die opleiding van leerkragte. Dit is nie duidelik of die Suid-Afrikaanse Polisie by al die onderwyskolleges in Transvaal betrokke was met die opleiding van studente in liggaamlike opvoeding nie.

Soos reeds gemeld, het die prinsipaal van die Pretoriase Normaalkollege in sy jaarverslag verklaar dat die Suid-Afrikaanse Polisie verantwoordelik was vir die liggaamlike opvoedingsafdeling. Om vas te stel watter rol die Polisie gespeel het, is persoonlik onderhoud gevoer met twee persone wat baie nou betrokke was. Die twee persone is kaptein Rootman (in 1933 hoof-konstabel Rootman) en majoor Claude Sterley (in 1933 rekruut by die opleidingsdepot).

2.5.2.5 Die Suid-Afrikaanse Polisie en die Onderwyskollege Pretoria.

In 'n onderhoud met kaptein Rootman het die volgende inligting na vore gekom. Kaptein Rootman onthou die gebeure soos volg. Hy word op 'n dag in 1933 na die kantoor van die kommisaris, generaal J P de Villiers, ingeroep. Daar ontmoet hy die prinsipaal van die Pretoriase Normaalkollege, professor J A S van Heerden. Professor van Heerden het sy kommer uitgespreek oor die fisiese voorkoms en die dissipline van die mansstudente. Hoofkonstabel Rootman en sersant Stokes word afgevaardig om die onderwyskollege te besoek en die liggaamsoefeninge waar te neem. "*My eerste ontmoeting met die mans was 'n ontnugtering. Hulle was on-*

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*versorgd en in sommige gevalle slordig. Nie net wat hul kleredrag betref nie maar ook hul liggaamlike voorkoms*". Hoofkonstabel Rootman se eerste opmerking was dat daar voortaan inspeksie sou wees ten opsigte van hare, naels en kleredrag voor die aanvang van 'n les. Hy het 'n beroep op hierdie studente gedoen om 'n goeie houding te handhaaf en altyd skoon en netjies te wees. Volgens hom is die onderwyser die "*dissipel van liggaamlike opvoeding en hy moet die vak uitdra na die leerlinge*". Hoofkonstabel Rootman het toegesien dat sersant Stokes die lesse in liggaamsoefeninge waarneem. Daar was twee periodes van een uur elk per week. Die oefeninge het hoofsaaklik bestaan uit vrystaande oefeninge wat afgesluit is met marsjeerwerk en sang. Rootman is gedurende hierdie jare beskou as 'n leier op die gebied van massa- en groepvertonings. Hy het aan alle afstuderende studente tabelle beskikbaar gestel. Hierdie tabelle het ten doel gehad om die onderwyser te help om leerlinge te dissiplineer en veral om formasie dril en gimnastiekvertonings uit te voer.

Aan die einde van die eerste jaar is daar 'n vertoning gelewer in die normaalsaal. Veral generaal Hertzog was beindruk met die gedissiplineerde en flink optrede van die studente.


Majoor Claude Sterley kan ook nog duidelik onthou hoe die polisie instrukteurs opgetree het tydens die liggaamlike opvoedingslesse. Claude Sterley het in 1933 by die Polisie opleidingsdepot aangesluit. Nadat hy verskeie kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde deurloop het, het hy ook opgetree as instrukteur vir liggaamsoefeninge by die normaalkollege in Pretoria. Majoor Sterley kan nog baie duidelik onthou hoe 'n liggaamsoefeninge les verloop het. Die studente het eerstens netjies aangetree vir inspeksie. (Meer as eenmaal is een gestuur om sy naels skoon te maak). Daar

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



is dan gekyk na kleredrag, hare, naels en algemene voorkoms. Hierna word daar in 'n kring gehardloop. Op 'n bevel verdeel die groep en tree in 'n driehoek formasie aan soos volg:




Die klas is altyd verdeel in groepe van vyf of sewe. Die instrukteur het altyd gereël dat die beste student op die nommer een posisie stelling inneem. Sodra die groepe netjies staan, word daar begin met opwarmingsoefeninge. Hierdie oefeninge het hoofsaaklik uit ritmiese bewegings bestaan. Hierna het krag- en houdingsoefeninge gevolg (bv. opstote, huppelspronge, ens). Na hierdie oefeninge was daar 'n sessie van "mind-stimulation exercises". En so 'n oefening was byvoorbeeld "sodra ek 'n beweging maak, sit almal". Daar was dan 'n geluid gemaak en normaalweg het almal gaan sit in plaas van te wag vir die beweging. Reaksietyd is ontwikkel deur die studente te laat hardloop en dan op 'n gegewe teken of bevel links, regs, vorentoe, agtetoe te laat beweeg. Die hele benadering was dus om 'n totale spierontwikkelingsprogram te kombineer met ontwikkeling van konsentrasievermoë. Hierdie was die aanvang gewees van wat vandag bekend staan as "strukturele oefenprogramme". Daar was dus harmonie tussen denke en beweging.

Na afloop van bogenoemde oefeninge, is daar formele gimnastiekonderrig gegee in vloeroefeninge en gesteunde sprongе.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Van die algemene tuimelbewegings was die kopwip, nek-wip en handoorslag. Baie gevorderde bewegings was byvoorbeeld 'n flik-flak. Gesteunde spronge is sonder springplanke gedoen en het bestaan uit hurk- en spreispronge met 'n kopwip as 'n gevorderde beweging.

Die Suid-Afrikaanse Polisie was dus verantwoordelik vir liggaamsoefeninge en in die besonder gimnastiek. Wat egter onverklaarbaar is, is die feit dat hierdie persone nie gebruik is om onderrig te gee in ander aspekte van liggaamlike opvoeding nie. Soos reeds aangedui, het die leerplan vir polisie-instrukteurs in liggaamlike opvoeding talle ander aspekte soos byvoorbeeld noodhulp, teorie van liggaamlike opvoeding en sport en spele ingesluit. Hierdie betrokke persone was gekwalifiseerde sportafrigters en sportorganiseerders. Volgens alle verslae van inspekteurs en ook hoofde is daar by die skole baie aandag gegee aan sportbedrywighede. Die onderwyser sou dus baat vind daarby indien hy ook opgelei kon word as organiseerder, afrigter en beampte.

## 2.6 DIE TYDPERK 1933 - 1937

Meneer W F Schoor, inspekteur van die Westelike-kring, berig in 1933 dat daar daagliks 10 minute aan liggaamsoefeninge bestee word by skole (54, 81). Dit is interessant om daarop te let dat hierdie beleid gestrook het met die aanbevelings van die Departement. In die "Regulasies betreffende Laerskole vir Blanke Kinders" word die volgende aanbevelings gedoen vir liggaamsoefening:

*"Die oefeninge moet gereeld, en in die ope lug gedoen word. 'n Kort tydperk elke dag is beter as twee langer tydperke elke week. As op sekere dae 'n langer tydperk toegestaan word vir spesiale dril of gimnastiek, moet daar 'n kort tydperk van oefening op die tussenkomende dae wees.*

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*In die substanderds moet die oefeninge nie in die aard van formele dril met juistheid van beweging wees nie. Liedere met gebare wat die vereiste bewegings gee, ritmiese beweging, spele, hardloop en spring is geskik, en die les moet nie meer as 15 minute duur nie"* (22, 30). Verder word daar aanbeveel dat georganiseerde spele, gimnastiek, swem en reddingswerk soveel moontlik aangemoedig moet word. Swem kan opgeneem word, maar alleenlik as dit deur die inspekteur goedgekeur is.

In Transvaal het die Uitvoerende Komitee in Augustus 1933 die skepping van agt supernumerêre poste gemagtig, waarvan sewe deur die Direkteur aan Liggaamsopvoeding toegewys is. Die aangestelde persone sou diens doen aan die normaalkolleges asook agt benoemde hoërskole. Dit was die eintlike begin van sistematiese opleiding in Liggaamlike Opvoedkunde aan die normaalkolleges (42, 12).

Die Direkteur van Onderwys was teen 1935 baie bekommerd oor die stand van liggaamlike opvoeding en veel meer nog oor die fisiese toestand van leerlinge. In sy jaarverslag skryf hy die volgende: "*Die liggaamlike geskiktheid van ons leerlinge laat veel te wense oor en wat erger is, die departement doen bloedweinig om dit te verbeter. Om te verbeter moet onderwysers beter opgelei word*" (55,19). Stappe is gedoen om instrukteurs in liggaamsopvoeding aan al die opleidingskolleges in Transvaal aan te stel. Die aanstelling van 'n man en 'n dame by elke kollege sal verseker dat die standaard verhoog en dat daar toesig gehou kan word by 'n beperkte aantal skole. Hy stel in die vooruitsig dat daar ten minste (3) drie rondreisende instrukteurs in liggaamlike opvoeding aangestel moet word (55, 19).

Die Onderwysburo berig dat daar in 1935 'n vergadering belê is van inspekteurs, mediese inspekteurs en sekere L O leerkragte om te rapporteer en voorstelle te maak ten einde

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



liggaamlike opvoeding onderrig op 'n gesonder grondslag te plaas (42, 12).

Volgens die inspekteursverslag van 1935 word daar in meeste gebiede (8) agt minute per dag aan liggaamsopvoeding spandeer (55, 111). Die verslag oor skole dui daarop dat 'n leerling 'n standerd ses sertifikaat ontvang het waarop aangetoon was dat die leerling liggaamsopvoeding geslaag het (55, 150). Hierdie toekenning wat die leerling ontvang het, dui daarop dat hy tydens sy skoolloopbaan onderrig in liggaamsopvoeding ontvang het. Dit beteken dat 'n onderwyser/es die leerlinge moes evalueer. Daar was dus beslis 'n noodsaaklikheid dat leerkragte só opgelei moes word dat hulle 'n behoorlike les kon aanbied en die werk wat gedoen is, kon toets en meet.

Negentien-ses-en-dertig (1936) kan met reg beskou word as die jaar waarin daar besef is dat daar daadwerklik opgetree moes word om toe te sien dat die vak liggaamlike opvoeding, sy regmatige plek in die totale opvoedingsprogram kon inneem. Die optrede van die Transvaalse Onderwysdepartement in die daaropvolgende jare, is inderdaad loofwaardig.

Gedurende 1937 bied die normaalkollege Potchefstroom op Saterdae klas aan in liggaamlike opvoeding vir diensdoende onderwysers en gedurende proefonderwys help die studente om die onderwysers op standaard te bring (57, 72-76). Liggaamsopvoeding het gedurende hierdie jaar nog steeds net tien minute per dag in beslag geneem. Talle onderwysers het gevoel dat hulle onbevoeg was om die vak tot sy reg te laat kom (57,102).

Die Normaalkollege in Johannesburg probeer om hierdie probleem te verlig deur "opfrissingskursusse" in liggaamlike opvoeding vir leerkragte aan te bied. Junior en senior werk

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



word geskei en klasse word in die aande aangebied tussen 19h30 en 21h30 (57, 122).

In 1937 het die Transvaalse Uitvoerende Komitee vier verdere supernumerêre poste vir liggaamlike opvoeding geskep. Dié poste is in die buiteland geadverteer en deur bemiddelling van die Suid-Afrikaanse Ambassades is die volgende persone aangestel: G van der Tas, A P Rutgers, Ferguson (almal Holland) en M Dixon (Engeland). In dieselfde jaar is vier studieleningsbeurse van £200 elk vir hoogstens drie jaar uitgeloof aan gekeurde applikante om hulle in liggaamlike opvoeding verder te bekwaam aan goedgekeurde buitelandse universiteite en kolleges (21,1). Gedurende hierdie tydperk is daar ook 21 nuwe poste in liggaamlike opvoeding geskep, twee vir elke normaalkollege en die res sou aan groepe hoërskole werksaam wees. Bevestiging van liggaamlike opvoeding as 'n volwaardige vak in skole, is bevorder deur aanbevelings van 'n onderwyskommissie wat in 1937 deur ds W J Nicol gelei is.

## 2.7 'N ONDERSOEK DEUR DIE ONDERWYSKOMMISSIE ONDER LEIDING VAN W J NICOL IN 1937

### 2.7.1 Inleiding

Ingevolge Administrateurskennisgewing nommer 124 van 3 Maart 1937 is daar 'n Provinsiale Onderwyskommissie benoem om ondersoek in te stel na die onderwysstelsel in Transvaal. Hierdie kommissie het bestaan uit:

Ds W Nicol (Voorsitter)
Mnr S C A Cosser
Mnr J Duthie, LPR
Dr E G Malherbe
Mnr F van Zyl Slabbert, LPR
Mnr B J Smit, LPR
Mnr A Stephen
Mnr A P Swart, LPR

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Mnr F Handel Thompson, LPR
met
Mnr J C van Woudenberg (Sekretaris van die
van die Skoolraad, Middelburg), as sekretaris.

2.7.2 Taakopdrag

Die taak van die Kommissie was om "*ondersoek in te stel na die onderwysstelsel van hierdie Provinsie ten einde aanbevelings te doen wat daartoe mag strek om die doelmatigheid van die stelsel te vermeerder, dit te laat aanpas by die modernste ontwikkelings op onderwysgebied, en dit in staat te stel om op bevredigende wyse te voldoen aan die vereistes van alle klasse van die bevolking*" (60, 5).

Ten einde hierdie taakopdrag uit te voer, het die Kommissie getuienis aangehoor en memorandums aangevra oor verskeie aspekte van onderwys in Transvaal. 'n Lys van onderwerpe waaroor inligting verlang is, het in 'n algemene omsendbrief nommer 11 van 1937 verskyn. Dit is insiggewend dat een van die onderafdelings die volgende bevat het:

Liggaamsversorging

a Geneeskundige en Tandheelkundige behandeling.

b Voeding.

c Liggaamsoefeninge.

Die Kommissie het 'n indringende ondersoek na die stand van liggaamlike opvoeding gedoen en verskeie aanbevelings gemaak. Hierdie aanbevelings is gemaak op grond van hul bevindings ten opsigte van die vak soos dit gedurende daardie tyd aangebied is.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 2.7.3 Die bevindings van die Kommissie

Liggaamlike opvoeding is geensins 'n nuwe vak in die leerplan nie. Sommige getuies het betoog dat dit verwaarloos word in baie skole en dat dit nie die resultate lewer wat daarvan verwag word nie. Die feite is dat:

a) baie min onderwysers oor die opleiding en voorbereiding beskik om liggaamsoefening op so 'n manier te doseer dat die leerlinge die volle waarde daaruit haal; trouens baie van ons getuies beweer dat bepaalde skade in die verlede berokken is deur indiensneming van onopgeleide onderwysers vir hierdie vak;

b) die meeste skole nie behoorlik toegerus is vir lesse in liggaamsoefening nie;

c) liggaamsoefeninge op die oomblik nie beter as enige ander kulturele vak vaar nie, in die sin dat die meeste tyd aan die gereelde eksamenvakke bestee word gedurende die beperkte skooldag (60, 187).

Uit die ondersoek blyk dit dat die volgende gedoen word:

In samewerking met die Unie-regering tree die provinsie egter nou handelend op om te voldoen aan die wêreldwye versoek dat meer aandag aan hierdie vak (liggaamlike opvoeding) bestee moet word -

a) Spesialiste is by die normaalkolleges in 'n paar poste benoem;

b) Onderwysers in liggaamsoefening is vir verdere opleiding na die buiteland gestuur;

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



c) Onderwysers wat in verband staan met die kadetbeweging ontvang van tyd tot tyd verdere opleiding op Voortrekkerhoogte;

d) 'n Bedrag van £3000 word jaarliks deur die Unieregering uitgehou vir die gebruik van die provinsie Transvaal in verband met die opleiding van onderwysers in liggaamsoefening.

e) Verskeie skole het onderwysers in liggaamsoefening en spele benoem uit hul eie skoolfondse (60, 188).

2.7.4 Aanbevelings van die Kommissie

As gevolg van die bogenoemde inligting het die Kommissie die volgende aanbevelings gemaak wat liggaamlike opvoeding betref.

Die Kommissie beveel aan dat staande komitees van inspekteurs en onderwysers deur die Departement saamgestel word om wysigings aan die sillabus vir een of meer vakke te oorweeg, dat die hoofinspekteur die werk van hierdie komitees koördineer en dat hulle bevindings vir die onderwysberoep beskikbaar gestel word. Waar nodig kan die hulp van deskundiges uit die ander provinsies ingeroep word of kan getuienis van hulle verkry word (60, 154).

In paragraaf 666 van die verslag beveel die Kommissie die volgende aan:

a) opsieners vir liggaamsoefeninge moet aangestel word;

b) liggaamsoefeninge in die primêre skool moet deur die algemene personeel aangebied word;

c) spesialis onderwysers moet in die sekondêre skole aangestel word;

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



d) die Normaalkolleges moet opleiding verskaf in liggaamsoefeninge en ook die studente leer om die vak aan te bied;

e) vakansiekursusse vir diensdoende personeel moet gereeld aangebied word;

f) daar ondersoek ingestel word na die daarstelling van 'n Departement Liggaamlike Opvoeding by een van die mediese skole (fakulteite by universiteite).

Insake aftreding van onderwyseresse beveel die Kommisie aan dat die pensioen bepalings ső verander word:

a) dat instruktrises van liggaamsopvoeding toegelaat word om op 45 af te tree en

b) dat sulke instruktrises gevra mag word om op 45 met pensioen af te tree (60, 177).

Ten opsigte van Gimnasia word die volgende aanbeveel:

a) dat daar gepoog moet word om alle sekondêre en groot primêre skole te voorsien van sale wat ook benut kan word as gimnasiums;

b) dat daar so gou moontlik 'n ten volle toegeruste gimnasium by elke sekondêre skool opgerig sal word naas die skoolsaal;

c) waar daar nie gimnasiums beskikbaar is nie, moet 'n gedeelte van die skoolgronde onder dak geplaas word en 'n geskikte vloer gegooi word.

Apparaat vir liggaamsoefeninge moet verskaf word op dieselfde grondslag as apparaat of voorraad vir enige ander vak.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar word ook aanbeveel dat die Departement besluit op 'n spesifieke sisteem (bv. Sweedse, Deense, Duitse) en dat daar so gou moontlik 'n handboek beskikbaar gestel word.

Ten slotte verklaar die Kommissie dat liggaamlike opvoeding meer aandag moet geniet aangesien dit vir die onderwyser spesiale waarde het, naamlik die ontwikkeling van persoonlikheid. "*Many a forceful character is obscured by ungraceful movement*" (60,177).

2.7.5 Die uitvloeisel van die Kommissie se ondersoek

'n Direkte uitvloeisel van die Nicol-verslag is vervat in algemene omsendbrief nommer 10 van 12 Mei 1938 wat aankondig dat daar vanaf 1940 'n spesiale eenjarige kursus in Liggaamlike Opvoedkunde in Johannesburg aangebied sal word. Na verdere samesprekings volg omsendbrief nommer 24 van 4 Desember 1939, waarin spesiale eenjarige kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde te Johannesburg (mans en dames) te Pretoria (dames) en te Heidelberg vir mans bekend gemaak word.

Om toegelaat te word tot bogenoemde kursusse moes daar aan die volgende vereistes voldoen word:

a) Aansoek om toelating moet op die voorgeskrewe vorm TOD 117 by die prinsipaal van die normaalkollege gedoen word.

b) Applikant moet in besit wees van:

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



* ten minste die Transvaalse laeronderwysdiploma of 'n gelykwaardige sertifikaat;
* 'n mediese ondersoek ondergaan;
* deur 'n inspekteur van onderwys aanbeveel word;
* 'n ooreenkoms vorm (TOD 1363) voltooi.

c) Applikante wat toegelaat word kan in aanmerking kom vir toekenning van leningsbeurse.

d) Alle kandidate word onderwerp aan 'n proefperiode van een maand (60, 93-94).

Ander belangrike besluite is ook deur die Departement geneem na aanleiding van die ondersoek. Die Departement, en dus die normaalkolleges, sou voortaan verantwoordelik wees vir die opleiding van leerkragte vir die primêre skool, terwyl spesialiste met vier jaar opleiding vir hoërskole, deur die universiteite opgelei sou word (58, 14).

Een van die belangrikste besluite wat deur die Departement geneem is, was dat daar van 1938 af voorsiening gemaak sou word vir die aanstelling van 'n lektor en lektrise aan elke onderwyskollege. Vir die eerste keer kon hierdie poste op 'n voltydse basis gevul word (58, 22). Hierdie toegewing het meegebring dat daar gedurende 1939 'n kursus in Liggaamlike Opvoedkunde ingestel word aan die Heidelbergse Onderwyskollege. Daar het egter verwarring geheers oor watter stelsel gevolg moes word (55, 130). Dosente van die vier onderwyskolleges het toe vergader om die opleidingstelsels te bespreek. Hulle het aangevra dat minstens vyf ure per week beskikbaar gestel word vir die opleiding van spesialiste in Liggaamlike Opvoedkunde. Die Onderwysdepartement het dit egter beskou as 'n onredelike aansoek en wou dit nie toestaan nie (58, 136).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Gedurende 1939 word mnr G van der Tas aangestel as instrukteur in Liggaamlike Opvoeding. Vir die eerste keer verskyn daar 'n leerplan wat 'n basis bied vir die onderrig van die vak op skool. Die leerplan het bestaan uit die volgende:

'n Tweejarige kursus wat die volgende vakke behels het:

Teorie en praktyk van liggaamlike opvoeding

Fisiologie

Higiëne

Noodhulpdiploma (42, 12).

Die opleiding was dus daarop gemik om meer aandag te gee aan die ontwikkeling van die leerling asook om agtergrondstudie te verskaf in die vak.

Ten einde meer leerkragte die geleentheid te bied om liggaamlike opvoeding te onderrig, is daar vakansiekursusse aangebied. Sulke kursusse is gehou opeenvolgend aan die Potchefstroomse normaalkollege in Oktober 1939 (29, 1). Instrukteurs aan ander normaalkolleges is versoek om aandag te gee aan die reëls van voorsettingsklasse in liggaamlike opvoeding (30, 1), en instrukteurs in liggaamlike opvoeding word gemagtig om getuigskrifte uit te reik aan onderwysers wat 75% van die klasse bygewoon het.

Al drie hierdie soort kursusse (spesiale eenjarige-; vakansie- en voortsettingskursusse) is toegespits op die bekwaming van onderwysers in liggaamlike opvoeding aan die primêre skool (42, 15). By herhaling is uitvoerige voorskrifte aan skole gegee insake ongelukke en maatreëls wat moes geneem word ter voorkoming daarvan (28, 1 en 30, 1). Die voorskrif was ook baie duidelik dat apparaat slegs

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onder toesig van opgeleide liggaamlike opvoeding instrukteurs gebruik mag word.

## 2.8 DIE NASIONALE ADVISERENDE RAAD VIR LIGGAAMLIKE OPVOEDING

### 2.8.1 Inleiding

Terwyl die kommissie onder leiding van Nicol besig was met die verwerking van alle gegewens wat hulle ingesamel het, was daar verdere ontwikkeling op die gebied van liggaamlike opvoeding. Gegewens wat hierna volg, sal 'n aanduiding gee van 'n nuwe benadering tot liggaamlike opvoeding op nasionale vlak.

### 2.8.2 Historiese agtergrond

In 'n ongedateerde memorandum, wat vermoedelik teen die einde van 1937 opgestel is, het die destydse Sekretaris van Verdediging die Minister van Verdediging meegedeel dat daar by Unie-Verdedigingsmagte belangstelling heers om die stelsels van liggaamlike opvoeding wat in die meeste beskaafde lande daargestel word, na te gaan.

Europese lande soos Brittanje, Duitsland, Denemarke en die Verenigde State van Amerika het groot sukses behaal met die verbetering en handhawing van liggaamlike fiksheid van die jeug. Daar het in Suid-Afrika 'n behoefte ontstaan om soortgelyke doelstellings na te streef.

Die Sekretaris van Verdediging het ook daarop gewys dat daar in Suid-Afrika talle jeugdiges is wat nie geleentheid gehad het om onderrig te ontvang in liggaamlike opvoeding nie, terwyl ander geen aandag aan hul liggaamlike welsyn bestee het nie (36, 93).

Die voorafgaande faktore het grootliks bygedra tot die ge-

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



dagte dat daar ondersoek ingestel moes word na 'n nasionale skema vir liggaamlike opvoeding. 'n Nasionale skema sou kon voorsien in die behoeftes van alle instansies in Suid-Afrika.

Gedurende 1937 het verteenwoordigers van verskeie staats-departemente, opvoedkundige inrigtings en opvoedkundige liggame in Bloemfontein vergader ten einde 'n nasionale skema vir liggaamlike opvoeding vir die Unie van Suid-Afrika, daar te stel. Die hoofde van die Departement van Onderwys, Gesondheid en Verdediging het verslae oor 'n nasionale skema vir liggaamlike opvoeding aan die betrokke ministers na afloop van hierdie vergadering (36,93).

Die departementele verslae het talle bruikbare en kon-struktiewe voorstelle bevat, maar die implementeringskoste was te hoog. Die ministers van Verdediging en Onderwys het opdrag gegee dat daar ondersoek ingestel moet word na 'n skema wat sou inpas by bestaande fasiliteite vir lig-gaamlike opvoeding. Na vele samesprekings met Dr G v W Eybers, professionele raadgewer van die Departement van Onderwys, mnr Kreft, Direkteur van Onderwys van Transvaal en mnr Forsyth, onder-sekretaris van die Departement Volks-welsyn is 'n komitee gevorm. Sekere breë beginsels vir 'n doeltreffende nasionale skema vir liggaamlike opvoeding is ingedien en aanvaar (36, 94).

### 2.8.3 Die nasionale skema vir liggaamlike opvoeding

Bogenoemde komitee het 'n nasionale skema vir liggaamlike opvoeding saamgestel. Hierdie skema is in 1937 deur die kabinet goedgekeur en sou veral aan twee belangrike as-pekte aandag gee.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1 Die verbetering en uitbouing van geriewe van die Departemente van Onderwys, Verdediging en die Suid-Afrikaanse Spoorweë.

2 Om geleenthede te skep vir lede van die algemene publiek om onderrig in gimnastiek op 'n gereelde basis te ontvang (36, 94).

Die Suid-Afrikaanse Polisie en Unie-Verdedigingsmag het verpligte liggaamlike opleiding aan hule lede verskaf. Die lede van die komitee was van mening dat deelname aan liggaamlike opleiding ook vir sekere groepe persone in onderwysinrigtings verpligtend moes wees. Die volgende groepe moes hierby ingesluit word:

1 Alle skoolgaande kinders.

2 Vakleerlinge wat volgens wet verplig is om klasse ten aansien van hulle voorgenome ambag te loop.

3 Studente-onderwysers tydens hulle opleiding; met dien verstande dat die Onderwysowerhede, onder wie die verskillende groepe sorteer, van dié groep eis om aan liggaamlike opleiding deel te neem (36, 94).

Ten einde suksesvolle aanbieding van liggaamlike opvoeding van skoolkinders te verseker, moes die Departemente Verdediging en Onderwys ten nouste saamwerk. Die samewerking het 'n nuwe benadering ten opsigte van liggaamlike opvoeding teweeg gebring. Geyer (36,95) dui aan dat die volgende beginsels aanvaar word.

1 Skooloutoriteite, eerder as kadetoffisiere, moes liggaamlike opvoeding aan die skoolgaande jeug verskaf.

2 Die Departement van Verdediging behoort verantwoordelik te wees vir alle fasette van opleiding vir lede

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die kadetbeweging, insluitende liggaamlike opleiding.

3 Liggaamlike opvoeding moet as deel van die skoolkurrikulum beskou word en gedurende skoolure aangebied word.

4 Liggaamlike opleiding moet 'n verpligte deel van kadetopleiding wees en moet sover moontlik gedurende skoolure plaasvind.

5 Voorsiening moet gemaak word vir die opleiding van onderwysers op die gebied van liggaamlike opvoeding. Deskundiges verbonde aan Robertshoogte en die onderwyskolleges, moet gebruik word vir die in-diensopleiding van onderwysers. "*Studente-onderwysers sou tydens hul opleiding in die geleentheid gestel word om, saam met hul algemene kursusse, die nodige opleiding in die beginsels en metodiek van liggaamlike opvoeding te ontvang en opgeleide onderwysers moet soortgelyke geleenthede gebied word*" (60,95). Dit sou meegebring het dat skole en ander inrigtings mettertyd oor voldoende gekwalifiseerde onderwysers op die gebied van liggaamlike opvoeding, beskik.

Die komitee wat verantwoordelik was vir die samestelling van die nasionale skema vir liggaamlike opvoeding het besef dat die werksaamhede wat in die skema vervat is, gekoördineer moes word. Hulle het aanbeveel dat 'n Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding in die lewe geroep moet word.

2.8.4 Die samestelling van die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding

Verskeie instansies moes verteenwoordig word in hierdie raad (36, 95-96).

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1 Die Sekretaris van die Departement van Onderwys sou optree as voorsitter.

2 Elke provinsie sou 'n verteenwoordiger hê, verkieslik die hoof van die betrokke Onderwysdepartement.

3 Die Sekretaris van Verdediging.

4 Die Sekretaris van Volksgesondheid.

5 'n Verteenwoordiger van die Departement van Volkswelsyn.

6 'n Verteenwoordiger van die Verenigde Munisipale Uitvoerende Komitee.

7 'n Deskundige op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde verbonde aan die Departement van Unie-Onderwys.

8 Een onderwyseres in liggaamlike opvoeding.

9 'n Verteenwoordiger van vrywillige organisasies wat werk in verband met liggaamlike opvoeding verrig.

2.8.5 Doelstellings van die Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding

Jan H Hofmeyer het die doel van die Adviserende Raad as volg opgesom: "*Die Nasionale Adviserende Raad vir liggaamlike opvoeding is in die lewe geroep met die doel om die ontwikkeling van liggaamlike opvoeding vir leerlinge en studente, sowel as ander volwassenes te koördineer en te stimuleer*" (9,iv).

Die Raad se verdere opdrag was om die Minister van Onderwys te adviseer oor:

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1 Die besteding van fondse wat toegeken word aan universiteite, onderwyskolleges, tegniese kolleges, provinsiale administrasies, plaaslike regeringsliggame en vrywillige organisasies.

2 Die samestelling van leerplanne vir liggaamlike opvoeding en die koördinering en standardisering van opleiding en kursusse in liggaamlike opvoeding.

2.8.6 Die Raad se bydrae tot liggaamlike opvoeding

Hierdie Raad het beslis 'n bydrae gelewer tot die standardisering van die vak liggaamlike opvoeding. Die werk van die Raad moes noodwendig in die eerste plaas proefondervindelik van aard wees. Dit was veral die geval vir sover dit die keuse van 'n stelsel van Liggaamlike Opvoedkunde betref. Toe die Raad in die lewe geroep is, was daar natuurlik al heelwat aan liggaamlike opvoeding gedoen. Daar was egter geen erkende stelsel of leerplanne nie en allerhande metodes is gevolg. Gedurende die hoogs besielende besoek van die Deense gimnaste aan Suid-Afrika in 1939, het mnr Niels Bukh, wat so vriendelik was om uit sy kennis en ervaring op die Raad van advies te dien, hieroor die sienswyse uitgespreek dat dit die grootste leemte was wat in Suid-Afrika aangevul moes word.

Ten einde hierdie tekortkoming uit die weg te ruim, het die Raad gevolglik baie aandag aan die formulering van 'n eenvormige stelsel van liggaamlike opvoeding gewy. Met hierdie doel voor oë het hy hoofsaaklik te werk gegaan deur middel van 'n Nasionale Leerplankomitee wat vir die doel aangestel is (9, iv). Die Nasionale Leerplankomitee het in 1941 begin met hul werksaamhede (9, ii).

2.8.7 Die leerplankomitee

Die komitee wat oorspronlik saamgestel was om leerplanne

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



op te stel het soos volg daaruit gesien:

1 Mnr E Fleming, Voorsitter (Pretoriase Tegniese Kollege)

2 Lt-Kol D Craven (Departement van Verdediging)

3 Kaptein M Dixon (Transvaalse Departement van Onderwys)

4 Mnr Claude Smit (Departement van Unie-Onderwys)

5 Mnr A van der Plaat (Vrystaatse Departement van Onderwys)

6 Luitenant E Braham (Natalse Departement van Onderwys)

7 Mnr H Taylor (Kaaplandse Departement van Onderwys)

8 Mej M Logeman (Kaaplandse Departement van Onderwys)

9 Majoor (mej) E Percival Hart (Transvaalse Departement van Onderwys)

10 Mev J Rademeyer

Meneer Fleming het na sowat vyf maande bedank en is opgevolg deur Lt-Kol D Craven. Meneer Claude Smit en mevrou Rademeyer het voltyds gewerk, eersgenoemde aan die leerplanne vir seuns en mans en laasgenoemde aan dié vir dogters en vrouens. Dit het later noodsaaklik geword om mev Denna Smit ook te betrek. Verskeie ander persone is, gekoöpteer of geraadpleeg oor vakinhoude vir die leerplanne (9,vi).

2.8.8 Publikasies van die Raad

Die twee belangrike publikasies wat deur die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding uitgegee was, is "Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding senior boek I", wat in 1943 verskyn het, en "Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding senior boek II" wat in 1947 uitgegee is. Hierdie twee handleidings het 'n groot rol gespeel in die aanbieding van liggaamlike opvoeding, totdat 'n nuwe komitee boek I hersien het en in 1968 'n nuwe boek,"Handboek vir

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Liggaamlike Opvoeding, gimnastiek vir seuns en mans", uitgegee het.

2.8.9 Die betekenis van die publikasies van die Raad vir L O onderwysers

Die twee persone wat die grootste bydrae gelewer het met die samestelling van "Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding Senior Boek 1", was meneer en mevrou Claude Smit (9,vi). Hierdie boek het inligting bevat oor die volgende aspekte van liggaamlike opvoeding: gimnastiekterminologie, voorbeelde van gimnastieklesse, vry oefeninge, maatsoefeninge, muurrekke, langbanke, die medisynebal, behendigheidsoefeninge, touspring, los spronge, klim, sweedse balk, rekstok,brug, ringe en perd (9, viii).

Die onderwyser in liggaamlike opvoeding kon nou hierdie werkstuk as handleiding gebruik vir alle aspekte van gimnastiekonderrig. Die benadering van die Raad het duidelik getoon dat sport en spele nie 'n groot deel uitmaak van die liggaamsopvoeding les nie. Die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding het dus besef dat daar ook aandag gegee moes word aan sport en spele. Hulle het begin werk aan so 'n handleiding. In 1947 verskyn "Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding Senior Boek II". Op bladsy een word die volgende in die inleiding gesê:

*"In een opsig het die program vir liggaamlike opvoeding in ons land - of wat dan daarvoor moes deurgaan - in die verlede uitgeblink, en dit was die volslae gebrek aan eenvormigheid ten opsigte van inhoud en metode. Ongetwyfeld was dit daaraan te wyte dat die opleiding van die betrokke onderwysers en/of instrukteurs nog altyd uiteenlopend van aard was.*

*Met die oog op hierdie gebrek aan 'n verstandige weten-*

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



skaplike en eenvormige nasionale program vir liggaamlike opvoeding, saamgestel met volle inagneming van die beperkinge wat die toestande in Suid-Afrika ons oplê en die eise wat hulle aan ons stel, het die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding hom genoop gevoel om 'n verteenwoordigende onderkomitee vir liggaamsopvoeders te benoem om hierdie leemte te vul.

Hierdie leerplan (moet) beskou word as die eerste poging van owerheidsweë om 'n werkbare grondslag te formuleer vir 'n Suid-Afrikaanse stelsel van liggaamlike opvoeding. Die program vir liggaamlike opvoeding beslaan 'n wye veld. Dit behels vrye oefeninge, toestelgimnastiek, die bewegingspel, swem, dans, stoei, boks, ensovoorts.

Hierdie boek word hoofsaaklik gewy aan die rekreatiewe sy van liggaamlik-opvoedkundige program. Soos Stafford in die verband skryf: 'Uit die oogpunt van vryetydsbesteding gesien, kan 'n mens se opvoeding tekortskiet as jy nie vir jou 'n voorradebron van kundighede en waarderings opgebou het wat jy gedurende jou vrye tyd kan gebruik nie'.

Maar om nou 'n volwaardige bevrediging uit hierdie rekreatiewe werksaamhede te put, moet 'n mens jou eers meester gemaak het van die kundighede en tegniek wat nodig is om hulle te kan uitvoer. Dit is dan die plig van ons skole om aan ons seuns en dogters die kundighede in sport en spele te leer wat hulle op hul lewensweg kan meeneem na hul skooljare agter die rug is" (9, 1-2).

Boek II bied dan inligting oor atletiek, swem, stoei en boks asook gimnastiekspele (wat vandag nog benut word as inleidende bedrywighede). Die komitee lug die gevoel dat die ander spanspele alreeds bekend was en daar dus nie behoefte is om dit in die boek op te neem nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Die komitee beveel aan dat deelname aan minstens een winter- en een somerspel vir alle skoliere verpligtend moet wees (9, 3).

'n Baie belangrike punt word genoem, naamlik dat daar onderskeid getref moet word tussen afrigting en onderrig. "*Afrigting is die intensiewe en planmatige voorbereiding vir wedstryde. Onderrig daarenteen is die aanleer van die korrekte tegniek. Op skool sal die onderrig in klasverband gegee word, sodat hier 'n groep van dertig tot veertig kinders tegelyk aan die onderrig sal deelneem*" (9, 5).

Alhoewel hierdie werkstukke baie bygedra het tot eenvormigheid in die vak, het dit nie altyd die gewenste uitwerking gehad nie. In 'n ondersoek deur die Onderwysburo, word daarop gewys dat die leerkragte nie bevoeg was om hul eie leerplanne op te stel uit die publikasies van die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding nie. Daar was dus nie 'n beplande program by skole nie. Dit was dan ook duidelik dat solank die toestand heers, die opleidingskolleges ook maar grootliks in die "moge het treffen" geloof opleiding verskaf het (9, 26).

Die bevinding van die Onderwysburo ten opsigte van die opleiding van leerkragte is dat daar op hierdie terrein waarskynlik die grootste gaping gevind word tussen teoretiese vereistes en praktiese uitvoerings en tussen behoeftes en voorsiening (42, 34). Gedurende hierdie tyd is daar by die skole nie gepraat van liggaamlike opvoeding nie, maar wel van "gimnastiek" (12, 11). Opleiding in liggaamlike opvoeding aan onderwyskolleges was drie tot vier ure per week. Onderrig is gegee in teorie, metodiek en praktyk van liggaamlike opvoeding (33,21).

Ongelukkig kan daar geen leerplanne van onderwyskolleges

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



vir die tydperk 1935 - 1940 opgespoor word nie. Dit is dus nie moontlik om vas te stel of die studente opleiding ontvang het oor die hantering en implementering van die leerplanne van die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding nie. Die Transvaalse Onderwysdepartement het egter verwag dat hierdie werke 'n deel sou uitmaak van handleidings vir die gebruik van studente aan universiteite, tegniese kolleges en onderwyskolleges (43, 10).

Aan die einde van 1942 word daar deur die Direkteur van Onderwys van Transvaal, daarop gewys dat studente aan al vier opleidingskolleges verplig is om aan liggaamsopvoeding deel te neem. Daar word intensiewe gespesialiseerde opleiding in liggaamlike opvoeding aangebied, of net 'n eenjarige krusus (62, 8). Hierdie kursusse kon egter alleenlik waardevol wees indien die opleiding gerig was op korrekte interpretering en implementering van die handboeke wat opgestel was deur die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding.

## 2.9 LIGGAAMLIKE OPVOEDING AS VERPLIGTE SKOOLVAK EN DIE ONMIDDELLIKE GEVOLGE DAARVAN

Liggaamlike opvoeding het in 1943 'n verpligte skoolvak in die primêre skool geword (63, 63). Dit was 'n groot deurbraak vir die vak, maar het ook beteken dat die opleiding van leerkragte meer aandag sou moes geniet.

Dat dit wel die geval was, word bevestig in die Transvaalse Onderwysdepartement se jaarverslag van 1944. Die Direkteur van Onderwys noem daarin dat doelmatige liggaamsoefeninge naas skoolvoeding 'n vername plek beklee in die fisiese ontwikkeling van die skooljeug. As gevolg van verpligte opleiding in liggaamlike opvoeding aan die Normaalkolleges, is daar min skole wat nie oor een of meer redelik - of ten volle bevoegde onderwysers beskik om die vak op die regte wyse te onderrig nie. Opsienersdienste, kursusse

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



en organisasiewerk het die onderwysers baie gehelp om die vak meer tot sy reg te laat kom. Skole het noodsaaklike apparaat ontvang (63, 7).

Die vak liggaamlike opvoeding het al meer en meer erkenning geniet op skool. In 'n algemene omsendbrief (no 3 van 1944) word daar nadruk gelê op die volgende:

a) dat liggaamlike opvoeding 'n integrerende deel van die onderwys is, wat op dieselfde basis as alle ander vakke in die leergang van 'n skool geplaas moet word;

b) waar die grootte van 'n laerskool dit regverdig moet minstens een persoon op die personeel oor 'n kwalifikasie in liggaamlike opvoeding beskik (42, 15).

Hierdie verskerpte optrede om die vak te bevorder op skoolvlak, het ook 'n invloed gehad op die opleiding van leerkragte. Vir die laerskole word daar vanaf 1944 aan al die normaalkolleges 'n driejarige professionele kursus aangebied; 'n tweejarige gewone opleiding gevolg deur 'n eenjarige gespesialiseerde opleiding in liggaamlike opvoeding. So 'n kursus is egter onderhewig aan die voorwaarde van genoegsame inskrywings (42, 17). Wat die opleiding van hoërskool leerkragte betref, het die Departement beslis dat 'n onderwyser die volgende benodig: 'n B Ed Phys graad of vyfjarige opleiding ná matriek. Dit beteken 'n B-graad, plus 'n algemene onderwysdiploma plus 'n professionele diploma met 1 jaar studie in liggaamlike opvoeding (42, 16).

Hierdie bepaling het voor- en nadele vir die vak ingehou. Die nadeel hieraan verbonde was dat studente nie kans gesien het vir vyf jaar se voltydse studie nie. Aan die ander kant het dit die geleentheid geskep vir onderwysers met 'n B-graad en 'n onderwysdiploma, om binne een jaar 'n

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kwalifikasie te verwerf wat hom sal toelaat om liggaamsopvoeding aan te bied aan die sekondêre skool. Ongelukkig is daar nie enige aantekeninge beskikbaar oor die werk wat gedurende hierdie eenjarige kursus aangebied is nie. Uit die Jaarverslag van 1945 blyk dit dat daar in hierdie kursus baie klem geval het op opvoeding en hoe die liggaamlike aspekte ontdek en ontwikkel kan word (64, 117).

In dieselfde jaarverslag word daar deur sekere inspekteurs aanduidings gegee van wat hulle as tekortkominge in die opleiding sien. Die kringinspekteur van Ermelo meld dat die meeste leerlinge aan liggaamlike opvoeding deelneem maar dat hy voel dat die swak liggaamshouding van leerlinge meer aandag verg. Die onderwyser moet dus onderlê word in aspekte soos korrektiewe gimnastiek. As daar gekyk word na die sterk militaristiese inslag van liggaamlike opvoeding, word daar wel aandag gegee aan houdingsoefeninge tydens die opleiding van liggaamlike opvoeding personeel.

## 2.10 DIE ONDERSOEK VAN D P J SMITH

### 2.10.1 Inleiding

Gedurende 1943 en 1944 het D P J Smith verskeie lande besoek en hul opleidingsmetodes vir Liggaamlike Opvoedkunde bestudeer. Hy het 'n baie deeglike studie gedoen oor 'n toekomsblik vir die opleiding van leerkragte in liggaamlike opvoeding. Hy het sy studies afgesluit met die skrywe van 'n magister verhandeling getitel: "'n Histories kritiese ondersoek na die opleiding van onderwysers vir liggaamlike opvoeding op die openbare skole". Hierdie werkstuk het die grootste enkele bydrae gelewer tot die vasstelling van 'n leerplan vir Liggaamlike Opvoedkunde aan die onderwyskolleges. Dit is dus nodig om in detail te kyk na sy bevindings en aanbevelings.

Gedurende die tydperk wat Smith besig was met sy ondersoek

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



het die Potchefstroomse onderwyskollege 'n eenjarige kursus in Liggaamlike Opvoedkunde vir diensdoende onderwysers aangebied. Ten einde toelating te verkry tot hierdie betrokke kursus moes die kandidate aan sekere vereistes voldoen.

Hulle moes:

*op vorm TOD 117 aansoek doen

*reeds in besit wees van 'n laeronderwysdiploma (of gelykwaardige sertfikate)

*'n aanbeveling van die inspekteur van onderwys verkry

*'n ooreenkomsvorm, TOD 1363, voltooi

*'n proefperiode van een maand deurgaan voor finale keuring.

Die leerplan vir hierdie kursus het die volgende aspekte omvat:

Teorie

Lesings, films en demonstrasies
Elementêre Anatomie en Fisiologie
Gesondheidsleer
Noodhulp
Teorie van Liggaamlike Opvoeding
Geskiedenis van Liggaamlike Opvoeding
Teorie van oefening, spele en sport
Metodiek (algemeen en spesiaal)
Samesprekings
Toepassing van beginsels van maatskaplike werk.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Prakties

Liggaamlike Opvoeding met en sonder apparaat
Speletjies en spele
Atletiek
Watersport
Stoei en boks - mans
Ritmiese gimnastiek en volksdanse - dames
Sang en spraakopleiding

Proefonderwys

Eindeksamen: skriftelik, prakties en onderwyspraktyk.

Eksamenvraestelle is wedersyds gemodereer deur die onderskeie kolleges.

Hierdie leerplan vir Liggaamlike Opvoedkunde is deur die Transvaalse Onderwysdepartement goedgekeur in diensbrief nommer E 7/100/1 (15, 95-6).

2.10.2 Aanbevelings vir leerplaninhoude

Smith het daarop gewys dat daar sekere punte in gedagte gehou moet word wanneer daar gekyk word na standaarde vir 'n leerprogram vir Suid-Afrika. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die leerplaninhoude in Suid-Afrika nie na wense is nie en hy doen sekere aanbevelings aan die hand.

Smith se aanbevelings sluit naamlik in: Die metodiese saamstel van'n aanvaarbare leerprogram by onderwyskolleges.

Hy vra dat die volgende aspekte by die leerprogram ingesluit moet word:

2.10.2.1 Teorie

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1 Anatomie, fisiologie, gesondheidsleer en noodhulp.

2 Skei- en dierkunde as grondwetenskappe van liggaamlike opvoeding.

3 Biologie en sosiologie - ter identifisering van sosiale probleme in die ontwikkeling van die kindernatuur.

4 Opvoedkunde (en in 'n mindere mate sielkunde) sal bydra tot die status van die vak. Hierdie vakke sal die liggaamlike opvoeder laat inpas in die skoolmilieu.

5 Die geskiedenis van liggaamlike opvoeding is noodsaaklik vir die beantwoording van vrae asook vir beplanning in die toekoms.

6 Teorie oor die fundamentele beginsels van liggaamlike opvoeding.

7 Godsdiens moet deel wees van 'n Christelik-nasionale opvoedingsprogram.

2.10.2.2 Praktiese werk

Behalwe bogenoemde teoretiese aspekte behoort die liggaamlike opvoeder ook oor die volgende vaardighede te beskik:

> gimnastiek, watersport, boks en stoei (met meer klem op stoei), atletiek en spele soos voetbal, hokkie, tennis, vlugbal en ander.

2.10.2.3 Geriewe

As vereiste vir doeltreffende opleiding noem Smith dat die volgende vereis word vir so 'n omvattende program:

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



'n Ruim saal, deeglik toegerus met apparaat en bybehorende geriewe, voldoende sportgronde en 'n goed toegeruste biblioteek.

2.10.3 Gevolgtrekkings

Smith gaan voort en in sy laaste hoofstuk maak hy die volgende gevolgtrekkings:

a) Die opleiding van onderwysers in liggaamlike opvoeding moet ooreenstem met die van enige ander akademiese vak (14, 184).

b) Die opleiding in Transvaal moet verander word. Graadstudente moet tans vyf jaar studeer, naamlik 'n driejarige graadkursus, eenjarige diploma kursus en dan nog 'n jaar spesialisering in liggaamlike opvoeding. Hy pleit daarvoor dat 'n vierjarige opleiding voldoende sal wees vir onderrig in die middelbare skool. 'n Voorvereiste is dat keuring vir die kursus streng sal wees en dat daar genoegsame tyd beskikbaar sal wees vir die onderafdelings van liggaamlike opvoeding (15, 186).

c) Opleiding aan die normaalkolleges moet 'n driejarige kursus behels, wat onderwysers in staat stel om te kwalifiseer om die vak op laerskool aan te bied. Die kursus behoort twee jaar algemene opleiding en een jaar spesialisering in liggaamlike opvoeding in te sluit. 'n Beter alternatief wat in die vooruitsig gestel word, is dat daar drie jaar gespesialiseerde opleiding aangebied kan word (15, 185).

2.10.4 Die invloed van Smith se aanbevelings en gevolgtrekkings

Meneer Smith se aanbevelings het saamgeval met die verslag

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



van die Nicol Kommissie. Dat dit deur die onderwysowerhede as belangrik beskou is, word duidelik weerspieël deur die feit dat daar vanaf 1944 aan al vier die normaalkolleges 'n driejarige kursus aangebied word. Die eerste twee jaar het algemene opleiding behels, gevolg deur 'n eenjarige gespesialiseerde opleiding in Liggaamlike Opvoedkunde. Die aanbieding van so 'n kursus was egter onderhewig aan die voorwaarde van genoegsame aantal inskrywings (42, 17).

2.10.4.1 Die inhoude van die leerprogramme

Die leerprogram vir hierdie kursusse het dieselfde stof bevat as die program wat gedurende 1943 te Potchefstroom aangebied is. Soos reeds deur D P J Smith aangedui is, is ordentlike en goedtoegeruste geriewe 'n voorvereiste vir opleiding van leerkragte. Die geriewe wat daar by die onderskeie kolleges bestaan het, het baie tekort geskiet. So byvoorbeeld, is die eerste swembad by 'n normaalkollege eers in 1947 by Potchefstroom Onderwyskollege, gebou (66, 105). Alhoewel watersport dus lank reeds deel uitgemaak het van die leerplan, was dit tot op hierdie stadium nie moontlik om die leerkragte na behore op te lei nie. Daar is wel swemonderrig gegee in Pretoria by die Sentraal swembad, maar dit moes baie ongerief meegebring het. Die Onderwysdepartement het egter probeer om dit vir soveel moontlik diensdoende personeel moontlik te maak om met watersport kennis te maak. Daar is vanaf 1 - 6 April te Voortrekkerhoogte en 22 - 27 Julie 1946 te Warmbad swemkursusse aangebied onder leiding van kaptein J D A Green (65, 6). Gedurende 1946 was daar by die Onderwyskollege Pretoria slegs een gimnastieksaal waar 'n spesialiseringsgroep van 160 dames en 135 mans geakkommodeer moes word (66, 113).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.11 DIE TYDPERK 1947 EN 1948

As gevolg van gemelde gebrekkige geriewe, het die opleiding van onderwysers egter nog nie voldoen aan die vereistes wat deur skole aan hulle gestel is nie. Dit spreek duidelik as daar gekyk word na inspekteursverslae uit verskillende gebiede. So rapporteer die kringinspekteurs in 1947.

Boksburg: "*Daar word vooruitgang gemaak met liggaamlike opvoeding op skool. Daar is egter in sommige skole 'n gebrek aan verskeidenheid en veelsydigheid van oefeninge en die kinders vind die gereelde herhaling van dieselfde oefeninge eentonig*" (66, 42).

'n Baie skerper aantyging kom van J C Pauw van die Heidelbergse distrik. Volgens hom hoe minder daar gesê word oor liggaamlike opvoeding hoe beter. Geen voorsiening word gemaak vir aan- en uittrek geriewe nie. Die formele driloefeninge word deur beide die leerlinge en die leerkragte verdra en "*waarskynlik weeg die netto resultaat nie op teen die tyd daaraan bestee nie*" (66, 93).

Dit wil dus voorkom asof die onderwysers nie oor genoegsaam kennis beskik het om die aanbevelings van die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding na behore te benut nie. Dit moes noodwendig meegebring het dat leerlinge aan die primêre skool gebrekkige onderrig ontvang het.

Die Onderwysdepartement het gereageer op die verslae van inspekteurs en besluit om 'n eenjarige indiensopleiding kursus aan te bied by al vier onderwyskolleges in Transvaal.

### 2.11.1 Omsendbrief E 7/100/2/7 van 1948

Hierdie kursus is aangebied vir professioneel gekwalifi-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



seerde onderwysers/esse, met inbegrip van diensdoende leerkragte. Kandidate moes:

a) 'n geneeskundige ondersoek ondergaan

b) 'n toelatingseksamen slaag asook toetse vir liggaamlike geskiktheid

c) een maand proeftydperk deurgaan.

Die eenjarige kursus het voorsiening gemaak vir 32 periodes van 45 minute elk per week in 'n akademiese jaar van 42 weke. Daar is ook gebruik gemaak van geneeshere by die aanbieding van anatomie, fisiologie en gesondheidsleer.

Die leerplan vir hierdie kursus het soos volg daaruit gesien:

Teorie

Lesings rolprente en demonstrasies

Vakke

1 Elementêre Anatomie en Fisiologie toegepas op liggaamlike opvoeding
2 Opvoeding
3 Noodhulp
4 Teorie van liggaamlike opvoeding
5 Geskiedenis van liggaamlike opvoeding
6 Teorie en Metodiek van oefeninge, spele en sport
7 Samespreking
8 Administrasie en Organisasie
9 Korrektiewe Gimnastiek

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



10 Tweede taal.

Wat hier van belang is, is dat daar aandag geskenk is aan metodiek en wel aan die volgende aspekte:

1 Opbou van lesse vir gimnastiek, atletiek, swem en spele

2 Voorbereiding

3 Verswaring

4 Onderwystegniek

- stem
- bevele
- demonstrasie
- verbetering van foute

5 Klasopstelling

6 Span- en groepstelsel

7 Hulpverlening

8 Grootte van klas

9 Persoonlikheid van die onderwyser.

By die aanbieding van administrasie en organisasie is daar onder andere aandag gegee aan sportbyeenkomste.

Prakties

Vakke

1 Liggaamlike opvoeding met en sonder apparaat

2 Speletjies en spele

3 Atletiek en watersport

4 Stoei en boks (mans)

5 Ritmiese gimnastiek, volksdanse en musiek (vroue)

6 Beginsels van damesgimnastiek en musiek (mans).

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Alle afdelings van apparaatgimnastiek is aangebied asook alle afdelings van atletiek, insluitende paalspring, hekkies en al drie die worpe. Duik en reddingswem is ingesluit by watersport.

Proefonderwys

1 Waarnemingslesse

2 Lesse aan klein groepies studente

3 Lesse aan klasse by skole

4 Samesprekings ná afloop van die lesse.

Dit is duidelik dat hierdie 'n omvangryke en deeglike opleidingskursus was, maar dat dit hoofsaaklik gemik was op die onderrig van liggaamlike opvoeding aan die sekondêre skool.

Die kwaliteit van opleiding was goed. Die kwaliteit van die oordrag vermoëns van leerkragte by skole, noodsaak egter verdere aandag. Soos Smith heeltemal tereg gesê het, moet daar streng keuring wees en slegs die beste studente behoort in liggaamlike opvoeding te spesialiseer (15, 192). Dat die lektore aan die onderwyskolleges baie moeite gedoen het om goeie onderwysers te lewer kan nie betwyfel word nie. Hulle het ook in 'n skere mate daarin geslaag soos gesien kan word uit inspeksieverslae van 1949.

2.12 DIE TYDPERK 1949 - 1951

Mnr L de Villiers (Witwatersrand) verklaar dat die jong onderwysers beter gekwalifiseerd is vir die onderrig van liggaamlike opvoeding. "*At all schools provision is made for organised games and often apparatus work*" (67,43). Dat daar nog steeds behoefte is aan beter opleiding in swem en watersport spreek duidelik uit die verslag van die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sentrale gedeelte van die Witwatersrand. "*By arrangement with Mr Clark, Recreational assistant of the Municipality, municipal employees pay regular visits to schools to give physical training*" (67, 49). Hierdie was veral die gebruik ten opsigte van swemonderrig waar daar gebruik gemaak is van superintendente van munisipale swembaddens. Die inspekteur vir Lichtenburg som die hele saak van opleiding en aanbieding soos volg op: "*The success achieved in physical education usually depends on the training, of the teacher responsible for the subject*" (67, 60). Indien die vak dus nie korrek aangebied word op die skole nie, kan dit terug herlei word na opleiding wat nie voldoen aan die vereistes wat deur die skool aan die vak of onderwyser gestel word nie.

Wat was dan die posisie betreffende opleiding gedurende hierdie tydperk? Die Onderwysburo het in 'n ondersoek gevind dat die klem vir sistematiese onderrig van liggaamlike opvoeding, nog altyd in die Transvaal, op werk in die sekondêre skool geval het. Uit die staanspoor is daar dus van die beginsel uitgegaan dat die liggaamlike opvoedingsprogram van die grade af tot by matriek 'n kontinum is, wat nie verbreek mag word nie. "*Vir die behoorlike uitvoering van die liggaamlike opvoeding program is dit absoluut noodsaaklik dat die werk in die primêre standerds (ongeveer 10 - 14 jaar) op die grondslag van die werk in die grade; en dié van die voor en na- adolessente jeug, op die van die primêre standerds moet geskied*" (43, 24).

Claude Smit het gevoel dat daar progressie moet wees van primêre skool na die sekondêre skool. Hy skryf in 'n brief aan die departement (Onderwysburo), "*Wat gebeur in Suid-Afrika in standerd vi. Tans op hierdie ongunstige stadium - die sogenaamde lompperiode maak die kind vir die eerste keer kennis met liggaamlike opvoeding wanneer hy beland aan die hoërskool. Noodgedwonge moet hy nou met die oninteressante, eenvoudige inleidingsoefeninge, wat hy*

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*alreeds lankal in die laerskool moes geleer het, 'n aanvang maak - en nou word hy verveel met onaantreklike bewegings en aktiwiteite*" (43, 24).

Hierdie brief dui daarop dat daar nie veel gebeur met die kind gedurende sy laerskoolloopbaan ten opsigte van liggaamlike opvoeding nie. Dit is dus indirek 'n beroep op die owerhede aan die normaalkolleges dat die studente intensief opgelei moet word om liggaamlike opvoeding aan te bied. Die aanbieding van liggaamlike opvoeding het hoofsaaklik bestaan uit speletjies en formele drilwerk soos blyk uit die inspekteursverslag van 1951 (68, 136). Dit is onbegryplik dat dit só gegaan het in die primêre skool. Daar is tog reeds aangevoer dat die opleiding geskied het volgens die voorskrifte van N.A.R.L.O. en ook volgens riglyne soos neergelê deur die Nicol-kommissie en D P J Smith. Die probleem moes dus daarin gelê het dat die student sekere vaardighede kon uitvoer en teoretiese agtergrond verkry het, maar dat daar te min aandag geskenk is aan die metodiek van onderrrig in die betrokke afdelings van liggaamlike opvoeding. 'n Verdere probleem kan wees dat daar te min gespesialiseerde onderwysers in ligaamlike opvoeding aan die primêre skole was. Onderstaande tabel toon aan dat daar nie juis geweldig belangstelling was vir opleiding met liggaamlike opvoeding as spesialiseringsvak nie.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Aantal spesialiseringsstudente 1944 - 1954

| Jaar | Heidelberg | | Pretoria | | Potchefstroom | | Johannesburg | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | M | D | M | D | M | D | M | D |
| 1944 | 0 | 0 | 0 | 0 | 20 | 0 | 0 | 0 |
| 1945 | 13 | 4 | 0 | 0 | 12 | 0 | 0 | 0 |
| 1946 | 12 | 0 | 0 | 12 | 9 | 0 | 0 | 0 |
| 1947 | 9 | 0 | 0 | 12 | 7 | 8 | 0 | 0 |
| 1948 | 13 | 0 | 13 | 12 | 0 | 15 | 0 | 0 |
| 1949 | 5 | 1 | 0 | 0 | 0 | 9 | 0 | 5 |
| 1950 | 5 | 7 | 0 | 16 | 0 | 12 | 0 | 4 |
| 1951 | 0 | 0 | 0 | 8 | 0 | 9 | 0 | 0 |
| 1952 | 11 | 1 | 0 | 0 | 0 | 6 | 0 | 0 |
| 1953 | 9 | 1 | 0 | 0 | 0 | 13 | 0 | 0 |
| 1954 | 6 | 1 | 0 | 10 | 0 | 5 | 0 | 0 |

Vanaf 1944 tot 1954 is 'n totale aantal van 144 mans en 171 dames aan die vier normaalkolleges opgelei (14,18). Dit is dus baie duidelik dat die vak op die laerskool nie tot sy reg kon kom nie. Die klasonderwysers het wel almal liggaamlike opvoeding as vak deurloop op die onderwys-kollege, maar hulle het nie gespesialiseerde opleiding ontvang nie.

## 2.13 MIDDELBARE SKOLE

'n Verdere probleem het in 1951 ontstaan met die stigting van middelbare skole. Een van die grootste probleme was om bestaande leerplanne aan te pas en om geskikte leerkragte te vind (65,20). Daar moet onthou word dat daar reeds besluit is dat die normaalkolleges slegs vir die

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



primêre skool oplei. Die nuwe middelbare onderwys het vereis dat die opleiding aan die kolleges sodanig sal wees dat studente in die spesialiseringsvakke (onder andere liggaamlike opvoeding) ső opgelei sal word dat hulle tot matriek kon onderrig gee. Daar word dan ook opdrag gegee dat die sillabuskomitee die moontlikheid en wenslikheid van nuwe kursusse sal ondersoek (68, 163-164).

Die voorgeskrewe sillabus soos goedgekeur deur die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding het na 1948 die basis uitgemaak vir alle opleiding in Liggaamlike Opvoedkunde aan die Onderwyskolleges in Transvaal.

Volgens die ondersoek van die Onderwysburo is daar tot 1963 geen aanduiding of daar in Transvaal gedifferensieerde opleiding was vir die junior primêre en senior primêre fases nie. In 1953 verskyn daar egter die gewysigde "Voorwaardes betreffende die opleiding van onderwysers" waarin daar aangedui word dat daar meer in die rigting van gedifferensieerde opleiding in liggaamlike opvoeding beweeg word (42, 36).

## 2.14 'N UITEENSETTING VAN SILLABUSSE IN 1955

'n Uiteensetting van sillabusse word in Maart 1955 uitgereik deur die Transvaalse Onderwysdepartement. Hierin word verskeie moontlikhede van opleiding uiteengesit. Daar word vervolgens gekyk na die inhoud van die leerplanne vir die verskillende diplomas.

A Laeronderwysdiploma

1 Teorie

Algemene doel van liggaamlike opvoeding.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2 Metodiek

Onderwystegniek (teorie en praktyk)

a) Gimnastiek

i Vrystaande oefeninge vir die laerskoolkind, insluitende ritmiese werk vir meisies.

ii Die gebruik van klein apparaat soos balle, hoepels, boontjiesakke ens.

b) Spele en sport

i Vaardighede ter voorbereiding van spele aan die laerskool.

ii Sportafrigting aan die laerskool.

iii Elementêre swem- en duikoefeninge. Grondbeginsels van reddingswerk.

3 Organisasie

Administrasie en organisasie van sportbyeenkomste (23, 48).

Wat die opleiding van onderwyseresse vir die junior fase betref, is die volgende kursus aangebied.

Dieselfde inhoud as die Laeronderwysdiploma met beklemtoning van die werk van die juniorklasse.

Lesindeling

a) Vrystaande oefeninge - Oefeninge moet in storievorm aangebied word, met gebruikmaking van nabootsing, fantasie, verbeelding en sangspeletjies.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



b) Algemene bedrywighede - Gewone sang - sangspeletjies, in die plek van spanwedlope, koördinasie-oefeninge en spanspele (8, 82).

Daar was ook 'n kursus waar 'n onderwysdiploma met spesialisering in liggaamlike opvoeding verwerf kon word. Hierdie spesialiseringsrigting het die volgende ingesluit.

a) Teorie

i Doelstellings, beginsels en strominge.

b) Metodiek

Onderwystegniek

i Gimnastiek

ii Spele en Sport

c) Organisasie en Administrasie

i Algemene beginsels van toetse en metings.

ii Administrasie en organisasie van sportbyeenkomste.

iii Gebruik en instandhouding van apparaat en geboue.

d) Geskiedenis van Liggaamlike Opvoeding.

e) Anatomie en Fisiologie.

f) Korrektiewe Gimnastiek.

g) Liggaamsoefeninge - Met en sonder apparaat. (Met spesifieke verwysing na die laerskool).

h) Spele: Soos vir die Laeronderwysdiploma, maar met meer besonderhede.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



i) Sport

i Atletiek

ii Swem, duik en lewensredding

iii Stoei en boks vir mans.

j) Ritmiese gimnastiek (vir dames)

k) Volksdanse (vir dames)

l) Noodhulp (23, 113-114).

Benewens hierdie kursus kon studente ook inskryf vir 'n Transvaalse Hoëronderwysdiploma met spesialisering in liggaamlike opvoeding. Presies dieselfde kursus as bogenoemde is aangebied met meer nadruk op die afrigting van die vernaamste sportsoorte (23, 114).

Hierdie laaste kursus was aangebied met die oog op opleiding vir die hoërskool en middelbare skool. Tydens die vii$^{e}$ kongres vir Liggaamlike Opvoedkunde te Stellenbosch in 1957, het mnr C J Roux van Pretoria 'n verslag gelewer. Hy het 'n uiteensetting gegee van die opleidingskursus en genoem dat dit vir die onderwyskolleges noodsaaklik geword het om leerkragte vir die hoërskool op te lei, aangesien die universiteite nie in die behoefte kon voorsien nie. Die vierjarige kursus se indeling was soos volg:

Eerste studiejaar = drie periodes per week;

Tweede studiejaar = agt periodes per week;

Derde studiejaar = agt periodes per week;

Vierde studiejaar = Twaalf periodes per week.

Mnr Roux spreek ook sy kommer uit oor die kwaliteit van die

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



opleiding en bepleit dat daar op nasionale grondslag aandag gegee word aan die inhoud van sillabusse vir liggaamlike opvoeding.

## 2.15 DIE INVLOED VAN OPSIENERS VIR LIGGAAMLIKE OPVOEDING OP DIE AANBIEDING VAN DIE VAK AAN DIE SKOLE

### 2.15.1 Historiese agtergrond

Terwyl ander vakrigtings reeds vanaf die dertigerjare opsieners gehad het, is die eerste aanduiding van 'n opsiener vir Liggaamlike Opvoeding die aanstelling van mejuffrou P M Evans van Augustus tot Oktober 1944. In Oktober 1945 word meneer J A O Green aangestel met die beperkte opdrag om swemonderrig aan skole te bevorder. Hy het die pos gevul tot die einde van 1945. Die pos is nie weer voor 1948 gevul, toe meneer M W H Maré in Februarie aangestel is nie. Meneer Maré het uit die pos bedank in September 1949 (43, 21).

In die jaarverslag van 1953 spreek die Direkteur van Onderwys sy kommer uit oor die toestand van liggaamlike opvoeding aan die skole (69,13). Hy besef dat dit nodig geword het om 'n opsiener vir liggaamlike opvoeding aan te stel (69, 15). In Februarie 1954 word meneer H van N de Vos tydelik en later permanent aangestel, met die opdrag om hom by die middelbare skool se werk te bepaal (42, 22).

### 2.15.2 Die rol van H van N de Vos

Meneer Hennie de Vos het sy taak met groot ywer aangepak. Die probleem was egter dat hy beperk was tot die middelbare skool. Daar was nie genoegsaam kontak tussen die skool praktyk, die opsiener en die onderwyskolleges nie. Die ideale toestand sou wees dat die opsieners die skole besoek, 'n behoefte bepaling doen en dan samesprekings hou

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



met dosente aan onderwyskolleges. Op hierdie manier sou dit moontlik wees om te sorg dat leerkragte opgelei word om te voorsien in die behoefte wat daar by die skole was. Meneer de Vos het veral 'n bydrae gelewer op die volgende gebiede:

i Die instelling en aanvaarding van die groepstelsel.

ii Onderhandelinge om swembaddens teen 'n meer billike tarief beskikbaar te stel.

Die grootste waarde van meneer de Vos se eerste tweejaarlikse verslag, is die bespreking en evaluering van die onderrigmetodes van onderwysers. Sy verslag toon baie duidelik die tekortkominge wat daar was aan. Verder dui dit indirek aan hoe leerkragte gedurende hierdie tydperk opgelei is. Meneer de Vos wys daarop dat die meeste onderwysers 'n onrealistiese metodiek volg. Hulle maak gebruik van 'n stelsel wat sou aanpas by klasgroottes van ongeveer 10 - 15 leerlinge en periodes van ongeveer 45 minute. Die gemiddelde klasgrootte daarenteen is 35 leerlinge en 'n periode duur ook meestal 35 minute. Slegs 'n enkel apparaat word op 'n keer gebruik. Dit verhoed vordering en bring mee dat ongewenste negatiewe opvoedkundige elemente hul verskyning maak in die metode van lesgee (71,162).

Hierdie is 'n vingerwysing na die metode van opleiding aan die onderwyskolleges. Dit toon baie duidelik aan dat die student presies volgens die patrone waarvolgens hy opgelei is, klasgee. Soos reeds aangedui, was die studentegetalle aan die Onderwyskolleges betreklik klein en die periodes het 45 minute geduur.

Dié opsiener beveel aan dat die groepstelsel 'n baie meer prominente rol moet speel in die onderrig van liggaamlike opvoeding. Die groepstelsel verhoed dat uiters gespesialiseerde akrobatiese toertjies aangeleer word, sonder om

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



afbreek te doen aan die algemene bewegingsbekwaamhede van die individu sowel as die van die groep. Die bewering word gemaak dat: "*Tot dusver was daar te veel gespog met die prestasies van 'n paar uitgesoekte individue gedurende vertonings wat dan moes dien as 'n voorbeeld van die standaard van Liggaamlike Opvoeding, terwyl die werklike peil van die massa ver onderkant die gewenste standaard is* " (61,162).

2.15.3 Leergange

Mnr de Vos verwys in sy verslag daarna dat die leerplanne van die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding gevolg moet word. Ongelukkig weet die meeste leerkragte nie hoe om geskikte oefenstof daarui te verkry nie. As gevolg hiervan, is daar geen behoorlike werkskemas opgestel nie. Die meeste klasse vanaf standerd drie tot en met standerd tien volg presies dieselfde werkprogram.

Dit het noodwendig meegebring dat daar 'n onvermydelike antipatie by die onderwyser en leerlinge teen die vak ontwikkel het (71, 159).

Hierdie opmerkings van die opsieners rig 'n ernstige teregwysing na die opleiding van studente in liggaamlike opvoeding. Dit is tog sekerlik die taak van die onderwyskollege om persone in so mate op te lei dat hulle nie slegs persoonlik 'n hoë vaardigheidspeil bereik nie, maar dat aspirant-onderwysers daartoe gelei sal word om behoorlike beplanning te doen en werkskemas op te stel. Die opleiding moet van so 'n aard wees, dat elke student in staat sal wees om uit die wye verskeidenheid leerinhoude in die Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding se leerplanne, 'n seleksie te kan maak wat funksioneel sal wees vir die betrokke standerd waar die les aangebied word. Studente moet ook bewus gemaak word van die benadering van

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



alle afdelings van die werk, sodat daar progressie in die vak sal wees. Elementêre patroonvaslegging in die laer standerds, moet lei tot die uitvoering van gespesialiseerde bewegings en soms selfs gekompliseerde bewegings in die hoër standerds.

Daar was beslis 'n gebrek aan kommunikasie tussen die opleidingskolleges en die skole. Die vakopsiener moes dit sy taak maak om die behoefte van die skole oor te dra aan die onderwyskolleges. Daar was wel vordering op hierdie gebied, aangesien juniorleergange vir seuns en dogters aan onderwyskolleges voorgelê is vir oorweging. Hierdie leergange is opgestel in samewerking met die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Aanvaarding van hierdie leergange sou beslis 'n stap vorentoe wees, aangesien dit progressief uitgewerk was vir beide gekwalifiseerde en ongekwalifiseerde leerkragte (71,163).

2.15.4 Uitbreiding van opsienersposte

Die Onderwysdepartement het besef dat daar 'n behoefte bestaan vir meer opsieners. Daar was byvoorbeeld in 1957 drie opsieners en in 1959 vier. In 1970 was daar vyf vakinspekteurs/trises (77, byvoegsel) en in 1971 ses, - naamlik drie mans en drie dames. Vandag is daar vier persone wat vir hierdie taak verantwoordelik is. Vanaf die sestigerjare word daar in die TOD jaarverslae gereeld aanduidings gegee dat daar nouer skakeling tussen die vakadviseurs en die onderwyskolleges is. Hierdie skakeling het grootliks bygedra tot die aanbring van veranderings in die leerplanne aan die onderwyskolleges.

2.16 KURSUSINHOUDE 1958 TOT 1960

Gedurende 1958 was die program vir liggaamlike opvoeding aan die onderwyskolleges soos volg:

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Alle studente het 'n tweejarige kursus in liggaamlike opvoeding as vaardigheidsvak deurloop. Daar was ook die geleentheid om te spesialiseer in Liggaamlike Opvoedkunde. Die indeling vir die spesialiseringskursus was soos volg:

Die eerstejaar was algemene professionele opleiding. Studente kon dan vanaf hul tweede jaar voortgaan met spesialisering in liggaamlike opvoeding. Daar moet ook in gedagte gehou word dat sommige studente net drie jaar opleiding ondergaan het, terwyl ander vier jaar studeer het. Die keuse van kursus het by die student berus.

Tweede studiejaar

Daar was 10 periodes per week wat verdeel was in Geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde - (een periode), metodiek van onderrig - (een periode) en praktiese werk - (agt periodes).

Studente wat die driejarige kursus gevolg het, het in hul derde jaar sestien periodes per week onderrig ontvang. Die werk is soos volg verdeel:

Anatomie en bewegingsleer (2 periodes), Toegepaste fisiologie en korrektiewe gimnastiek (2 periodes), Beginsels (1 periode), Organisasie en administrasie (1 periode) en praktiese werk (10 periodes).

Studente wat 'n vierjarige kursus gevolg het, het gedurende hul derde jaar tien periodes per week onderrig ontvang. Anatomie en bewegingsleer (2 periodes) en praktiese werk (9 periodes). In hul vierde jaar het hierdie studente veertien periodes per week lesings in Liggaamlike Opvoedkunde bygewoon. Hierdie periodes het die volgende vakinhoude bevat. Toegepaste fisiologie en korrektiewe gimnastiek (2 periodes), Beginsels (1 periode), Organisasie en administrasie (1 periode) en praktiese werk (10 periodes).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



In 1959 voltooi meneer Roux, (departementshoof Liggaamlike Opvoedkunde, Onderwyskollege Pretoria), 'n vraelys wat uitgestuur is deur die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoedkunde en Rekreasie. In hierdie vraelys word alle besonderhede oor die opleidingskursusse te Pretoria aangedui. 'n Baie duidelike uiteensetting volg oor die opleidingsmoontlikhede gedurende 1959.

Wat gespesialiseerde kursusse betref, was daar 'n driejarige kursus aangebied wat bekend gestaan het as die kursus vir die Transvaalse Onderwysdiploma. Hierdie kursus het 'n aanvang geneem in die tweede jaar, waar daar 18 periodes per week toegelaat is, opgevolg deur 'n derde jaar met 32 periodes per week. Die kursus het die volgende vakke ingesluit:

Anatomie, Fisiologie en gesondheidsopvoeding

Kinesiologie en korrektiewe gimnastiek

Toegepaste Fisiologie of oefeningsleer

Beginsels en Filosofie

Geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde

Stelsels

Metodiek

Noodhulp

Praktiese werk.

Daar was ook 'n ander kursus in Liggaamlike Opvoedkunde aangebied waarmee die student die Transvaalse Hoër Onderwysdiploma kon verwerf. Hierdie kursus het oor vier jaar gestrek. Gedurende die eerste jaar was daar drie periodes per week, gedurende die tweede jaar agt periodes per week, gedurende die derde jaar agt periodes per week en gedurende die vierde jaar veertien periodes per week.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dieselfde afdelings as vir die Transvaalse Onderwysdiploma, is aangebied.

Ook 'n derde kursus, is gedurende hierdie tyd aangebied. Deur hierdie kursus te volg, kon die student kwalifiseer vir die Laer Onderwysdiploma. Hierdie kursus was 'n verpligte tweejarige kursus vir alle studente wat nie in Liggaamlike Opvoedkunde gespesialiseer het nie. Daar is twee periodes per week vir twee jaar aangebied. Die kursus was suiwer gerig op praktiese werk in gimnastiek, swem en ritmiese danse. Die metodiek van betrokke afdelings, is teoreties aangebied.

## 2.17 VERANDERINGS IN OPLEIDING VANAF 1961 - 1963

In die departementshoofverslag van 1961, word daar melding gemaak van twee kursusse naamlik 'n driejarige kursus en 'n vierjarige kursus. (*Persoonlike dokument*) Die verskil in periode toewysing vir dié twee kursusse was soos volg:

| Driejarige kursus | Vierjarige kursus |
|---|---|
| Eerste jaar 2 periodes per week | Eerste jaar 3 periodes per week |
| Tweede jaar 12 periodes per week | Tweede jaar 8 periodes per week |
| Derde jaar 24 periodes per week | Derde jaar 8 periodes per week |
| | Vierde jaar 10 periodes per week |

Hierdie kursusse het volledige opleiding verskaf ten opsigte van Liggaamlike Opvoedkunde met insluiting van Anatomie, Fisiologie, Stelsels, Geskiedenis en praktiese werk. 'n Byvoeging waarvan daar nog nie vroeër melding gemaak is nie, was dat mansstudente in Liggaamlike Opvoedkunde, gedurende hul kursus vir minstens een seisoen aan boks en stoei moes deelneem en minstens een oefensessie per week

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



moes bywoon. Dit beteken dat die Liggaamlike Opvoedkunde studente by die onderwyskollege se stoei- en boksklubs moes aansluit, en as aktiewe klublede, minstens een keer per week aan die klub se oefensessie moes deelneem. Daar is deur die afrigter/beskermheer verslag gedoen oor die student se deelname aan die klub se aktiwiteite. Dit is ook as vereiste gestel dat hulle gedurende hul opleidingstydperk aan minstens twee winter en twee somer sportsoorte moes deelneem vir die duur van 'n volle seisoen.

'n Ander interessante verskynsel is die kombinering van graad- en diplomakursusse. Graadstudente het die geleentheid gehad om gedurende hul universiteitsopleiding 'n spesialiseringskursus in Liggaamlike Opvoedkunde aan die onderwyskollege te voltooi. Sodoende word hulle in staat gestel om behalwe hul graadvakke ook 'n spesialiseringsvak op skool aan te bied.

Hierdie kursus se periode indeling was soos volg saamgestel:

| | | |
|---|---|---|
| Eerstejaar studente | : | 2 periodes per week |
| Tweedejaar studente | : | 6 periodes per week |
| Derdejaar studente | : | 6 periodes per week en |
| Vierdejaar studente | : | 16 periodes per week. |

Gedurende Mei 1963, het die Onderwyskollege Pretoria 'n opknappingskursus in liggaamlike opvoeding aangebied. Volgens die inhoud van die kursus was die posisie op skool soos volg: Standers II - V kry twee periodes van 35 minute elk per week. Die TOD het voorgeskryf dat 60% van die beskikbare tyd aan gimnastiek spandeer moes word. Gedurende die oorblywende 40% van die tyd mag atletiek en sportvaardighede aangebied word as deel van groepwerk in 'n gimnastiek les, met dien verstande dat daar 'n verhouding van twee(2) sportvaardighede teenoor drie(3) gimnastiekvaardighede behou moes word. Mnr D Solomon, departements-

© University of Pretoria Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



hoof, het daarop gewys dat daar net tyd was vir basiese en fundamentele bewegings en nie die spel as sulks nie. Hy het ook genoem dat daar by die beoefening van 'n sportsoort as buitemuurse aktiwiteit, selde tyd is vir die deeglike inoefening van die besondere vaardighede. Die les in liggaamlike opvoeding moes dus gemik wees op die aanleer van die basiese vaardighede.

2.18 VERGADERINGS VAN DIE ONDERWYSKOLLEGES BELANGEGROEP VAKBESTUUR

2.18.1 17 Augustus 1963

Tydens 'n vergadering van die Onderwyskolleges Belangegroep vir Liggaamlike Opvoedkunde en Gesondheidsopvoeding op 17 Augustus 1963, het die verteenwoordigers van die onderskeie kolleges gerapporteer dat:

Liggaamlike opvoeding op die primêre skool 'n oplewing beleef het. Die Transvaalse Onderwysdepartement het leerplanne beskikbaar gestel en vakadviseurs het opknappingskursusse aangebied. Die grootste probleem was dat dit van elke onderwyser aan die primêre skool verwag word om onderrig in liggaamlike opvoeding aan te bied - dit het onderwysers ingesluit wat reeds bejaard was en geen belang hoegenaamd by die vak gehad het nie. So 'n situasie het niks goeds vir die vak ingehou nie, veral aangesien liggaamlike opvoeding in so 'n groot mate van ander vakke verskil, en besondere vereistes aan die betrokke onderwyser stel (24, 1). As gevolg van hierdie onwenslike situasie, het die vergadering aanbeveel dat vakonderwys aan die primêre skool ingestel moes word. Daar is in 1964 'n memorandum ingehandig waarin talle knelpunte saamgevat is betreffende liggaamlike opvoeding aan die primêre skool. Van die belangrikste punte was die volgende:

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

1 Die oorgrote meerderheid leerkragte beskik nie oor die nodige gespesialiseerde kennis en tegniek om 'n vak soos liggaamlike opvoeding aan te bied nie.

2 Die gevaar van beserings is hoog as die onopgeleide onderwyser trag om die voorgeskrewe leergang te volg.

3 Ten einde 'n les na behore aan te bied moet die onderwyser(es) noodwendig verklee. Aangesien dit nie gedoen word nie, kan die kind nie die volle waarde van die vak benut nie.

4 Sedert 1958 kan die student vir die Transvaalse Onderwysdiploma kies tussen die vakke Bedyfskennis, Musiek en Liggaamlike Opvoedkunde. Ongeveer twee derdes van die aspirant onderwysers kry dus geen opleiding in Liggaamlike Opvoedkunde nie. Tog word hierdie personeellede van tyd tot tyd verplig om die vak op die primêre skool aan te bied.

5 Indien liggaamlike opvoeding as vakonderwys in die primêre skool ingestel word, kan die oorproduksie van studente wat in liggaamlike opvoeding by die onderwyskolleges spesialiseer, met groot nut in die primêre skool gebruik word. Op die oomblik word die meeste van hulle klasonderwysers, waar hulle gespesialiseerde kennis vir die Transvaalse Onderwysdepartement en vir die kinders verlore gaan.

2.18.2 15 Augustus 1964

Op 15 Augustus 1964 het die Onderwyskolleges Belangegroep vir Liggaamlike Opvoedkunde en Gesondheidsopvoeding in Johannesburg vergader. Hierdie vergadering het 'n gemotiveerde memorandum ingedien waarin hulle gevra het dat leergange vir onderwysersopleiding in liggaamlike opvoeding her-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sien moes word, ook dat die opleiding by alle onderwyskolleges eenvormig moes wees. Tydens hierdie vergadering is daar aangekondig dat die leerplan vir sekondêre skole gewysig sou word sodat 60% van die werk aan gimnastiek spandeer sou word en die oorblywende 40% benut mag word op 'n losstaande basis van sport. Hierdie toegewing het natuurlik meegebring dat die onderwyser nou 'n baie wyer spektrum gehad het, en dus meer konkreet kon werk gedurende 'n sport en spele periode.

## 2.19 OPLEIDING NA 1965: MIDDELBARE EN SENIOR PRIMÊRE OPLEIDING

Vanaf 1967 het die onderwyskolleges in Transvaal drie verskillende kursusse in Liggaamlike Opvoedkunde aangebied, naamlik 'n middelbare spesialiseringskursus, 'n semi-spesialiseringskursus in die senior primêre fase en 'n semi-spesialiseringskursus vir die junior primêre fase.

Die owerhede het sterk klem gelê op die feit dat spesialiseringsstudente in Liggaamlike Opvoedkunde, aktief aan sport moes deelneem. Studente in die middelbare kursus, was verplig om minstens een keer per week aan die georganiseerde bedrywighede van die gimnastiekklub deel te neem. Verder moes hulle aan een georganiseerde winter- en een somersportsoort, of een sportsoort wat dwarsdeur die jaar beoefen word, deelneem.

Semi-spesialiserings studente in die senior primêre groep, moes belangstelling toon in sport en moes deelneem aan twee sportsoorte wat verskieslik op die primêre skool beoefen word.

Die semi-spesialiserings studente van die junior primêre kursus, moes belangstelling toon in sport veral ten opsigte van organisasie en administrasie van sportsoorte vir die primêre skool.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die vak se periode verdeling vir die middelbare kursus was soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Eerste studiejaar | : | 4 periodes per week |
| Tweede studiejaar | : | 5 periodes per week |
| Derde studiejaar | : | 20 periodes per week |
| Vierde studiejaar | : | 18 periodes per week. |

Die periode verdeling vir die senior primêre kursus was soos volg:

| | | |
|---|---|---|
| Eerste studiejaar | : | 2 periodes per week |
| Tweede studiejaar | : | 5 periodes per week |
| Derde studiejaar | : | 6 periodes per week |
| Vierde studiejaar | : | 8 periodes per week. |

Wanneer die inhoud van die twee kursusse vergelyk word, is dit duidelik dat meer aandag aan teorie bestee is in die middelbare kursus, as in die senior primêre kursus. Die praktiese deel van die werk in die middelbare kursus, veral wat gimnastiek betref, was ook heelwat moeiliker.

Vanaf 1969 word alle spesialiserings studente wat die middelbare kursus in Liggaamlike Opvoedkunde gevolg het, oorgeplaas na die Goudstadse Onderwyskollege om hul opleiding af te sluit. Dit is opmerklik dat gimnastiek meer aandag geniet het as enige ander afdeling. Die studente wat die senior primêre kursus gevolg het, het hul egter toe in die situasie bevind dat hulle vakinhoud baie nou ooreenstem met dié van die middelbare kursus, alhoewel hulle heelwat minder lesingtyd tot hul beskikking gehad het.

2.20 VERSLAG VAN 'N DEPARTEMENTELE ONDERSOEK IN 1969

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 2.20.1 Bevindings van die kommissie

Gedurende 1969 het 'n departementele kommissie van ondersoek onder andere verslag gedoen oor die toestand van die vak liggaamlike opvoeding aan die primêre skool. Hierdie ondersoek het aangetoon dat daar dikwels ontevredenheid uitgespreek is oor vakke soos liggaamlike opvoeding. Die hoofrede hiervoor was dat die aard van die vak nie behoorlik in aanmerking geneem is nie. Die verpligte tyd wat daarvoor ingeruim moes word op die skoolrooster, het nie tred gehou met die bydrae tot die totaal van vakke nie. Aangesien vakonderwys nie aan die laerskool toegelaat is nie, het dit daartoe gelei dat vakspesialisasie nie die nodige aandag geniet het tydens die opleiding van die student nie.

Meeste onderwysers is opgelei om onderrig te gee in alle laerskool vakke met die gevolg dat vakke wat "*beslis spesiale opleiding en aanleg vereis soos byvoorbeeld Liggaamlike Opvoeding, probleme geskep het, wat deur die jare sterker geword het sodat heelwat hoofde van oordeel is dat hierdie vak uit die laerskool kurrikulum geskrap moet word*" (43,70). In die betrokke verslag word die destydse toestand breedvoerig geskets. Enkele punte is wel vir vandag se situasie nog van belang. Een van die grootste probleme was die feit dat dieselfde sillabus by alle primêre skole gevolg moes word. Daar is nie in ag geneem dat sommige skole se personeel bestaan uit een man (die hoof), wat bygestaan word deur 'n aantal dames nie. Hierdie personeel moes dan dieselfde vakinhoude aanbied as jong entoesiastiese manne by ander skole (43,90).

### 2.20.2 Faktore wat die aanbieding van liggaamlike opvoeding bemoeilik

Talle faktore wat die aanbieding van liggaamlike opvoeding

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



destyds bemoeilik het, het nog nie verander nie. Daar kan gerus gelet word op die volgende probleme:

1 Die beskikbaarheid of gebrek aan sekere fasiliteite soos sale, swembaddens, bergruimte vir apparaat, ensovoorts.

2 Personeelwisseling bring dikwels mee dat daar jaar na jaar van nuuts af besin moet word oor hoe die vak gedurende die betrokke jaar behartig moet word.

3 Daar is talle leerkragte wat baie goeie diens lewer, maar wat liggaamlik onbevoeg is weens bejaardheid of oorgewig probleme.

4 'n Baie belangrike aspek wat goed deurdink moet word, is of die liggaamlike ontwikkeling van verreweg die meeste leerlinge aan die primêre skool, sodanig is, dat hulle baat kan vind by gespesialiseerde gimnastiek en apparaatwerk en of sodanige kostes gevolglik geregverdig is. Baie leerlinge se liggaamsbou is van so 'n aard dat hulle 'n renons ontwikkel in die vak (43, 70).

As gevolg van al die bogenoemde feite het die betrokke kommissie gevoel dat die primêre skool nie die plek vir spesialisasie in gimnastiek is nie.

2.20.3 Aanbevelings

Die kommissie van 1969 het verskeie aanbevelings gemaak wat verreikende gevolge gehad het. Hulle het die mening gehuldig dat daar voorsiening gemaak moes word vir twee stelle sillabusse in die vak. Sodoende kon voorsorg getref word vir verskillende skole se spesifieke omstandighede. Die

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



besluit oor watter sillabus gevolg moes word, het by hoofde berus. Dat meer aandag aan swem bestee moes word; en dat fasiliteite hiervoor so spoedig moontlik aangebring moes word, was 'n positiewe gedagte.(43,90).

Die inhoud van hierdie ondersoek beklemtoon die mening van die dosente aan die onderwyskolleges dat vakonderwys ingestel moes word, sodat die vak, liggaamlike opvoeding, sy regmatige plek kon inneem op die primêre skool. Dit wil ook voorkom asof daar 'n mening was dat die liggaamlike opvoedkundige aan die primêre skool meer aandag moes skenk aan die onderrig van verskeie vaardighede, eerder as die afrigting van leerlinge gedurende 'n gimnastiekles. Die opleiding van die betrokke studente moes dus verkieslik gerig wees op die metodiek van die aanleer van vaardighede oor 'n breë vlak, eerder as die uitvoer van moeilike gimnastiek bewegings.

## 2.21 KOLLEGEOMSENDBRIEF NO 3 VAN 1973

Volgens kollegeomsendbrief no 3, van 1973, word daar 'n evaluering van bestaande sillabusse gevra asook aanbevelings vir verandering, indien dit nodig geag sou word. In 'n skrywe van meneer D Solomon, departementshoof Liggaamlike Opvoeding, word daar aangedui dat die kernsillabus vir laerskole gedurende 1973 verander het en as gevolg hiervan het dit noodsaaklik geword om die kollege-sillabus ook te verander. Na aanleiding van die voorafgaande het die Departement Liggaamlike Opvoedkunde die volgende aanbevelings gemaak ten opsigte van die opleiding van mansstudente:

By sport en spele word die volgende bygevoeg:

- Atletiek - spiesgooi, hekkies, gewigstoot en skyfwerp.
- Spele - hokkie, sagtebal, tennissette, vlugbal en basketbal
- Hindernisoefeninge
- Selfverdediging - stoei en judo

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierbenewens moes alle mansstudente in minstens drie van die sportsoorte wat in die sillabus van die primêre skool voorkom, kwalifiseer as skeidsregter, afrigter, beoordeelaar of beampte. Hierdie kwalifikasies moes behaal word ooreenkomstig, die reëls neergelê deur provinsiale sportliggame of die Sportstigting van Suid-Afrika.

Daar moet op hierdie stadium daarop gelet word dat daar heelwat byvoegings tot die student se opleiding gemaak is. Die student het dus nou 'n meer omvattende sillabus gehad om deur te werk. 'n Faktor wat egter nie in aanmerking geneem is nie, is dat daar nie meer periodes aangevra of beskikbaar gestel is nie. Verder kom dit voor of die gimnastiek bewegings wat van die student verlang is, hoë eise aan die student se vermoëns gestel het.

## 2.22 TOD OMSENDBRIEF 158 VAN 1973

TOD omsendbrief 158 van 1973 bevat volledige besonderhede oor die oriënteringskursus in liggaamlike opvoeding vir die primêre skool. 'n Aspek wat deurgaans gedurende die kursus beklemtoon is, is die feit dat vakonderwys in die primêre skool ten opsigte van liggaamlike opvoeding noodsaaklik geword het; gevolglik moes onderwysers in liggaamlike opvoeding, meer gespesialiseerde opleiding ontvang.

## 2.23 SEMI-SPESIALISERING NÁ DIE BEËINDIGING VAN DIE MIDDELBARE KURSUS

Ná 1972 het die middelbare kursus verval en was die onderwyskolleges verantwoordelik vir laerskool opleiding, veral vir die senior primêre kursus met semi-spesialisering in liggaamlike opvoeding as studierigting.

### 2.23.1 Periode en vakverdeling

Talle aspekte van die kursus word volledig omskryf. Daar word daarop gewys dat die periode en vakinhoudverdeling

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



soos volg was:

| | | |
|---|---|---|
| Eerste jaar | : | 2 periodes per week met slegs praktiese werk |
| Tweede jaar | : | 5 periodes per week met slegs praktiese werk |
| Derde jaar | : | 6 periodes per week met praktiese en teoretiese werk |
| Vierde jaar | : | 10 periodes per week, waar daar praktiese werk gedoen word en ook teoretiese aspekte van fisiologie en korrektiewe gimnastiek bestudeer word (33, 2-3). |

Onderwysers moes ook deeglik opgelei word om die inhoud van die oefenstof só te kies dat dit aanpas by die biologiese ontwikkeling van die leeftydsgroep van die leerlinge en die metodologiese vaardigheid van die onderwyser (27, 3). Studente in liggaamlike opvoeding moes ook deelneem aan minstens een winter en een somer sportsoort (33, 4).

Die fisiologie wat in hierdie kursus vervat was, was nie volledig nie. In 1974 word daar deur meneer Barnard aangevra dat anatomie en fisiologie op 'n beter grondslag geplaas moet word. Sy motivering het die volgende aspekte omvat:

1. *"Vir studente wat Liggaamlike Opvoedkunde as vak kies, is 'n basiese kennis in verband met die bou en struktuur van die liggaam (Anatomie) asook kennis in verband met die funksie of werking van die liggaam (Fisiologie) noodsaaklik.*

2. *Moderne afrigtingsmetodes is gebasseer op wetenskaplike bevindings en om hierdie rede kan geen liggaamlike opvoeder sonder daardie basiese wetenskaplike kennis, verwag om enigsins iets te bereik in 'n sterk mededingende veld nie". (Persoonlike dokument)*

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Daar word aangevra dat die volgende tyd toegestaan word vir die aanbieding van bogenoemde vakke: twee periodes per week vir een jaar anatomie, gevolg deur twee periodes per week vir een jaar fisiologie. In die leergang is dit duidelik dat hierdie belangrike aspekte bygevoeg is, maar daar was geen aanduiding van 'n vermeerdering van lesingstyd nie.

2.23.2 Vermindering van opleidingstyd

Wanneer daar gekyk word na die inhoud van die middelbare kursus en senior primêre kursus, is sekere inligting opvallend. Die student wat die middelbare kursus gevolg het, het heelwat meer lesingstyd gehad.

| | Middelbare kursus | Senior primêre kursus |
|---|---|---|
| Eerstejaar | 4 periodes per week | 2 periodes per week |
| Tweedejaar | 5 periodes per week | 5 periodes per week |
| Derdejaar | 20 periodes per week | 6 periodes per week |
| Vierdejaar | 18 periodes per week | 10 periodes per week |

Alhoewel daar 'n groot verskil in tyd was, was daar nie veel verskil in die vaardighede wat die studente moes baasraak ten einde die kursus te slaag nie.

In 1975 is die leerplan vir liggaamlike opvoeding aan die onderwyskolleges weer hersien. Die aantal periodes per week is drasties verminder tot die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| Eerste jaar | : | 3 periodes per week |
| Tweede jaar | : | 4 periodes per week |
| Derde jaar | : | 6 periodes per week |
| Vierde jaar | : | 6 periodes per week |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Daar is dus baie minder tyd tot die dosent se beskikking vir die opleiding van 'n student wat 'n spesialis op sy vakgebied moes wees.

2.23.3 Tydtoekenning aan deeldissiplines

Wat opmerklik is, is dat die klem nog steeds op apparaat-gimnastiek geval het. Daar word meer tyd aan gimnastiek bestee as enige ander deeldissipline. Die ironie is egter dat die laerskool slegs gebruik maak van steunspronge, tuimel en klim- en klouter apparaat. Met die min tyd tot sy beskikking word die dosent genoodsaak om baie tyd te bestee aan die aanleer van bewegings vir studente, in plaas daarvan om hulle te leer hoe om metodologies te werk te gaan, om die vakkennis oor te dra aan die leerlinge in die primêre skool.

Wanneer daar gekyk word na die huidige sillabus vir liggaamlike opvoeding vir seuns van standerd twee tot vyf,is dit nie duidelik waarom so 'n hoë standaard van vaardigheid in gimnastiek, deur die student behaal moet word nie. Die primêre skool beskik nie oor 'n brug, rekstok, ringe of beuelperd nie. Nogtans word daar verwag dat die student al hierdie apparaat op 'n betreklik hoë vlak moet baasraak.

Vanaf 1975 was daar geweldige ontwikkeling op die gebied van atletiek aan die primêre skool. Nuwe items is by die skoolprogram gevoeg. Dit word egter betwyfel of die Liggaamlike Opvoedkunde student voorbereid was op die uitbreiding van atletiek items. Volgens die sillabus van 1975, is slegs een termyn toegestaan vir die onderrig van atletiek. Die skoolprogram het voorsiening gemaak dat 25 - 40% van die tyd aan gimnastiek bestee moes word en 25-40% aan sport en spele. By die onderwyskolleges was die verhouding ongeveer 60% gimnastiek teenoor ± 5% atletiek in die vierjarige kursus. Dit wil voorkom of daar

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



nie behoorlik besin is oor die samestelling van die leerplan vir die senior primêre kursus nie. Die inhoud van die middelbare kursus is basies oorgedra na die senior primêre kursus, maar daar is baie minder tyd vir opleiding toegelaat. Waar die student van die middelbare kursus gelei moes word tot onderwysing op sekondêre vlak, moet die student van die senior primêre kursus só opgelei word dat hy 'n sukses sal maak van liggaamlike opvoeding aan die primêre skool. Dit veronderstel 'n ander benadering in die aanbieding van die vak.

## 2.24 SKAKELING TUSSEN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA EN DIE ONDERWYSKOLLEGE PRETORIA TEN OPSIGTE VAN LEERPLANNE

### 2.24.1 Historiese agtergrond

Ontwikkeling en vernuwing het meegebring dat daar baie nouer skakeling tussen universiteite en kolleges plaasgevind het gedurende die afgelope aantal jare.

"*Die eerste doelwit is dat alle onderwysers(esse) 'n opleiding van minstens vierjaar moet ontvang. 'n Verdere doelwit is om 'n gegradueerde beroep as ideaal te stel. Om dit te verwesenlik moet daar nou reeds beplan word sodat implementering so gou moontlik kan plaasvind.*

*Die gedagte is dat die opleiding besondere aandag moet geniet met betrekking tot die fakulteit wat vir die opleiding van sekondere-skool-onderwys verantwoordelik sal wees, gesien in die lig van 'n veranderde struktuur. Die opleiding van primere-skool-onderwysers moet in noue samewerking tussen die universiteite en onderwyskolleges plaasvind. Elkeen se aandeel moet vooraf bepaal word*" (79,39).

Hierdie uittreksel dui daarop dat daar sedert 1978 onderhandelings plaasgevind het tussen die onderwyskolleges en

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



universiteite, ten opsigte van die wedersydse erkenning van kwalifikasies. Ook op die gebied van Liggaamlike Opvoedkunde, was daar talle vergaderings en besprekings oor hierdie probleme. In hierdie studie word die Universiteit van Pretoria en die Onderwyskollege Pretoria as voorbeelde geneem. Daar sal gekyk word na samesprekings wat gevoer is tussen verteenwoordigers van die twee inrigtings. Volledige ondersoek sal in 'n aparte studie ingestel moet word na die verwikkelinge op ander kampusse in Transvaal.

2.24.2 Voorskrifte

In die notule van 'n vergadering van die Kollegesenaat wat gehou is op 7 Maart 1979 word die volgende punte aangetref:

2 Instelling van grade

2.1.1 Die Universiteit van Pretoria beoog om B.Prim Ed grade vanaf 1980 in te stel in oorleg met die Onderwyskollege;

2.1.2 Die Onderwyskollege sal verbintenis studente werf vir dié grade;

2.1.5 By die samestelling van leerplanne vir die voorafgenoemde grade, is van die beginsel uitgegaan dat die vakkeuse van die studente beperk word met die oog op gerigte opleiding vir onderwysdoeleindes.

2.24.3 Sillabusse

Uit 'n notule van 5 Maart 1979 die volgende:

1.6.1 (As gevolg van nouer skakeling moet) alle sillabusse van die Onderwyskollege heroorweeg word met die oog op moontlike erkenning deur die Universiteit vir graaddoeleindes.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Ná verskeie samesprekings word sillabuskomitees saamgestel wat in alle gevalle sou bestaan uit die volgende persone:

Departementshoof Onderwyskollege (Voorsitter)

Departementshoof Universiteit

gelyke verteenwoordiging van die onderwyskollege en die universiteit, volgens die behoefte van elke vak.

Die volgende riglyne is neergelê vir samesprekings ten opsigte van nuwe leergange.

Die departementshoof van die onderwyskollege vergelyk die kollege-sillabus met dié van die ooreenstemmende vak aan die universiteit wat betref, punte van ooreenkoms, standaard en leemtes. Met byvoegings en weglatings, indien nodig, word 'n konsep/sillabus beplan wat aanvaarbaar is vir beide die kollege en die universiteit. Die sillabus hoef nie noodwendig identies te wees aan die universitêre sillabus in die betrokke vak nie, maar die volgende beginsels geld:

1 Die kollege-sillabusse moet kollegestudente instaat stel om met 'n daaropvolgende kursus in die betrokke vak aan die universiteit aan te gaan. Dit geld nie al die spesialiseringsvakke nie. Daar is bepaal dat sekere sake oorweeg moes word by die samestelling van leerplanne. Die eerste en tweede jaar kollege-sillabus moes liefs nie werk insluit wat op tweede jaar universiteitsvlak behandel word nie. So ook moes die derde- en vierde jaar kollege-sillabus liefs nie werk insluit wat op derdejaar universiteitsvlak behandel word nie.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.24.4 Spesialiseringsvakke, met spesifieke verwysing na Liggaamlike Opvoedkunde

Uit die aard van die saak was dit onmoontlik om bogenoemde besluite toe te pas in 'n vak soos Liggaamlike Opvoedkunde. Ten einde die spesialiserings rigtings te akkommodeer, moes daar gekyk word na ander bepalings wat onder meer aandui dat prosedures bepaal moes word waarvolgens die departementshoof van die Universiteit geken moes word in die wyse waarop kursusse wat vir erkenning voorgelê word, aangebied word. Hieronder moes aangedui word die aantal lesings per week sowel as die aantal ure vir praktiese werk, oefenklasse, besprekingsklasse, ensomeer.

Op 21 Junie 1979 het die departemente Liggaamlike Opvoedkunde van die Onderwyskollege Pretoria en die Universiteit van Pretoria samesprekings gehou. Die uitslag van hierdie samesprekings was, dat as gevolg van die verskil in tydstoelating, dit onmoontlik vir 'n afgestudeerde Kollegestudent sou wees om op derde jaar universiteitspeil, in Liggaamlike Opvoedkunde aan te gaan.

Die komitee het 'n sillabus voorgelê met die voorbehoud dat 'n afgestudeerde kollegestudent slegs op tweede jaar universiteitspeil sy studies kon voortsit, met dien verstande dat bykomstige opleidingstyd vir die kollegestudente voorsien word.

Die aantal periodes wat aangevra was was die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| Eerste jaar | : | 4 lesings per week |
| Tweede jaar | : | 5 lesings per week |
| Derde jaar | : | 8 lesings per week |
| Vierde jaar | : | 8 lesings per week. |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Verder was dit duidelik gestel dat die voorgeskrewe boeke jaarliks in samewerking met die Universiteit van Pretoria bepaal sou word. Daar is ook bepaal dat die jaarpunt saamgestel sou word op 'n basis van 50% teorie en 50% praktiese werk en dat die wyse van vraagstelling skriftelik sowel as prakties sou wees.

Aan die einde van 1979 is alle samesprekings tussen die twee inrigtings afgehandel. Wat op teoretiese vlak bespreek is, moes dus nou in die praktyk tot uitvoering gebring word.

Gedurende 1980 het die eerste groep studente ingeskryf en hul opleiding begin onderworpe aan die reeds genoemde voorskrifte. In die volgende hoofstuk sal daar gekyk word of die voorgeskrewe werk prakties uitvoerbaar was, veral gemeet aan die huidige behoeftes van die primêre skool.

Die huidige opleidingstelsel noodsaak verdere evaluering. Leemtes in die opleidingstelsel sal bespreek word.

## 2.25 SLOT

Die inligting wat in hierdie hoofstuk na vore gekom het, wys duidelik daarop dat:

'n Dieperliggende ondersoek noodsaaklik is ten einde vas te stel watter verskil in benadering daar is tussen liggaamlike opvoeding in die sekondêre- en primêre skool

Noue skakeling tussen vakadviseurs en opleidingsinrigtings nie plaasvind nie.

Vernuwing en verandering het wel plaasgevind in liggaamlike opvoeding. Dit wil egter voorkom asof die opleiding en die veranderings wat daarin plaasvind, nie noodwendig oordraagbaar is tot die klaskamerpraktyk nie.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



HOOFSTUK 2 : LITERATUURLYS

1 Bot, A K : Development of Education in the Transvaal 1836 - 1951. Government printer, Pretoria 1951

2 Botha, J L : Die Liggaamlike Opvoedkunde: Geesteswetenskap? Publikasie van die Universiteit van Pretoria, nommer 85

3 Botha J L : Sport in Perspektief. Publikasie van die Universiteit van Pretoria, nommer 56. Van Schaiks, Pretoria 1970

4 Botha, J L : Liggaamlike opvoeding en orestasiesport. Referaat gelewer by geleetheid van die tweejaarlikse kongres van die S A Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie, Bloemfontein 1974

5 De Bruyn, N J : Liggaamsterapie in die ortopedagogiese hulpverlening - 'n liggaamspedagogiese ondersoek. Ongepubliseerde D.Ed Universiteit Pretoria 1982

6 Garbers, J G en medewerkers : Verslag van die Hoofkomitee RGN sportondersoek. Nommer 1. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria 1982

7 Jacobs, W J S : 'n Ondersoek na die organisasie en administrasie van Sport aan die Onderwyskolleges van Transvaal met die oog op die instelling van sportdepartemente. Ongepubliseerde M A (LO) verhandeling, Universiteit van Pretoria 1979

8 Hofmeyer, J H en medewerkers : Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding Senior Boek 1. Staatsdrukker, Pretoria 1943

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



9 Hofmeyer, J H en medewerkers : Leerplan vir Liggaamlike Opvoeding Senior Boek II Staatsdrukker, Pretoria 1947

10 Oberholzer, C K : Die Pretoriase Normaalkollege 1902-1952. 'n Terugblik oor vyftig jaar

11 Oberholzer, C K : Onderwyskollege Pretoria 1902-1977. Hennies Sekretariële dienste, Pretoria 1977

12 Pistorius, P : Potchefstroomse Onderwyskollege 50 jaar

13 Rademeyer, J I : Geskiedenis van die Heildelbergse Onderwyskollege

14 Scholtz, G J L : Die doel van Liggaamlike Opvoeding op skool. Onderwysblad Oktober 1963

15 Smith, D P J : 'n Historiese kritiese ondersoek na die opleiding van onderwysers vir liggaamlike opvoeding op die openbare skole. M.A. (LO) verhandeling, P U vir C H O, 1944

16 Steyn, B J M : 'n Fundamentele begronding van 'n liggaamspedagogiese praktyk. Ongepubliseerde M.Ed (LO) verhandeling Universiteit van Pretoria 1980

17 Van der Merwe, P A B : 'n Fundamentele begronding van liggaamspedagogiese strukture. Ongepubliseerde M.Ed (LO) verhandeling, Universiteit van Pretoria 1980

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



HANDLEIDINGS

18 Handleiding vir liggaamlike opleidingsinstrukteurs in die Suid-Afrikaanse Leër. S A Leërkollege, 1983

19 Goudstadse Onderwyskollege. Jaarblad

20 Onderwyskollege Pretoria. Prospektus. Staatsdrukker, Pretoria 1957

21 Opknappingskursus vir onderwysers in Liggaamlike Opvoeding. Onderwyskollege, Pretoria 1963

22 Transvaalse Onderwysdepartement. Handboek van regulasies, voorwaardes en kursusse vir die opleiding van onderwysers. Staatsdrukker, Pretoria 1955

23 Transvaalse Onderwysdepartement. Sillabusse vir die Transvaalse Onderwysersopleidingskursusse. Staatsdrukker, Pretoria 1955

NOTULES VAN VERGADERINGS

24 Notule van vergadering van die Onderwyskolleges Belangegroep Liggaamlike Opvoeding, 17 Augustus 1963

25 Notule van vergadering van die Onderwyskolleges Belangegroep Liggaamlike Opvoeding 15 Augustus 1964

OMSENDBRIEWE EN OMSENDMINUTE

26 Kollegeomsendbrief nommer 3 van 1973, Onderwyskollege Pretoria

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



27 Transvaalse Onderwysdepartement. Omsendbrief vir Oktober 1926

28 Transvaalse Onderwysdepartement. Omsendbrief 6 van 1938

29 Transvaalse Onderwysdepartement. Omsendbrief 4 van 1939

30 Transvaalse Onderwysdepartement. Omsendbrief 5 van 1939

31 Transvaalse Onderwysdepartement. Omsendbrief 4 van 1943

32 Transvaalse Onderwysdepartement. Omsendbrief E 7/100/2/7 van 1948

33 Transvaalse Onderwysdepartement. Omsendminuut 158 van 1973

PERSOONLIKE ONDERHOUDE

34 Rootman, C J

35 Sterley, C B

TYDSKRIFTE

36 Geyer, G J : Liggaamlike opleiding in die Unie Verdedigingsmag 1912-1946. Militaria. Staatsdrukker, Pretoria 1970

37 Van der Stoep, F : Liggaamlikheid in opvoedingsperspektief. Educa, Junie 1975

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



38 Van der Stoep, F : Sport en ontspanning in Opvoedingsperspektief met besondere verwysing na die skoolprogram. Educa, 1975.

VERSLAE

39 Jaarverslag van die departementshoof Liggaamlike Opvoeding en Gesondheidsopvoeding. Onderwyskollege Pretoria 1961

40 Verslag van die Eerste Suid-Afrikaanse Kongres vir Liggaamlike Opvoeding, 9 - 12 Januarie 1945. Pro Ecclesia drukkery, Stellenbosch 1945

41 Verslag van die dertiende kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Liggaamlike Opvoeding en Rekreasie. Pretoria 1969

42 Onderwysburo. 'n Evaluerende oorsig van Liggaamsopvoeding onderrig (1938-1955) in Transvaal met 'n voorgestelde rationale vir ons openbare skole

43 Onderwysburo. Verslag oor die laerskool kurrikulum. Pretoria 1969

44 Transvaalse Onderwijsdepartement. Rapport voor het jaar geïndig 30 Junie 1906. Goeverenments-drukkerij, Pretoria 1906

45 Transvaalse Onderwijsdepartement: Rapport voor het jaar geëindig 30 Junie 1907. Goverenments-drukkerij, Pretoria 1907

46 Transvaalse Onderwijsdepartement : Rapport voor het jaar eindegende 30 Junie 1908. Goeverenments-drukkerij, Pretoria 1908

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



47 Transvaalse Onderwijsdepartement : Rapport voor het jaar eindigende 30 Junie 1910. Goeverenments-drukkerij, Pretoria 1910

48 Transvaalse Onderwijsdepartement : Rapport voor het jaar eindegende 31 Desember 1911. Goeverenments-drukkerij, Pretoria 1912

49 Transvaalse Onderwijsdepartement : Verslag voor het jaar eindegende 31 Desember 1913. Goeverenments-drukkerij, Pretoria 1914

50 Transvaalse Onderwijsdepartement : Verslag voor het jaar eindegende 31 Desember 1914. Goeverenments-drukkerij, Pretoria 1915

51 Transvaalse Onderwijsdepartement : Verslag voor het jaar eindegende 31 Desember 1915. Goeverenments-drukkerij, Pretoria 1916

52 Transvaalse Onderwijsdepartement : Verslag over het jaar geëindigd 31 Desember 1919. Goeverenments-drukkerij, Pretoria 1920

53 Transvaalse Onderwijsdepartement : Verslag vir die jaar geëindigd 31 Desember 1920. Goeverenments-drukkerij, Pretoria 1921

54 Transvaalse Onderwisjdepartement : Verslag vir die jaar geëindigd 31 Desember 1927 : Staatsdrukkery, Pretoria 1928

55 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1933. Staatsdrukker, Pretoria 1934

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



56 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar Geëindig 31 Desember 1935. Staatsdrukker, Pretoria 1936

57 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1936. Staatsdrukker, Pretoria 1937

58 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1937. Staatsdrukker, Pretoria 1938

59 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1938. Staatsdrukker, Pretoria 1939

60 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1939. Staatsdrukker, Pretoria 1940

61 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie onder leiding van W Nicol. Staatsdrukker, Pretoria 1939

62 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1940. Staatsdrukker, Pretoria 1941

63 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1941. Staatsdrukker, Pretoria 1942

64 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1944. Staatsdrukkery, Pretoria 1948

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



65 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1945. Staatsdrukker, Pretoria 1950

66 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1946. Staatsdrukker, Pretoria 1951

67 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig op 31 Desember 1947. Staatsdrukker, Pretoria 1951

68 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1949. Staatsdrukker, Pretoria 1952

69 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1951. Staatsdrukker, Pretoria 1955

70 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1953. Staatsdrukker, Pretoria 1956

71 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1954. Staatsdrukker, Pretoria 1956

72 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1955. Staatsdrukker, Pretoria 1958

73 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1957. Staatsdrukker, Pretoria 1959

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



74 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1958. Staatsdrukker, Pretoria 1959

75 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1961. Staatsdrukker, Pretoria 1963-64

76 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geeindig 31 Desember 1962. Staatsdrukker, Pretoria 1963-64

77 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1965. Staatsdrukker, Pretoria 1966

78 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag van die Direkteur van Onderwys oor die jaar 1971. Perskor, Pretoria 1972

79 Transvaalse Onderwysdepartement : Verslag van 'n sending na Oorsese lande, 6 April tot 5 Junie 1979. Deel 4. Pretoria 1979

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 3

# DIE NOODSAAKLIKHEID VAN LEERPLAN VERNUWING IN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE

## 3.1 INLEIDING

Alvorens daar bepaal kan word of die huidige opleiding doelgerig en opvoedkundig verantwoordbaar is, moet daar gekyk word na die bevindings van die historiese ondersoek in die voorafgaande gedeeltes van die studie.

Nuwe verwikkelinge rondom onderwysersopleiding het daartoe gelei dat universiteite, onderwyskolleges en technikons mede-verantwoordelik is vir die opleiding van leerkragte. 'n Uiteensetting van die aard van opleiding wat onderskeidelik aangebied word, sal bydra om moontlike verwarring uit die weg te ruim.

Landman het 'n deeglike studie oor die eiesoortigheid van opleiding aan die onderskeie inrigtings gedoen. 'n Populêre beskouing van dit wat kenmerkend van die drie tersiêre inrigtings is, kan so opgesom word:

| Technikons | Onderwyskolleges | Universiteite |
|---|---|---|
| Tegniese gevoeligheid | Pedagogiese gevoeligheid | Standaard-gevoeligheid |
| Praktykgerigtheid | Praktykgerigtheid | Wetenskapgerigtheid |
| Nywerheids-gevoeligheid | Onderwysgegevoeligheid | (7,2) |

Landman dui verder aan dat die universiteit by uitstek ingerig is om opleiding te verskaf vir onderwys aan die sekondêre skool op grond van die universiteit se gevoeligheid vir standaarde en sy wetenskapsgerigtheid (7, 4).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Hierteenoor is dit egter ook waar dat die onderwyskollege vanweë sy praktykgerigtheid en onderwysgevoeligheid die mees geskikte plek is vir die primêre skool opleiding. Die feit dat daar 'n verskil in benadering by hierdie twee inrigtings is dra daartoe by dat 'n verskil in leerplaninhoude moontlik kan wees.

## 3.2 IS DAAR 'N BEHOEFTE VIR LEERPLAN VERANDERING EN/OF VERNUWING?

Wanneer gekyk word na die navorsingsuitkomste in hoofstuk twee, is dit duidelik dat veranderde omstandighede en nuwe kennis noodwendig moes lei tot vernuwing van sillabusse. Daar sal vervolgens voorbeelde uit die vorige hoofstuk gehaal word om aan te dui waar vernuwing noodsaaklik was.

Die historiese ondersoek het aangedui dat beleidbepalers hulle nie altyd by die eise van die tyd, die praktyk, die omgewing of die gemeenskap hou nie. Só was daar byvoorbeeld in 1919 geen liggaamlike opvoeding in sekere dele van die Transvaalse platteland nie, omdat die leerlinge in die middag op die plaas sou besig wees met fisiese arbeid. Die doelstellings van liggaamlike opvoeding was dus heeltemal misken. Toe inspekteurs van onderwys aangevra het dat onderwyspersoneel meer opleiding moes ontvang in die onderrig van sport, was daar voortgegaan met "drill" werk wat bitter min bygedra het tot die aanleer van sportvaardighede. Die feit dat die opleiding van liggaamlike opvoeding onderwysers oorgelaat is aan die Weermag en Polisie, dui sekerlik daarop dat die waarde van liggaamlike opvoeding geringer geskat is as die waarde van kadette. Daar is ook geen aanduiding van wat van die opleiding van dames geword het in daardie tydvak nie. Kan dit wees dat daar nie aandag gegee is aan liggaamlike opvoeding vir dogters aan die primêre en sekondêre skole nie?

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die onderwysverslag onder leiding van Doktor Nicol in 1939, het 'n groot bydrae gelewer tot 'n herontwikkeling in liggaamlike opvoeding en veral wat die opleiding van personeel betref. As gevolg van hierdie verslag was talle studente geprikkel tot verdere navorsing.
D P J Smith se oorsese studiereis het aangetoon dat Suid-Afrika ver agter was ten opsigte van opleiding in ander lande. Sy bydrae was grootliks verantwoordelik vir noodsaaklike vernuwing in die opleiding van liggaamlike opvoeders.

Met die instelling van middelbare skole het daar 'n behoefte ontstaan om leerkragte in liggaamlike opvoeding te lewer vir hierdie tussen-in skoolfase. Die nodige aanpassings is gemaak en die opleiding van hierdie aspek was werklik gerig op die aanvraag van die praktyk.

Dit is egter baie duidelik dat daar 'n insinking in die opleiding ingetree het ná die afskaffing van die middelbare kursus. Onderwyskolleges het nie tred gehou met die ontwikkeling van sport en opvoeding op die primêre skool nie. Dit blyk dat kolleges op daardie stadium oor personeel beskik het met baie ervaring in die sekondêre skool. Skielik moes hulle die student uitsluitlik vir die primêre skool oplei, terwyl hulle nie veel op eie ervaring kon staatmaak nie. Die vermindering van opleidingstyd en die uitbreiding van vakke dui duidelik daarop dat daar 'n algemeen gekwalifiseerde onderwyser opgelei is en nie 'n spesialis vir die vak liggaamlike opvoeding nie. Die ondersoek toon duidelik aan dat daar regressie was in die opleiding, omdat daar nie genoegsaam aandag gegee is aan die behoeftes van die primêre skool nie.

## 3.3 DIE HUIDIGE BEHOEFTE IN LIGGAAMLIKE OPVOEDING AAN DIE PRIMêRE SKOOL

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 3.3.1 Die huidige stand van die vak

Ten einde hierdie vraag te beantwoord moet daar ook vasgestel word wat die huidige toestand van die vak aan die primêre skool is.

"*Die waarde van die vak Liggaamlike Opvoeding op skool word deur skoolhoofde, leerlinge en ouers gering geskat as gevolg van 'n gebrek aan kennis en insig in die opvoedingswaarde van die vakgebied*" (5,80).

Dat daar dus probleme op skoolvlak is, is onbetwisbaar. Die studiekomitee vir Liggaamlike Opvoedkunde het die hoofprobleemareas soos volg geïdentifiseer in 'n skrywe aan die Direkteur van Onderwys:

"*Die studiekomitee vind dat Liggaamlike Opvoeding op skool en veral die laerskole nie tot sy reg kom nie. Wat bydra tot hierdie situasie is:*

*a) die opleidingsituasie met betrekking tot tyd daaraan afgestaan*

*b) die feit dat opgeleides nie die Liggaamlike Opvoeding poste kry nie, en*

*c dat persone wat wel opgelei is, nie deur skoolhoofde in die vak aangewend word nie.*

*Uit bogenoemde kan daar afgelei word watter probleme tans op die primêre skool aangetref word. Dit is dus logies dat daar 'n diepte ondersoek gedoen moet word oor die huidige stand van liggaamlike opvoeding aan die primêre skool alvorens daar aanbevelings gemaak kan word om die probleme te oorbrug of uit die weg te ruim.*

*Die probleme wat in die primêre skool gevind word kan ook*

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*terug herlei word na die opleidingsinrigtings. Die opleiding van die liggaamlike opvoeding onderwyser vir die primêre skool het 'n agteruigang ondergaan. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die meeste onderwysersopleidingskolleges se departemente van Liggaamlike Opvoedkunde nie genoeg tyd tot hul beskikking het om Liggaamlike Opvoedkunde in diepte te bestudeer nie. Meeste van die Liggaamlike Opvoedkunde kursusse is semi-gespesialiseerd, met ander woorde dit word in klasverband aangebied"* (5,80). Daar moet dus ook gekyk word na verandering en vernuwing van die leerplanne aan opleidingsinrigtings.

In dié verband is die opmerking van De Bruyn van belang: "*in ons hedendaagse skoolpraktyk val die klem (veral namate die kind ouer word) op die kognitiewe spesialiseringsgebied en is daar ten aansien van die totale deurleefde liggaamlikheidskonsep nie veel meer sprake nie*" (2,307).

3.3.2 Die plek van Liggaamspedagogiek in die totale Liggaamlike Opvoedkundige problematiek

Ten einde 'n sinvolle bydrae te lewer tot die problematiek rondom Liggaamlike Opvoedkunde, moet daar noodwendig ook gekyk word na die breëre pedagogiese perspektief en die plek van die liggaamspedagogiek.

Deur middel van die liggaamspedagogiek kan daar moontlik aansluiting gevind word tussen die behoeftes van die leerling aan die primêre skool en die vakinhoudelike wat aandag moet geniet tydens die opleiding van die liggaamlike opvoeding onderwyser.

"*Op grond van die eie aard en karakter van die liggaamspedagogiek, gaan dit nie net bloot om kennis en vaardighede wat oorgedra moet word nie, maar dit gaan wesenlik oor verkryging en behoud van 'n kwalitatiewe leefwyse. Dit is 'n leefwyse wat gekenmerk word deur fiksheid, higiëniese rig-*

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*lyne, liggaamsversorging asook selfbeskerming en essensies wat onwegdinkbaar en onweghandelbaar in die liggaamspedagogiese situasie is. Op grond van die feit dat liggaamspedagogiese praktyk gekenmerk word deur 'n gemeenskaplike aangewesenheid op die menslike liggaamlikheid en beweging, is die korrekte voorlewing en voordoen wat in die persoonlike lewe van die liggaamspedagoog moet vergestalt, van fundamentele betekenis"* (4, 119). Steyn vra dus meer van die liggaamlike opvoeding onderwyser as bloot net die oordrag van kennis. Dit veronderstel dat die opleiding van die student in liggaamlike opvoeding veel dieper moet strek as blote kwalifisering op 'n akademiese vlak.

Volgens Van der Merwe, moet daar meer as net 'n ontsluiting van kennis op 'n tersaaklike wyse wees. Die kind moet nie net geleer word van die moontlikhede van liggaamlikheidsessensies nie, maar ook hoe om betekenis te gee aan hierdie essensies ten einde hom tot behoorlike volwassenheid te kan lei. *"Hierdie stelling vra dat die liggaamlike opvoeder nie net kennis sal besit nie, maar ook die pedagogiese bedrywigheidstruktuur sinvol sal kan implementeer"* (4, 193).

De Bruyn wys daarop dat dit in liggaamlike opvoeding per slot van sake nie bloot gaan om bewegings en oefeninge nie, maar dat 'n verantwoordelike liggaamspedagogieker dit ten doel moet hê om in die praktyk die totale mens te help vorm.

Wanneer hierdie genoemde aspek 'n ernstige oproep tot elke dosent in Liggaamlike Opvoedkunde rig, moet daar gekyk word na die inhoud van die huidige leerplan. Dit moet ook in gedagte gehou word dat tydens die opleiding moet *"die sin en doel van liggaamlike opvoeding steeds teen die agtergrond aan die uiteindelike opvoedings-ideaal gesien*

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*word, naamlik selfstandige deelname aan die wêreld en die lewe. Liggaamlike opvoeding het optimale persoonlikheids-ontplooiing ten doel ........ liggaamlike opvoeding (wil) nie alleenlik die liggamlik motoriese funksies vorm en verbeter nie, maar wil dit die mens in 'n situasie plaas wat beweging en verwante aktiwiteite sal bevorder ten einde by te dra tot optimale ontwikkeling van sy potensialiteite in alle lewensfasette*", aldus Botha (1, 8).

In die soeke na die ontwikkeling van alle potensialiteite van die leerling moet daar ook onthou word dat die kind besig is om homself toekomsgerig te projekteer "*maar hier-die pro-jek moet terselfdertyd 'n beweging van die toekoms na die hede wees. Die doelstellings wat die kind en ander vir hom stel, verwys weer terug na sy huidige situasie ten einde die situasie te verhelder en om dit met pedagogiese steungewing te verander*" (3, 9). Die onderwyser in die liggaamsopvoedingles is die persoon wat die grootste steun-gewing kan verleen. Die leerling se projeksie na 'n toe-koms vind deur sy liggaam plaas. Die kind se liggaam is die mees eie besitting wat hy het. Sonder sy liggaam kan daar vir hom geen projeksie wees nie. Die onderwyser kan dus in die liggaamsopvoeding les die kind lei tot singewing en beter betekenisgewing aan sy huidige situasie.

Landman brei verder uit op die voorafgaande wanneer hy sê die kind se "*daarwees is met ander woorde, 'n normatief normerende gesitueerdheid wat werklik essensieel daarop dui dat rekenskap gegee moet word van die vervulling van die opgawe tot ontwerp van die eie positiewe menslike moontlikhede*" (3, 11). Die liggaamsopvoeder kan dus nie toelaat dat sy les verval tot 'n ondoelmatige besigwees nie. Hy is onlosmaakbaar betrek by die kind se ontwikkeling van sy menslike moontlikhede. Net soos die kind moet die onderwyser kan rekenskap gee van sy bydrae tot die kind se aktualisering van sy potensialiteite. Die rol van die

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



onderwyser in die kind se ontwikkeling, word nog verder deur de Bruyn uitgelig wanneer hy sê dat "*Liggaamlike opvoeding (kan) gesien word as liggaamlike hulp wat aan 'n nie voltooide liggaamlikheid (kind) verleen word sodat hy kan word wat hy of sy moet word en behoort te word om 'n selfstandige en verantwoordelike liggaamlike- en bewegingslewe op sinvolle wyse te voer*" (5, 47).

Die rol van die liggaamlike opvoeding onderwyser in die ontwikkeling van die kind kan nooit oorskat word nie. Sonder sy steungewing kan die kind beswaarlik gedy tot volwassenheid. Veral in die primêre skool is die rol van die liggaamlike opvoedkundige belangrik. Gedurende hierdie tydperk moet die kind gelei word tot selfbegryping. "*Die opgawe tot selfbegryping beteken nie dat die kind asof in 'n spieël kykend weet wat hy is nie, maar dat hy aan homself met pedagogiese steungewing moet werk sodat hy kan word wat hy behoort te wees*" (3, 15). Omdat die kind in die primêre skool sy liggaam intens beleef, kan die onderwyser in die liggaamsopvoedingsles soveel te meer die nodige pedagogiese steungewing verleen om die leerling behulpsaam te wees met die probleem van selfbegryping.

Dit sal onmoontlik wees om 'n nie-volwassene te lei na volwassenheid sonder liggaamlike opvoeding. In sy gang na volwassenheid moet die kind sy eie moontlikhede leer ervaar. Deur die ontdekking van sy eie liggaam en liggaamlike moontlikhede kan die kind homself leer ervaar "*as sentrum van eie handeling*" (2, 167). Omdat die mens nie sy liggaam kan wegdink uit die liggaamlike opvoeding les nie, ook nie uit die pedagogiek en ook nie uit die wêreld nie, is die kind aangewese op liggaamlike opvoeding vir sy totale persoonsvoltrekking. "*Die liggaamspedagogiese praktyk kan egter nooit ontkoppel word van bepaalde motoriese aktiwiteite nie, alhoewel teoretiese onderrig van kardinale belang is. Die werkmiddel van die liggaamlike opvoeding is die liggaamlike oefening via bepaalde motoriese*

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*aktiwiteite*", aldus de Bruyn (2, 306).

### 3.3.3 Didaktiese aspekte van liggaamlike opvoeding

#### 3.3.3.1 Algemeen

Die onderwyser in liggaamlike opvoeding se onderrigsdoel is om bepaalde leerinhoude aan die leerlinge oor te dra. Hierdie bedoelde onderrig is slegs moontlik op grond van bepaalde inhoude. Korrekte hantering van die leerinhoude maak dit vir die liggaamspedagoog moontlik om die kind te begelei op 'n pad wat onvermydelik bewandel moet word (2, 314).

Van der Stoep onderskei twee aspekte in die lesstruktuur, naamlik lesdoel en leerdoel. Die lesdoel handel oor "die aandeel wat die onderwyser neem in sover dit die aanbieding van die onderriginhoude betref" terwyl dit by die leerdoel gaan "om die aandeel wat die leerlinge gaan of sal neem ten einde werklike leer- of onderrigseffek tot spreke te bring" (2,314). Die onderrigsinhoude gee sin en betekenis aan die lesdoel en die leerdoel.

Die liggaamspedagoog moet daarna streef om die leerinhoude aan die kind oor te dra op so 'n manier dat die kind die betekenis van die inhoude kan interpreteer en sy eie kan maak.

In die liggaamsopvoedingspraktyk is dit belangrik dat die leerinhoude grootliks "*aktiewe motoriese betrokkenheid verg en dat vir hierdie motoriese vaardighede bepaalde leerstof gekies en georden moet word en dat bepaalde leerstrategieë meer geskik is vir die oefenstof as ander*" (2, 314). Daar moet ook nie uit die oog verloor word, dat die benadering tot leerstofoordraging in die primêre skool ook mag verskil met dié in die sekondêre skool nie. Die begripsvermoë en motoriese vaardigheid van die primêre skool-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kind speel 'n belangrike rol in die onderwyser se besigwees met die kind.

### 3.3.3.2 Die lessituasie in die liggaamspedagogiese praktyk

Volgens de Bruyn (2, 315) gaan dit in die lessituasie "*om die sinvolle en toereikende liggaamlikheidsvoltrekking van die kind-in-opvoeding en impliseer dit ook die selfaktualisering van word en leer onder die begeleiding van die liggaamsopvoeder*". De Bruyn gee verder 'n uiteensetting van noodsaaklike aspekte wat moet figureer in die liggaamsopvoeder se opleiding. Die gebruikmaking van spesifieke bewegings, veral by die jonger kind (primêre skoolkind), stel komplekse vereistes aan die onderwyser. "*Grondige kennis van die kind, gepaardgaande met sinvolle gekose oefenstof (gerugsteun deur grondige kennis van, onder andere anatomie, kinesiologie, biomeganika, fisiologie en by uitstek psigopedagogiek) is noodsaaklik. Wanneer ons hier praat van anatomie, biomeganiese en fisiologie bedoel ons daarmee, die anatomies, biomeganiese en fisiologiese beginsels <u>aangaande die kind</u>, 'n saak wat na ons mening nog weinig aandag geniet in ons hedendaagse liggaamspedagogiese opleiding*" (2,316).

Die voorafgaande stellings wys baie duidelik daarop dat die liggaamspedagogiek 'n belangrike rol speel in die breëre pedagogiese bemoeienis met die kind wat tot volwassenheid gelei moet word. Die liggaamspedagogiek is onontbeerlik in die totale psigiese lewensvoltrekking van die kind.

## 3.4 DIE HUIDIGE LEERPLAN IN LIGGAAMLIKE OPVOEDKUNDE AAN DIE ONDERWYSKOLLEGES

Na vele samesprekings en vergaderings is daar tussen die universiteite en onderwyskolleges ooreengekom oor die inhoud van die leerplanne aan die onderwyskolleges. Alhoewel elke universiteit en onderwyskollege op hul eie besluit oor

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die inhoud, was die veronderstelling dat die "Kernsillabus vir Liggaamlike Opvoedkunde aan Onderwyskolleges in Transvaal", soos voorgeskryf deur die Transvaalse Onderwysdepartement, as basis sou dien.

3.4.1 Inhoud van die huidige leerplanne soos bepaal deur die Universiteit van Pretoria en die Onderwyskollege Pretoria

1 Didaktiese oorwegings vir die manskursus.

1.1 Tyd beskikbaar.

1.1.1 Totale getal lesings

| | | |
|---|---|---|
| Eerste studiejaar | : | 130 (26 x 5) |
| Tweede studiejaar | : | 130 (26 x 5) |
| Derde studiejaar | : | 208 (26 x 8) |
| Vierde studiejaar | : | 208 (26 x 8) |

Dit staan die Onderwyskollege vry om meer as die bestaande getal lesings aan die opleiding te wy.

1.2 Lesings

| 1.2.2 Praktiese afdeling | Getal lesings |
|---|---|
| Apparaatgimnastiek | 142 |
| Atletiek | 72 |
| Hokkie | 10 |
| Klein spele | 8 |
| Krieket | 16 |
| Rugby | 16 |
| Sagtebal | 10 |
| Selfverdediging | 16 |
| Swem | 80 |
| Tennis en tennisette | 48 |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



1.2.2 Teoretiese afdeling

| Teoretiese afdeling | Getal lesings |
|---|---|
| Administrasie en organisasie | 16 |
| Anatomie en fisiologie | 26 |
| Bewegingsleer | 26 |
| Evaluasie | 8 |
| Inleiding tot Liggaamlike Opvoedkunde | 18 |
| Korrektiewe liggaamsoefeninge | 8 |
| Metodiek | 16 |
| Geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde | 26 |
| Rekreasie | 26 |
| Sportbeserings | 8 |
| Fiksheidsleer | 54 |

1.3 Indelings van lesings per week.

1.3.1 Eerste jaar

| Eerste jaar | 1e termyn | 2e termyn | 3e termyn |
|---|---|---|---|
| Apparaatgimnastiek | 2 | 2 | 2 |
| Atletiek | 0 | 1 | 2 |
| Klein spele | 0 | 1 | 0 |
| Swem | 2 | 0 | 0 |
| Hokkie | 1 | 0 | 0 |
| Inleiding tot Liggaamlike Opvoedkunde | 0 | 1 | 1 |

1.3.2 Tweedejaar

| Tweedejaar | | | |
|---|---|---|---|
| Apparaatgimnastiek | 2 | 2 | 0 |
| Krieket | 0 | 0 | 2 |
| Atletiek | 0 | 0 | 2 |
| Swem | 2 | 0 | 0 |
| Tennisette en tennis | 0 | 2 | 0 |
| Rekreasie | 1 | 1 | 1 |

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

| 1.3.3 Derde jaar | 1e termyn | 2e termyn | 3e termyn |
|---|---|---|---|
| Apparaatgimnastiek | 1 | 2 | 2 |
| Atletiek | 2 | 0 | 0 |
| Rugby | 0 | 2 | 0 |
| Sagtebal | 1 | 0 | 0 |
| Swem | 2 | 0 | 0 |
| Tennis | 0 | 0 | 2 |
| Administrasie en Organisasie | 0 | 1 | 1 |
| Evaluasie | 0 | 1 | 0 |
| Anatomie en fisio-logie | 1 | 1 | 1 |
| Korrektiewe Liggaams-oefeninge | 0 | 0 | 1 |
| Metodiek | 1 | 1 | 0 |
| Sportbeserings | 0 | 0 | 1 |

| 1.3.4 Vierde jaar | | | |
|---|---|---|---|
| Apparaatgimnastiek | 0 | 2 | 2 |
| Atletiek | 2 | 0 | 0 |
| Selfverdediging | 0 | 2 | 0 |
| Swem | 2 | 0 | 0 |
| Tennis | 0 | 0 | 2 |
| Geskiedenis van Lig-gaamlike Opvoedkunde | 1 | 1 | 1 |
| Bewegingsleer | 1 | 1 | 1 |
| Fiksheidsleer | 2 | 2 | 2 |

## 2 Didaktiese oorwegings vir die dameskursus

| Eerste jaar | Tweede jaar | Derde jaar | Vierde jaar |
|---|---|---|---|
| Tyd: 5 lesings per week | 5 lesings per week | 8 lesings per week | 8 lesings per week |
| 25% Teorie | 25% Teorie | 30% Teorie | 40% Teorie |
| 25% Metodiek | 25% Metodiek | 25% Metodiek | 20% Metodiek |
| 50% Prakties | 50% Prakties | 45% Prakties | 40% Prakties |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2.1 Teorie

| Eerste jaar | Tweede jaar | Derde jaar | Vierde jaar |
|---|---|---|---|
| Inleiding tot doelstellings in Liggaamlike Opvoedkunde vir die junior primêre ouderdomsgroep | Kennis van doelstellings in Ligaamlike Opvoedkunde vir die primêre ouderdomsgroep | Kennis van doelstellings in Liggaamlike Opvoedkunde vir die primêre ouderdomsgroep | Kennis van doelstellings in Liggaamlike Opvoedkunde vir die primêre Ouderdomsgroep |
| 2.1.1<br>Oorsigtelike kennis van die sillabus. | Kennis van sillabus Gr 1 - St 3 | Kennis van sillabus St 3 - St 5. | Kennis van sillabus St 5 - St 7. |
| 2.1.2<br>Inleiding tot die Liggaamlike Opvoedkunde | 2.1.2<br>Rekreasie | 2.1.2<br>Administrasie en organisasie<br>2.1.3<br>Evaluasie<br>2.1.4<br>Anatomie en fisiologie<br>2.1.5<br>Korrektiewe liggaamsoefeninge<br>2.1.6<br>Metodiek<br>2.1.7<br>Sportbeserings | 2.1.2<br>Geskiedenis van Liggaamlike Opvoedkunde<br>2.1.3<br>Bewegingsleer<br>2.1.4<br>Fiksheidsleer |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 2.2 Metodiek

| Eerste jaar | Tweede jaar | Derde jaar | Vierde jaar |
|---|---|---|---|
| Metodiek | Metodiek | Metodiek | Metodiek |
| 2.2.1 Metodes van aanbieding | 2.2.1 Metodes van aanbieding | 2.2.1 Metodes van aanbieding | 2.2.1 Metodes van aanbieding |
| 2.2.2 Onderrigtegnieke | 2.2.2 Lesbeplanning<br>2.2.3 Keuse van middele St 1 - St 3<br>2.2.4 Organisasie en beplanning<br>2.2.5 Evaluering | 2.2.2 Metodes van oefenstof beplanning<br>2.2.3 Evaluering van lesse en programeenhede | 2.2.2 Verdieping in toepassing<br>2.2.3 Keuse van middele St 5-St 7 |
| 2.3 Prakties | Prakties | Prakties | Prakties |
| 2.3.1 Oefenstof vir junior primêre fase | 2.3.1 Oefenstof vir primêre skool tot St 3 | 2.3.1 Oefenstof vir gebruik tot St 5 | 2.3.1 Oefenstof vir gebruik tot St 7 |
| 2.3.2 Beweging sonder gebruik van voorwerpe (objektiewe benadering) | 2.3.2 Beweging sonder gebruik van voorwerpe (objektiewe bedering ) | 2.3.2 Opvoedende gimnastiek en kompetisiegimnastiek | 2.3.2 Opvoedende gimnastiek |
| 2.3.3 Beweging sonder gebruik van voorwerpe (subjektiewe benadering) | 2.3.3 Bewegings sonder gebruik van voorwerpe (subjektiewe benadering) | 2.3.3 Opvoedende dans | 2.3.3 Opvoedende dans |

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



| Eerste jaar | Tweede jaar | Derde jaar | Vierde jaar |
|---|---|---|---|
| 2.3.4 | 2.3.4 | 2.3.4 | 2.3.4 |
| Hantering van voorwerpe | Hantering van voorwerpe | Sport en spele | Sport en spele, Fisieke fiks-heid |
| 2.3.5 | 2.3.5 | 2.3.5 | 2.3.5 |
| Kombinering van van bogenoemde vier afdelings | Kombinering van bogenoemde vier afdelings | Wateraktiwi-teite | Wateraktiwi-teite (ritmiese swem en toer-tjies) |
| 2.3.6 | 2.3.6 | 2.3.6 | 2.3.6 |
| Wateraktiwi-teite met voorwerpe | Wateraktiwi-teite met voorwerpe | Lewensred-ding - Intermediêre ster | Lewensredding - Bronsmedalje |

Wat die leerplan vir mans betref, is daar nie veel afgewyk van die kernsillabus nie. Die dames bepaal hulle tot 'n nasionale program. Dit is egter 'n ope vraag of al die onderwyskolleges in Transvaal dieselfde geleentheid vir aanbieding het, aangesien die periode toekenning van inrigting tot inrigting verskil.

In 'n volgende hoofstuk sal hierdie leerplan krities beskou word en sal aanbevelings gemaak word wat kan lei tot nouer skakeling tussen die onderwyskolleges en universiteite. Dit kan ook bydra tot veranderings en aanpassings aan die huidige leerplan vir Liggaamlike Opvoedkunde aan die onderwyskolleges in Transvaal.

## 3.5 LEEMTES WAT ONTDEK IS TYDENS DIE ONDERSOEK

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

### 3.5.1 Skakeling tussen universiteite en onderwyskolleges

Die einddoel van elke onderwyskollege is om professioneel-bruikbare onderwysers aan die praktyk te lewer. Soos die ondersoek aangedui het, is daar tans heelwat verskille in die opleiding wat op die onderskeie kampusse plaasvind. Personeel wat verbonde is aan die kolleges se Liggaamlike Opvoedkunde departemente kommunikeer nie met mekaar oor die verskille wat voorkom nie.

### 3.5.2 Bewaring van inligting aangaande liggaamlike opvoedkunde

Die Transvaalse Onderwysdepartement beskik nie tans oor 'n stelsel waar inligting oor sillabusse geredelik beskikbaar gehou word nie. Die sillabusse vir Liggaamlike Opvoedkunde aan onderwyskolleges word nie op 'n sentrale plek bewaar nie. Die leerplan word getik, afgerol en versprei. Wanneer 'n nuwe leerplan verskyn word die verouderde dokument tot niet gemaak. Herhaalde pogings van die Onderwysburo kon niks oplewer nie en navorsers is aangewys op persoonlike dokumente van persone wat geruime tyd in die beroep staan.

### 3.5.3 Onduidelikhede oor bevoegdheid van Liggaamlike Opvoeding personeel

Daar bestaan nie duidelikheid oor die bevoegdhede en moontlikhede van personeel wat aan die onderwyskolleges opgelei word nie. Talle gesprekke met amptenare van die Transvaalse Onderwysdepartement het die ondersoeker tot die volgende gevolgtrekkings gelei:

a) Volgens prof N Mentz (Hoof, Onderwysburo) en mnr S Loots (Hoof onderwysbeplanner). (*Telefoniese onderhoud*) mag liggaamlike opvoeding studente wat aan Onderwyskolleges opgelei is, nie apparaat werk aanbied op die se-

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kondêre skool nie. Weens die huidige situasie met mans in die onderwysprofessie, gebeur dit dikwels dat kollegestudente poste aanvaar by sekondêre skole. Hierdie persone mag dan kwansuis nie apparaatgimnastiek aanbied nie. Geen afdeling van die Departement kon egter 'n skriftelike ordonnansie of kennisgewing toon wat bogenoemde feite staaf nie. Die mees resente omsendbrief wat opgespoor kon word is omsendbrief no 39 van 1963 waar die volgende aangetoon word: "*Die Departement het besluit dat geen onderwysers in die vervolg toegelaat sal word om gevorderde apparaat werk in Liggaamlike Opvoeding te gee nie, tensy sodanige onderwyser behoorlike opleiding in die onderrig van sodanige apparaat werk aan 'n onderwyskollege of ander erkende inrigting gehad het en tot dien effekte gediplomeer is*" (11, 4). Aangesien die huidige leerplan alle bewegings van die sekondêre skoolprogram insluit, is daar niks wat die onderwyser verhoed om apparaat werk aan te bied nie.

b) Die skakeling tussen universiteite en onderwyskolleges het meegebring dat kollegestudente na vier jaar opleiding een jaar erkenning by die universiteit ontvang. Volgens die vakadviseurs van liggaamlike opvoeding en die voorskrifte van die Departement mag 'n onderwyser met een jaar universitêre opleiding in 'n betrokke vak, die vak wel op sekondêre skoolvlak aanbied. Dit bevestig dan wat in (a) gestel word naamlik dat die onderwyskollegestudent apparaat werk mag aanbied op die sekondêre skool.

### 3.5.4 Differensiasie in liggaamlike opvoeding op skoolvlak volgens geriewe

In die huidige skoolsillabus word voorsiening gemaak vir die aanbieding van liggaamlike opvoeding volgens beskikbare geriewe. Die sillabus is saamgestel vir skole wat beskik

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



oor beide 'n swembad en 'n saal. In die voorskrifte word daar egter ruim plek gelaat vir improvisering waar slegs een of geen van hierdie twee geriewe beskikbaar is nie. Tydens 'n ondersoek in 1969 het die Onderwysburo daarop gewys dat daar geen aanduiding is van hoe liggaamlike opvoeding geimplementeer moet word by skole waar daar slegs een of twee personeeellede is en nie een van hulle oor opleiding in die vak beskik nie. Daar is toe aanbeveel dat daar aparte riglyne opgestel moet word vir die hantering van die vak by die kleinste skole. Die huidige sillabus bevat geen riglyne om aan sulke skole leiding te bied nie.

## 3.6 SAMEVATTING

Die opleiding van liggaamlike opvoedingonderwysers moet intensionaal gerig wees op ontsluiting van leerinhoude op so 'n manier dat die kind die essensies en essensie-inhoude as sinvol moet belewe.

Groter duidelikheid moet verkry word oor die leerinhoude en die skoolgerigtheid van sodanige inhoude wat vervat is in die leerplanne aan onderwyskolleges. Tydtoekenning aan sekere aspekte binne die opleidingsprogram van die liggaamspedagogieker moet hersien word. Nouer skakeling tussen die departemente Liggaamlike Opvoedkunde aan universiteite en onderwyskolleges is noodsaaklik.

De Bruyn sien die huidige situasie so: "*'n Vraag wat op die stadium gevra kan word is hoe dit moontlik is, dat die kind sin kan beleef van die oefenstof en leerstof in die hedendaagse liggaamspedagogiese praktyk, waar daar in die eerste plek te min tyd gelaat word vir die sinvolle eksplorasie van die leerinhoud, waar daar in die tweede plek by talle skole 'n gebrek aan onderrigfasiliteite is, en waar daar, in die derde plek nie ruimte gelaat word (veral in die laerskole) vir die inskakeling van die liggaamspedagogiese praktyk in die breëre opvoedingsplan nie*" (2,317).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK 3 : LITERATUURLYS

1 Botha, J L : Die Liggaamlike Opvoedkunde. Geesteswetenskap? Publikasie van die Universiteit van Pretoria nr 85, Van Schaiks, Pretoria 1974

2 De Bruyn, N J : Liggaamsterapie in die ortopedagogiese hulpverlening - 'n liggaamspedagogiese ondersoek. Ongepubliseerde D. Ed Universiteit van Pretoria 1982

3 Landman, W A : Op soek na Pedagogiese Kriteria. Professorale intreerede, Van Schaiks, Pretoria 1969

4 Steyn, B J M : 'n Fundamentele begronding van 'n liggaamspedagogiese praktyk. Ongepubliseerde M. Ed (LO) verhandeling. Universiteit van Pretoria 1980

5 Van der Merwe, P A B : 'n Fundamentele begronding van liggaamspedagogiese strukture. Ongepubliseerde M.Ed (LO) verhandeling, Universiteit van Pretoria 1980

VERSLAE

6 Garbers,J G en medewerkers : Sport in die R S A. Verslag van die Hoofkomitee : RGN Sportondersoek Pretoria 1982

7 Landman, W A : Vennootskapopleiding

8 Nicol, W en medewerkers : Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie aangestel onder administrateurskennisgewing no 124 gedateer 3 Maart 1937. Staatsdrukker Pretoria, 1939

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



9 Onderwysburo : 'n Evaluerende oorsig van Liggaamsopvoeding onderrig (1938-1955) in Transvaal met 'n voorgestel rationale vir ons openbare skole.

10 Onderwysburo : Verslag oor die laerskool kurrikulum. Pretoria 1969

OMSENDBRIEWE/MINUTE

11 TOD omsendbrief no 39 van 1963

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



# HOOFSTUK 4

## BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

In hierdie hoofstuk sal daar gekyk word na die navorsingsuitkomste van ondersoeke wat gedoen is. Aanbevelings wat uit die ondersoek voortspruit, sal gedoen word. Daar sal ook aangedui word hoe nuwe leerplaninhoude die praktyk sal beinvloed.

### 4.1 BEVINDINGS

Die navorsingsuitkomste toon duidelik dat die leerplanne vir Liggaamlike Opvoedkunde aan onderwyskolleges nie altyd die nodige aandag geniet het om te verseker dat daar tred gehou word met behoeftes in die vak nie.

Die navorsing het getoon dat daar tot en met 1927 bitter min gebeur het om die vak liggaamlike opvoeding tot sy reg te laat kom. 'n Gebrek aan inligting het dit baie moeilik gemaak om vas te stel presies watter opleiding aan studente verskaf is ten einde hulle voor te berei vir die taak van liggaamlike opvoedkundiges. Vir lang tydperke was daar geen opleidingsfasiliteite vir liggaamlike opvoeding nie. Personeel was nie goed genoeg gekwalifiseerd om behoorlike opleiding te verskaf nie. Sommige persone, soos meneer Collard het hard probeer om die vak te bevorder, maar die stelsel van onderwys en opleiding het hom baie gekortwiek in sy taak. Hoofde van onderwyskolleges het toegelaat dat liggaamlike opvoeding verval in oefensessies in die vroeë oggend. Hierdie was bloot "liggaamsoefeninge" wat deur alle studente gedoen is en van opleiding van personeel vir liggaamlike opvoeding was daar weinig sprake.

Ná 1927 het sake verbeter toe dit in die hande van die Suid-Afrikaanse Weermag en Suid-Afrikaanse Polisie gelaat is om

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die opleiding van onderwysers vir liggaamlike opvoeding oor te neem. Ongelukkig het dit op sommige kampusse ontaard in die opleiding van kadetoffisiere.

Vanaf 1936 het die Transvaalse Onderwysdepartement daadwerklike pogings aangewend om liggaamlike opvoeding uit te bou aan die onderwyskolleges en op die skole. Die kommissie onder leiding van W Nicol en ondersoeke deur die Onderwysburo het 'n groot rol gespeel in die uitbouing van liggaamlike opvoeding. Die aanstelling van 'n Nasionale Adviserende Raad vir Liggaamlike Opvoeding en die werk wat hulle gedoen het, was van groot waarde. Hierdie raad het beslis gesorg dat liggaamlike opvoeding op skool gestandardiseer word. 'n Direkte uitvloeisel daarvan was dat die gehalte van opleiding ook verhoog het.

Die navorsing wat gedoen is, het deurgaans aangetoon dat die grootste probleem wat ondervind word, die gaping is wat daar bestaan tussen teoretiese vereistes en praktiese uitvoering en tussen behoeftes en voorsiening. Onderwyskolleges het nie die nodige beplanning gedoen om te verseker dat die opgeleide liggaamlike opvoeding onderwyser sal kan voorsien in die behoefte van die skole nie. Veral op die primêre skool is die waarde van liggaamlike opvoeding vir die totale ontwikkeling van die kind, misken. Dat daar wel by geleentheid opleiding verskaf is om te voorsien in behoeftes aan die skole is ook waar. Die streng militaristiese opleiding het beslis 'n invloed gehad op die verbetering van swak liggaamshouding wat by skoliere aanwesig was.

Een aspek wat beslis meer aandag verdien het en wat trouens vandag nog 'n probleem is, is die feit dat sommige skole op die platteland net oor een, twee of drie leerkragte beskik. Daar was nooit voorsiening gemaak vir die leerling wat aan die kleiner skole verbonde is nie.

D P J Smith het met sy studie en aanbevelings gesorg dat

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die opleiding van studente in liggaamlike opvoeding op 'n beter grondslag geplaas is. Die leerplanne wat opgestel is na aanleiding van sy aanbevelings, vorm vandag nog die basis van die kernsillabus vir Liggaamlike Opvoedkunde aan die onderwyskolleges.

'n Probleem wat deurgaans voorgekom het in die navorsing, is die feit dat liggaamlike opvoeding by skole uitsluitlik uit apparaat gimnastiek bestaan het. Opleiding in sport en spele, swem en selfverdediging het dus weinig bygedra tot wat in die praktyk plaasgevind het.

Dit stigting van middelbare skole het veroorsaak dat daar 'n verandering in die opleiding van studente in Liggaamlike Opvoedkunde plaasgevind het. Ná die afskaffing van die middelbare kursus het daar egter 'n groot probleem ontstaan. Die inhoud van die leerplanne het dieselfde gebly maar omdat die kolleges slegs semi-spesialiserings studente oplei het die beskikbare tyd vir opleiding drasties verminder.

Die navorsing het ook aangetoon dat die klem in Liggaamlike Opvoedkunde en die opleiding van studente, nog altyd op die sekondêre skool gemik was. Die behoeftes van die leerling aan die primêre skool word nie altyd in gedagte gehou wanneer die leerplanne vir opleiding van studente in Liggaamlike Opvoedkunde saamgestel word nie.

Die historiese navorsing het dus gewys dat leerplanne goed deurdag behoort te wees en dat die grootste vereiste wat gestel moet word is dat die onderwyser só opgelei moet word dat hy kan voorsien in die behoeftes van die leerling.

Die skakeling tussen onderwyskolleges en universiteite het baie vernuwing in Liggaamlike Opvoedkunde teweeggebring. Dit is egter noodsaaklik dat die leerplanne wat ontstaan het uit hierdie samesprekings moet voldoen aan die vereistes soos uiteengesit in hoofstuk 3 van die ondersoek.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Die huidige leerplan (soos in hoofstuk 3 vervat) blyk nie in alle aspekte 'n weldeurdagte leerplan te wees nie. Wanneer daar na die inhoud en die periodetoekenning gekyk word, kom die volgende vrae na vore:

a) Sal dit vir die kollegestudent moontlik wees om ná vier jaar opleiding aan te gaan met tweedejaar opleiding aan die universiteit?

b) In hoe 'n mate is die leerplan beplan om 'n bydrae te lewer tot die taak wat die onderwyser op die skool moet gaan verrig?

c) Kan daar verbeterings aangebring word aan die huidige metodes van skakeling tussen onderwyskolleges en universiteite?

## 4.2 EVALUERING VAN DIE HUIDIGE LEERPLAN

Die navorsingsuitkomste het aangetoon dat daar wel leerplanontwikkeling plaasgevind het. Daar is egter ook nog sekere vakinhoude wat nie na wense is nie. In die volgende paragrawe sal enkele probleemareas aangedui word.

### 4.2.1 Atletiek

Dit is verblydend dat die tyd wat aan atletiek afgestaan word, uitgebrei is. Waar dit vroeër 'n semester vak was, kom dit nou voor in elke jaar van opleiding. Dit is 'n merkbare verbetering wat daartoe bydra dat die onderwyser-in-wording, nou meer tyd kry om bekend te raak met die metodiek van die onderrig van atletiekvaardighede.

### 4.2.2 Gimnastiek

Die inhoud van die gimnastiek vaardighede is blykbaar só

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



saamgestel dat die student in staat sal wees om met 'n tweedejaarskursus aan te gaan op universiteit. In verhouding tot dit wat die onderwyser in die primêre skool moet aanbied, word daar 'n geweldige hoë standaard van vaardigheid van die student self verwag gedurende sy opleiding. Die opleidingstyd moet meer direk gemik wees op die metodiek van onderrig van gimnastiekvaardighede. Die teenoorgestelde kan egter ook waar wees. Het dit nie tyd geword om die skool sillabus te hersien nie. Word daar nie dalk te min verwag van die primêre skool leerlinge nie? Gedurende hierdie tydperk is die leerling se moontlikhede tot waag en eksperimentering met beweging op 'n hoogtepunt. Deur bewegings in die skoolprogram te bemoeilik kan die leerling se liggaamsmoontlikhede beter ontplooi word. Hierdie aspek verg verdere navorsing alvorens daar veranderinge in die leerplan aangebring kan word.

4.2.3 Rugby

Die tydtoekenning vir rugby is slegs een termyn tydens die opleidingstydperk van vier jaar. Kan die student werklik onderlê word in die metodiek van basiese vaardighede wat benodig word vir die spel? Daar moet ook in gedagte gehou word dat bykans elke manlike personeellid by 'n primêre skool betrek word by rugbyafrigting as buitemuurse aktiwiteit. Dit is dus noodsaaklik dat die liggaamsopvoeder die voortou moet kan neem op hierdie gebied.

4.2.4 Sagtebal

Slegs nege periodes word aan sagtebal toegeken (dit wil sê vyf ure). Dit is onmoontlik om 'n vreemde spel vir studente aan te leer en nog kennis oor te dra oor die onderrig van vaardighede in die spel.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 4.2.5 Selfverdediging (Stoei en Judo)

In die huidige voorskrifte vir liggaamlike opvoeding aan die primêre skool word daar 'n keuse aan die onderwyser gelaat om enige vorm van selfverdediging te onderrig. Dit kan probleme veroorsaak. Karate en judo vereis spesifieke kleredrag. Dit is nie altyd binne almal se vermoë om spesiale kleredrag aan te skaf nie. Stoei is en bly die basiese vorm van selfverdediging. Deeglike onderrig en opleiding in die metodiek van stoei sal 'n student behoorlik toerus vir die aanbieding van stoei op skoolvlak.

### 4.2.6 Swem en lewensredding

Hierdie twee afdelings van die kursus het werklik genoeg tyd in die leerplan. Daar is egter bitter min primêre skole wat oor swembaddens beskik. Dit wil voorkom asof daar by die skole wat wel oor die nodige geriewe beskik, bitter min aandag gegee word aan die onderrig van swem vir die grade klasse. Verder blyk dit dat daar nie veel tyd spandeer is aan vergelykbare standaarde betreffende lewensredding nie. Die dames moet in die derde studiejaar die "intermediêre ster" verwerf en in die vierde studiejaar moet daar "opvolgwerk" gedoen word tot die bereiking van 'n bronsmedalje. Hierteenoor vind ons dat die mans in die vierde studiejaar lewensredding moet doen soos vir die bronskruismedalje. By die universiteit word daar verwag dat die student gedurende sy drie jaar van opleiding 'n bronskruismedalje moet verwerf. 'n Student wat sy vier jaar suksesvol voltooi het aan die onderwyskollege, sal dus moet vrygestel word van lewensredding indien hy sou voortgaan met BA(LO) of B Prim Ed (LO). Ironies genoeg word daar in die handleiding vir liggaamlike opvoeding vir skole aangedui dat enige persoon swem mag aanbied, met ander woorde dit is geensins nodig om 'n lewensreddingskwalifikasie te besit nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



### 4.2.7 Tennis

Tennis geniet genoeg aandag gedurende die opleidingstydperk. Dit is een afdeling waar die student werklik geleentheid kry om te leer hoe om die basiese vaardighede te onderrig.

### 4.2.8 Teorie

Uitslae van die afgelope drie jaar toon dat die eerstejaar studente nie opgewasse is vir die inhoude wat vervat word in "Inleiding tot Liggaamlike Opvoedkunde" nie. Daar moet oorweging daaraan geskenk word dat die eerstejaar kursus meer op die praktiese en metodiek ingestel word en dat die filosofiese aspekte in later jare bygebring word. Daar word baie deeglike en goeie werk gedoen op die gebied van die fisiologie. Die onderwyskolleges sal egter moet besin oor die plek van ortopedagogiek in die opleidingsprogram. Ná 'n deeglike ondersoek bevind de Bruyn "*daar die kind se totale liggaamlikheidsdimensie nie ontkoppel kan word van die psigiese lewensontplooiing nie en toereikende voltrekking van die psigiese lewe ook toereikende liggaamlikheidsaktualisering veronderstel, is dit voor-die-hand-liggend dat die liggaamspedagogiek 'n meer intense deel moet vorm van die breëre opvoedingsplan en opvoedingsprogram*" (2,569). Hy beveel ook aan dat "*alle liggaamsopvoedingsonderwysers onderrig moet ontvang in bepaalde ortopedagogiese en liggaamsortopedagogiese aspekte sodat hulle in staat sal wees om die praktykbeoefening ook liggaamsortopedagogies te kan rig*" (2, 570).

Uit bogenoemde voorbeelde blyk dit duidelik dat die universiteit en onderwyskolleges weer sal moet besin oor die inhoud van die huidigie leerplan. Daar is ook nie eenvormigheid by alle universiteite en kolleges in Transvaal wat onderling opleidingsooreenkomste met mekaar het nie.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.2.9 Pedagogiese verantwoordbaarheid van die leerplanne vir Liggaamlike Opvoedkunde

Wanneer teorie opleiding en praktyk bymekaar gevoeg word, moet die leerplan bydra tot die vorming van die onderwyser sodat hy wel pedagogiese gevoeligheid, praktykgerigtheid en onderwysgevoeligheid sal openbaar. Die huidige leerplanne sal kategories ge-evalueer moet word om te bepaal of dit wel voldoen aan bogenoemde eise. Daar moet gekyk word na bestaande pedagogiese kategorieë en aan die hand daarvan, moet die bestaande praktyk en opleiding beskrywe, herhaal en waar nodig verbeter word. Enkele bestaande pedagogiese kategorieë moet ook vergestalt in die leerplan vir Liggaamlike Opvoedkunde. Vir die doel van onderhawige studie sal die bestaande didakties-pedagogiese kategorieë aangewend word ten einde die Liggaamlike Opvoedkunde praktyk kategories oop te dek.

4.2.9.1 Ontsluiting van werklikheid

Van der Stoep (5, 24) omskryf die kategorie "Ontsluiting van werklikhede" as volg:

"*Die ontsluiting van werklikheid impliseer dat 'n persoon, in besondere gevalle 'n onderwyser, daartoe oorgaan om bepaalde aspekte van die leefwêreld vir verkenning en verowering deur iemand wat nog nie ken nie en nog nie weet nie bekend of oopstel*". Dit impliseer dat bepaalde aspekte van die leefwêreld van die kind oopgestel moet word vir verowering. Dit gaan dus hier om die volwassewordende kind. In die liggaamspedagogiese situasie gaan dit ook oor die volwassewordende kind maar "*met die klem op die kind in beweging as deurleefde liggaamlikheid*" (2,17).

4.2.9.2 Leer

Volgens Van der Stoep "*is die ontsluiting van werklikheid*

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*egter onmoontlik indien mens nie ook die primaat van leer daarby in aanmerking neem nie, omdat ontsluiting sonder enige moontlikheid van leer 'n sinlose handeling is en in geen mate eintlik daartoe kan bydra om nuwe toekoms te stig nie*" (5, 25). Didaktiese gebeure is nie 'n voorwaarde vir leer nie, maar leer is 'n vereiste vir die didaktiese gebeure om te kan slaag (5, 25). "*Die leerstof wat in die praktyk beslag kry, moet by die kind aangepas word, die eie rol van die kind, sy eie belewing ten aansien van die praktiese meedoen en handel, moet weer in ag geneem word. Dit is dus nie vir die kind nodig om hom aan te pas by oefenstof waaraan hy geen sin het nie*" (2,19).

Ten einde aan bogenoemde vereistes te voldoen moet die student in Liggaamlike Opvoedkunde dus opgelei word om die leerstof ső aan te bied dat dit sal lei tot 'n leersituasie waardeur ontsluiting van werklikheid moontlik gemaak word.

4.2.9.3 Objektivering

Hiermee word bedoel dat "*die kind moet kan terugstaan om van buite af 'n bepaalde saak te aanskou en werklik suiwer die wesenstrekke of essensies daarvan moet kan bepaal*" (5, 27). Hierdie kategorie moet besondere vergestalting in die skool-praktyk vind. Volgens de Bruyn het die liggaamspedagogiek egter 'n moeilike taak in hierdie verband. "*In Suid-Afrika, net soos in ander lande, is daar ten aansien van die liggaamspedagogiek en die liggaamspedagogiese praktyk nie altyd eensgesindheid nie*" (2,20). Daar moet verseker word dat die liggaamspedagogiek 'n nuwe beslag in beide die teorie en praktyk kry. Daar is talle leemtes in die huidige laerskool program. "*Selfontdekking van individuele moontlikhede, die vorming van gesindhede teenoor die eie liggaam, liggaamsbesef, genoegsame bewegingservaring kan en moet meer aandag geniet. Dit behoort nie die bedoeling van die liggaamspedagoog te wees om kinders primêr aller-*

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



*hande vaardighede te laat aanleer nie. Die programmering as geheel moet nie primêr ingestel wees op die leerresultaat nie, maar op die totale wording van die kind"* (2, 24).

Die huidige praktyk leen hom nie daartoe dat die leerling, nadat hy geleer het, tot 'n bepaalde oordeel van bepaalde strukture kan kom nie.

4.2.9.4. Begeleiding

Die volwassene laat nie leerlinge aan hulself oor nie. Hy gee die nodige rigting en koers en bemoei hom intensief met die kind ten opsigte van sy prestasie, sy verowering en vaardighede (5, 26). De Bruyn sien die rol van die liggaamspedagoog as volg: *"Die kind moet so gelei word dat hy sy eie bewegingsantwoorde sal vind. Die liggaamsopvoedingsituasie moet geleenthede skep vir elke kind. Die opvoedingsituasie moet 'n uitdagingskarakter hê. Die kind moet begelei word om persoonsvoltrekkend tot behoorlike selfkennis te kom en tot toereikende aktualisering van sy liggaamlikheid.*

*Die kind as liggaamlikheid in wording moet sentraal staan in die liggaamlike opvoeding. Hy moet in 'n besondere manier begelei word, wat sal waarborg dat hy op eie selfgewilde wyse bewegingsondervinding sal opdoen. Die kind as liggaamlikheid-in-wording moet sentraal staan"* (2,24-25).

4.2.9.5 Prestasie

Twee belangrike aspekte wat in hierdie kategorie na vore kom, is dat:

1 die volwassene een of ander tyd moet oorgaan tot die kontrolering en beoordeling van die kind se deelname aan die situasie;

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



2 die kind geleentheid gebied word om selfkrities sy eie deelname te beskou en sukses en mislukking te ervaar (5, 31).

Alhoewel die student in Liggaamlike Opvoedkunde opgelei word om evaluering toe te pas, word dit nie in die praktyk van hom verwag om bewys te lewer dat hy wel prestasie gemeet het nie. Hierdie gebrek aan kontrole en beoordeling veroorsaak dat die leerling hom in 'n "*onontdekbare niemandsland* (*bevind*) *en ly sy eksplorasie noodwending skade*" (5, 31). Daar moet gedurende die opleiding dus meer klem gelê word op die noodsaaklikheid van evaluering van prestasie.

Wanneer bogenoemde kategorieë as maatstaf geneem word vir suksesvolle opleiding en praktyk, dan is dit duidelik dat daar weer gekyk moet word na leerplaninhoude. Dit spreek vanself dat die liggaamspedagogiese praktyk in die skool, en dus ook aan die opleidingsinrigtings, vanuit die wysgerig-antropologiese perspektief en die liggaamspedagogiese perspektief benader moet word. Volgens de Bruyn sal "*Liggaamlikheid weer in opvoedingsperspektief geplaas moet word en die liggaamlikheidskomponente, soos die sensomotoriese onderbou, eie kinderlike liggaamlikheidsbelewing met sy drie onderskeie kategorieë, naamlik liggaamsplan, liggaamsbesef en liggaamsidee sal meer aandag moet geniet*" (2, 25).

Ten einde te verseker dat die liggaamlike opvoedingsprogram aan die primêre skool aan bogenoemde eise voldoen, sal die opleidingstruktuur in die Liggaamlike Opvoedkunde ook aangepas moet word. Die student in Liggaamlike Opvoedkunde sal opleiding in al die pedagogiekdissiplines moet ontvang. Sodanige opleiding sal verseker dat die onderwyser die kind ten beste sal kan dien.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Dit is dus noodsaaklik dat enige leerplan wat op die opleiding van studente in die Liggaamlike Opvoedkunde gemik is, bogenoemde kategorieë sal beklemtoon.

### 4.3 AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN SKAKELING TUSSEN UNIVERSITEITE EN ONDERWYSKOLLEGES

Die gegewens wat volg is gedeeltelik gebasseer op die ooreenkoms tussen die Universiteit van Pretoria en die Onderwyskollege van Pretoria en kan as sulks nie aanvaar word as die enigste riglyn nie, maar kan moontlik 'n bydrae lewer tot die daarstelling van patrone vir handeling.

Hierdie gegewens is ook voorgelê aan die studiekomitee vir Liggaamlike Opvoedkunde na samesprekings tussen die skrywer en meneer C Kortenhoven van die Pretoria College of Education. Dit dui op sekere probleemareas en daar word gepoog om aan te dui hoe daar vordering gemaak kan word in hierdie spesifieke areas.

#### 4.3.1 Metodiek

Metodiek verskil nie slegs interdissiplinêr nie, maar ook in die aanbieding. Metodes van aanbieding sal dus moeilik koördineerbaar wees, maar groter eenvormigheid kan tog verkry word waar onderwysers-in-opleiding in verskeie afdelings soortgelyke opleiding ontvang. Waar daar op onderwyskolleges wel deeglik onderskeid getref word tussen die metodiek-in-opleiding van die junior- en senior-primêre fase word daar op universiteit skynbaar minder aandag gegee aan gedifferensieërde metodiek tussen opleiding vir die primêre- en sekondêre fase te wete HOD(LO), BA(LO), B Ed(LO) en B Prim Ed (LO).

Riglyne behoort neergelê te word wat sal lei tot groter

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



koördinering van metodiek en spesifiek wat die primêre skool aanbetref. Die metodiek-in-opleiding moet toepaslik wees op die latere praktiese onderrigsituasie.

Tydens die SAVLOR kongres van 1982 het professor B C Andrews (Universiteit Wes-Kaapland) gevra dat onderwysopleiding nie afgewater moet word ten einde 'n kursus aan te bied wat in die algemeen sal bevredig nie. In sy referaat bepleit hy dat daar by universiteite meer aandag aan professionele opleiding gegee moet word. Die metodologie moet immers opvoedkundig gefundeer en verantwoordbaar wees.

4.3.2 Die vakinhoudelike

Aandag behoort geskenk te word aan die vraag of die vakinhoudelike op tersiêre inrigtings wel toepaslik is op dit wat van die onderwyser verwag word in die skoolsituasie. Behalwe die vereistes wat deur die sillabus vasgelê word, behoort die vakinhoudelike ook aan te pas by gemeenskapseise (in die breëre sin).


Ten einde inskakeling te vind by die universiteite kan daar gekyk word na professor F J Buys se voorstelle ten opsigte van bewegingskunde, bewegingsopvoeding en sportkunde.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






Hiermee word geimpliseer dat alle studente 'n basiese opleiding ontvang naamlik bewegingskunde. Daar word dan geleentheid geskep vir die student wat suiwer belang het in die onderrig van die vak liggaamlike opvoeding om bewegingsopvoeding te bestudeer.


Die onderwysstudent wat 'n bydrae wil lewer tot die buitemuurse program kan dan saam met 'n tweede akademiese vak die rigting sportkunde bestudeer. Hierdie twee groepe studente sal dan mekaar komplementeer in die onderwyssituasie tot voordeel van die professie en veral die kind. Met die Liggaamlike Opvoedkunde departemente en sportburo's waaroor kolleges beskik kan daar 'n goeie basis gelê word vir nouer skakeling en aansluiting tussen universiteite en onderwyskolleges.

Verder sal daar ook gekyk moet word na opleiding en rekreasie. Vakinhoudelike is nie tydsgebonde, vasglê en gegewe nie - dit is onderhewig aan verandering soos beliggaam in die tydsgees en gemeenskapseise.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA






FIGUUR 1.

LIGGAAMSPEDAGOGIEK AS DEEL VAN DIE TOTALE OPVOEDINGSDINAMIEK

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

Toekomstige navorsing oor Liggaamlike Opvoedkunde aan die onderwyskolleges, behoort gekoppel te word aan die ingeslote figuur. Hierdie figuur verseker dat toekomstige navorsing wat hierdie inligting as grondslag het, aanspraak daarop kan maak dat dit 'n pedagogies verantwoordbare vertrekpunt het.

De Bruyn het daarin geslaag om die plek van Liggaamspedagogiek as deel van die totale opvoedingsdinamiek aan te toon. Die meegaande figuur toon duidelik aan hoe die liggaamspedagogiek gekonstrueer word.

Die navorsingsuitkomste van hierdie studie dui daarop dat dit tyd geword het om weer te kyk na die plek van liggaamlike opvoeding op die primêre skool asook na die inhoud van die leerplanne vir Liggaamlike Opvoedkunde aan die onderwyskolleges.

Die figuur maak 'n skematiese voorstelling van die doelstellings van die liggaamlike opvoeding gesien binne die bestek van die totale opvoedingsgebeure. De Bruyn ontleed die inhoud van die figuur op die volgende wyse:
"*Uit die figuur word dit duidelik dat die liggaamspedagogiek ten aansien van die totale opvoedingsdinamiek 'n wesentlike bydrae lewer veral vanweë die feit dat dit ook die moontlikheid aan die kind bied om op sinvolle wyse sy psigiese lewe te voltrek. Vanuit die liggaamspedagogiese perspektief kan daar egter verwag word dat die kind op weg na volwassewording in 'n toenemende mate bewys daarvan sal lewer dat hy, wat die liggaamspedagogiese inhoude betref, op 'n steeds hoër niveau eksploreer. Vir die liggaamspedagoggog is dit eweneens van besondere belang dat die kind sal emansipeer namate hy die werklikheid leer ken en beheers*" (2, 313).

De Bruyn beklemtoon ook dat daar in die liggaamspedagogiek gelet moet word op die vryetydswaarde van die inhoude. Deur

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



sinvolle eie bewegingsbetrokkenheid en bewegingsbeplanning, ten aansien van sy eie liggaamlikheidsdimensie kan die kind meer selfstandig wees en word (2, 313).

4.3.3 Addisionele kwalifikasies

Met verwysing na die vakinhoudelike moet daar noodwendig geleentheid geskep word vir die liggaamlike opvoeding-student om addisionele sportkwalifikasies te verwerf. Sportburo's/kantore kan hierin 'n groot ondersteuenende rol speel, deur die aanbieding van sodanige kursusse.

Addisionele kwalifikasies moet skoolgerig wees en die verwerwing daarvan moet 'n groter rol speel in die uiteindelike verkryging van 'n onderwyskwalifikasie. Die toepassing hiervan kan bydra tot 'n beter toegeruste onderwyskorps. Anomalië bestaan ook tussen kolleges waar A byvoorbeeld in 'n vier jaar kursus vereis dat studente in vier sportsoorte kwalifikasies moet verwerf, terwyl B kwalifikasies in slegs twee sportsoorte vereis oor dieselfde tydperk.

Die R G N sportondersoek konstateer dat dit in belang van die onderwysprofessie en die kind geag word dat onderwysers sodanig opgelei word dat hulle in staat is om leerlinge aan skole na behore in sport af te rig. Die verslag toon dat onderwyskolleges nie daarin slaag om in die behoefte aan goed opgeleide sportafrigters te voorsien nie (6, 77). Daar moet egter gewaak word teen sportafrigting in die liggaamsopvoedingsles. Dat sport 'n groot bydrae kan lewer, is onbetwisbaar en "*die sportsituasie bied ook die geleentheid om op sinvolle wyse by beweging betrokke te raak. In dië lig gesien het die bewegingsonderwys op skool dus 'n belangrike leerdoel, en wel in die motivering van die leerlinge om tot op so 'n hoë ouderdom moontlik op sinvolle wyse en deur sinvolle selfbepaling en beplanning sportief besig te bly*", aldus de Bruyn (2, 310).

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



4.3.4 Eenvormige benaming

Komplementêre kursusse wat aangebied word by die onderskeie kolleges en/of universiteite behoort dieselfde benaming vir 'n spesifieke kursus te hê.

4.3.5 Breër aanbieding op tersiêre vlak

Dit is voor die handliggend dat tersiêre opleiding nie slegs doelgerigte opleiding impliseer nie, en ook nie slegs die primêre en sekondêre sillabusaspekte moet ontvang nie - maar dat daar veel eerder in opleiding aandag geskenk moet word aan 'n verwerwing van die "breër" kennis. Verkreë kennis impliseer ook geïnternaliseerde kennis en onderwysers moet kan terugleun op hierdie "kennisbank" indien verlang.
Hoe breër hierdie "kennisbank" des te beter kan die sillabusinhoude geskied. Bogenoemde impliseer egter ook dat 'n herevaluering van die huidige leerplaninhoude noodsaaklik is ten einde te bepaal hoe die tydsindeling kan bydra tot die aanbieding van sinvolle breër kennis.

4.3.6 Terminologie

Studente-in-opleiding moet bewus gemaak word van die belangrikheid van die korrekte terminologie in die onderskeie deeldissiplines van Liggaamlike Opvoedkunde. Korrekte terminologiese gebruik moet aangewend word in beide kolleges en universiteite en moet 'n toonbeeld wees van vakeenheid. Aandag moet geskenk word aan die hersiening, opknapping en uitbreiding van die handboek oor terminologie vir Liggaamlike Opvoeding. Dit sal meehelp tot groter koördinering op hierdie terrein.

4.3.7 Tydsbesteding in opleiding

Hierdie is 'n aspek wat groot kommer wek en is deels te wyte aan gebrekkige koördinering tussen die opleidingsentra.

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



Genoegsame onderrigtyd aan kolleges word benodig om universitêre akkreditasie te verwerf. Onderrigtyd varieër ten opsigte van die aantal lesure wat beskikbaar is per jaar per vak of deeldissipline. So spandeer kollege A byvoorbeeld vier periodes per week aan 'n betrokke jaargroep in die Senior Sekondêre/Primêre fase terwyl kollege B agt periodes per week aan dieselfde opleiding spandeer. Die betrokke universiteit speel ook 'n rol in die bepaling van die aantal periodes en tog verskil die eise van die onderskeie universiteite. Beter koördinering is noodsaaklik om te verseker dat 'n kernsillabus funksioneel benut kan word deur alle opleidingssentra.

Inhoude wat vroeër twintig en meer periodes per week geregverdig het, word tans aangebied in 'n vier tot agt periodes per weeksisteem. Dit moet sekerlik lei tot "afwatering" van die vakinhoudelike. Die vraag kan wel gevra word: Lei ons 'n spesialis in liggaamlike opvoeding op? Met die opleidingstyd tot ons beskikking en belangriker, met die indeling van vakinhoudelike prioriteite in die beskikbare tyd, is dit te betwyfel of die kolleges 'n onderwyser kan lewer wat opgewasse is vir die eise wat liggaamlike opvoeding aan hom stel.

## 4.4 AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN SKOOLGERIGTHEID

### 4.4.1 Omskrywing van bevoegdhede

In die vorige hoofstuk is daar aangedui dat daar nie duidelikheid is oor waarvoor 'n student gekwalifiseerd is ná sy opleiding nie. Dit is noodsaaklik dat die Onderwysdepartement baie duidelik sal aandui tot op watter vlak die onderwyser in liggaamlike opvoeding die vak mag aanbied ná sy opleiding voltooi is. Erkenning en kredietgewing aan onderwyskollegestudente deur universiteite is van geen waarde as die student nie ook die voorregte in die praktyk

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



kan smaak nie.

### 4.4.2 Addisionele kursusse in opleiding aan die onderwyskolleges

Onderwyskollegestudente moet volgens die huidige stelsel 'n magdom addisionele vakke bestudeer gedurende hul opleiding. Daar word verwag dat daar tot elf vakke per jaar bestudeer word. Daar moet oorweging daaraan geskenk word dat die opleidingstyd in sekere vakke ingekort word tot semestervakke in plaas van 'n jaarlange kursus. Dit impliseer dat die liggaamlike opvoeding student in vakke "buite" die veld van Liggaamlike Opvoedkunde onderrig sal ontvang in deeldissiplines wat direk bydra tot die suksesvolle aanbieding van liggaamlike opvoeding, so byvoorbeeld sal ortopedagogiek meer plek moet inneem as ander deeldissiplines van die opvoedkunde.

### 4.4.3 Kleiner skole

Daar moet vasgestel word wat die huidige stand van die vak by die kleiner skole is. Indien daar nie genoegsaam moontlikhede en entoesiasme is vir die aanbieding van die vak nie, moet daar geleenthede geskep word waarby die leerlinge van sulke skole ook die genot en waarde van liggaamlike opvoeding kan beleef.

## 4.5 AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN INLIGTINGSBEWARING

Aangesien daar tans nie 'n stelsel is waarvolgens gegewens aangaande vernuwing en geskiedkundige ontwikkeling bewaar word nie, sal dit in belang van die vak wees indien elke opleidingsinrigting hom sal beywer vir die daarstelling van 'n behoorlike argief vir Liggaamlike Opvoedkunde.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## 4.6 VERDERE ONDERSOEKE

Aangesien hierdie studie hoofsaaklik gebaseer is op die Universiteit en Onderwyskollege van Pretoria, wil die navorser aanbeveel dat 'n soortgelyke studie onderneem word by alle tersiêre inrigtings. As volledige inligting oor die skakeling op die onderskeie kampusse beskikbaar gestel kan word, sal daar besin kan word oor 'n eenvormige stelsel van opleiding in Transvaal.

Die studiekomitee vir Liggaamlike Opvoedkunde bespreek wel kurrikulum sake, maar dit het nodig geword om weer na die opleiding van onderwyser(esse) in liggaamlike opvoeding te kyk. Eenvormige opleiding moet noodwendig lei tot 'n sterker korps van liggaamlike opvoeding personeel by ons skole.

## 4.7 DIE EFFEK VAN DIE AANBEVELINGS OP DIE PRAKTYK

Die aanbevelings wat in die voorafgaande paragrawe gemaak is, sal beslis 'n invloed op die huidige praktyk hê. Beter skakeling tussen alle tersiêre inrigtings in Transvaal sal 'n noodwendigheid wees. Hieruit sal dan voortvloei dat die huidige leerplanne vir Liggaamlike Opvoedkunde aan onderwyskolleges hersien sal word. Die hersiene leerplan sal meer gekoördineerd wees en dus beter opleiding meebring. Die grootste bydrae wat gelewer kan word, is dat die vak liggaamlike opvoeding 'n herlewing sal geniet en tot sy reg sal kom op primêre skoolvlak.

Die uiteindelike doel waarna daar gestreef moet word, is dat eenvormige opleiding verskaf word op 'n manier wat funksioneel toepaslik sal wees vir die onderrig van die vak op primêre skoolvlak.

© University of Pretoria
Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



## HOOFSTUK 4 : LITERATUURLYS

1 Botha, J L : Die Liggaamlike Opvoedkunde: Geesteswetenskap? Publikasie van die Universiteit van Pretoria nr 85, Van Schaiks, Pretoria 1974

2 De Bruyn, N J : Liggaamsterapie in die ortopedagogiese hulpverlening - 'n liggaamspedagogiese ondersoek. Ongepubliseerde D.Ed. Universiteit van Pretoria 1982

3 Steyn, B J M : 'n Fundamentele begronding van 'n liggaamspedagogiese praktyk. Ongepubliseerde M.Ed(LO) verhandeling, Universiteit van Pretoria 1980

4 Van der Merwe, P A B : 'n Fundamentele begronding van liggaamspedagogiese strukture. Ongepubliseerde M.Ed (LO) verhandeling, Universiteit van Pretoria 1980

5 Van der Stoep, F : Dikatiese grondvorme. Academica, Pretoria/Kaapstad 1973

VERSLAE

6 Garbers, J G en medewerkers : Sport in die RSA. Verslag van die Hoofkomitee R G N. Sportondersoek Pretoria 1982

7 Nicol en medewerkers : Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie aangestel onder administrateurskennisgewing no 124 gedateer 3 Maart 1937. Staatsdrukker Pretoria 1939

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



8 Onderwysburo : Verslag oor die laerskool kurrikulum. Pretoria 1969

REFERATE

9 Andrews, B C : Concerns in Physical Education Teacher Training. Referaat gelewer tydens SAVLOR kongres 1982. Pretoria

10 Buys, F J : Bewegingsopvoeding - Bewegingskunde - Sportkunde? Referaat gelewer tydens SAVLOR kongres 1982. Pretoria

© University of Pretoria

Digitised by the Department of Library Services in support of open access to information, University of Pretoria, 2019